ASSESSORE: 'N PENOLOGIESE OORSIG

deur

ALTA PRETORIUS

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir
die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

PENOLOGIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF C H CILLIERS

MEDESTUDIELEIER: PROF G N BARRIE

NOVEMBER 1998

VOORWOORD

DANKBETUIGINGS

Alle eer aan God die drieënige vir Sy genade wat Hy op my geplaas het om hierdie ondersoek en studie moontlik te maak. In die besonder wil ek ook my dank uitspreek aan die volgende persone:

* My studieleier, prof Charl Cilliers en mede-studieleier, prof George Barrie vir die nodige leiding, ondersteuning en motivering.
* Elmien Marais, bibliotekaresse te Departement Justisie asook Talana Burger en Cathy Lourens te Unisa Biblioteek vir die hulp met die insamel van die data.
* Irma Brink vir die tegniese versorging van die vraelyste.
* Die personeel van die Landdroskantore wat betrokke was by die empiriese navorsing en sonder wie die studie nie moontlik sou gewees het nie.
* My ouers en skoonouers vir hul voorbidding en morele ondersteuning.
* Louwrens, Zahné en Jaco vir jul liefde, aanmoediging en belangstelling.

OPSOMMING

Die penologiese perspektief rakende die ontwikkeling, doel en funksionering van leke-assessore is die onderwerp van hierdie verhandeling.

Leke-deelname in die regsplegingstelsel kan terug-gevoer word na 1657. Deur die latere oorname van Engelse regsbeginsels, word die juriestelsel in die Suid-Afrikaanse reg geïnkorporeer. Na die afskaffing van die juriestelsel in 1969 berus die beantwoording van sowel feite- as regsvrae slegs by die voorsittende beampte. Hierdie situasie is as onaan-vaarbaar beskou en groter leke-deelname word bepleit.

Dit is egter eers in 1991 dat die aanwending van leke-assessore in die Suid-Afrikaanse regstelsel 'n realiteit word. Een van die voorvereistes vir die aanstel van assessore is dat die aanstelling dienstig vir die regspleging moet wees. Die vraag waarmee penoloë en juriste worstel, is of die aanwending van assessore tans wel bevorderlik vir gesonde regspleging is. Uit empiriese navorsing het dit geblyk nie die geval te wees nie. Derhalwe word 'n opleidingsprogram vir assessore voorgestel.

SUMMARY

The subject of this dissertation is a penological perspective on the development, purpose and functioning of lay assessors in the administration of justice.

The use of lay assessors can be traced back as far as 1657. As a result of the adoption of the British law principles, the jury system was incorporated in South African law.

After the abolition of the jury in 1969, the answering of factual and judicial questions resides in the presiding officer. This situation was unacceptable and lay participation was advocated.

The use of lay assessors became a reality in 1991. The prerequisite for the appointment of an assessor is that it should be expedient for the administration of justice. But are the use of lay assessors beneficial at this stage? From the empirical research it is evident that it is not beneficial at all and therefore the researcher recommends a training programme for lay assessors.

KEY TERMS:

Abolition of jury; Administration of justice; Appointment of assessor; Assessor; High court; Judicial officer; Jury; Lay assessor; Lay participation; Magistrate; Magistrate's court; Presiding officer; Question of law; Question of fact; Recusation; Trial

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
HOOFSTUK 1	
DIE ONDERSOEK	**1**
1.1. INHOUD EN ALGEMENE STREKKING VAN DIE ONDERSOEK	1
1.2. DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP	3
1.2.1. Die belangstelling van die ondersoeker	3
1.2.2. Die beskikbaarheid van bronne	4
1.2.3. Die noodsaaklikheid en wenslikheid van die ondersoek	4
1.3. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK	5
1.4. DIE INSAMELING VAN GEGEWENS	6
1.5. NAVORSINGSMETODES	7
1.5.1. Literatuurstudie	7
1.5.2. Empiriese navorsing	8
1.6. DIE BEGRENSING VAN DIE ONDERSOEK	9
1.6.1. Geografiese begrensing: literatuurstudie	9
1.6.2. Geografiese begrensing: empiriese navorsing	9
1.6.3. Kwalitatiewe begrensing	10
1.6.4. Tydsbegrensing	10
1.7. BEGRIPSOMSKRYWINGS	11
1.7.1. Assessor	11
1.7.2. Leke-assessor	11
1.7.3. Penologie	12

1.7.4. Voorsittende beampte 12

HOOFSTUK 2

OORSPRONG EN ONTWIKKELING VAN DIE ASSESSORE-STELSEL 13

2.1. INLEIDING 13

2.2. EUROPESE INVLOED 14

2.3. ENGELSE INVLOED 18

2.3.1. Regspleging en reg tydens die Eerste Britse Besetting (1795 - 1803) 18

2.3.2. Regspleging en reg tydens die Bataafse Bewind (1803 - 1806) 20

2.3.3. Regspleging en reg tydens die Tweede Britse Besetting (1806 - 1838) 22

2.4. REGSONTWIKKELING IN DIE ANDER PROVINSIES (1838 - 1910) 25

2.4.1. Natal 25

2.4.2. Transvaal 27

2.4.3. Oranje-Vrystaat 29

2.5. REGSONTWIKKELING IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA (1910 - 1961) 31

2.6. DIE POSISIE VAN DIE LEKE-ASSESSOR IN DIE SUID-AFRIKAANSE STRAFREGSPLEGING 36

2.7. SAMEVATTING 40

HOOFSTUK 3

DIE ONDERSKEID TUSSEN JURIESTELSELS EN ASSESSORESTELSELS **43**

3.1. INLEIDING 43

3.2. OMSKRYWINGS 44

3.2.1. Jurie en jurielid 45

3.2.2. Assessore 46

3.3. DIE TIPE PERSOON IN DIE AMP 47

3.3.1. Inleiding 47

3.3.2. Persone wat op 'n jurie kan dien 47

3.3.3. Die posisie van vroulike jurielede 49

3.3.4. Wie kan as assessor aangestel word? 51

3.4. DIE AANSTELLING VAN ASSESSORE EN JURIELEDE 55

3.4.1. Inleiding 55

3.4.2. Lede van die jurie 56

3.4.2.1. Dagvaarding deur die balju 56

3.4.2.2. Samestelling van die paneel 57

3.4.3. Assessore 58

3.4.3.1. Aanstelling deur "regterlike amptenaar" 58

3.4.3.2. Diskresionêre en gebiedende aanstellings 59

3.4.3.3. Stadium waarop aanstelling geskied 61

3.5. FUNKSIONERING GEDURENDE DIE VERHOOR 63

3.5.1. Die jurie 63

3.5.2. Assessore 66

3.6. VOOR- EN NADELE VAN DIE STELSELS 69

3.7. SAMEVATTING 74

HOOFSTUK 4

DIE FUNKSIONERING VAN DIE ASSESSORESTELSEL IN DIE HOWE **76**

4.1. INLEIDING 76

4.2. DIE AANSTELLING VAN ASSESSORE 76

4.2.1. Inleiding 76

4.2.2. Assessore in die hoërhowe 77

4.2.3. Assessore in die laerhowe 78

4.2.3.1. Algemeen 78

4.2.3.2. Wie word as assessore aangestel? 81

4.2.3.3. Deur wie word assessore aangestel? 84

4.2.4. Beswaar van beskuldigde teen die aanstel van assessore 86

4.2.4.1. Beswaar teen assessore in die algemeen 86

4.2.4.2. Beswaar teen 'n spesifieke assessor 87

4.2.5. Leke-assessore en die Grondwet, 108 van 1996 88

4.3. DIE POSISIE IN GEVAL VAN HALSMISDADE 91

4.4. BEEÏNDIGING VAN DIE DIENS VAN 'N ASSESSOR 95

4.4.1. Dood of onbekwaamheid 95

4.4.2. Rekusering 101

4.4. SAMEVATTING 104

HOOFSTUK 5

DIE ROL VAN DIE ASSESSOR IN DIE HOWE **106**

5.1. INLEIDING 106

5.2. DOEL EN FUNKSIE VAN ASSESSORE 106

5.3. FEITE- OF REGSVRAAG 108

5.3.1. Algemeen 108

5.3.2. Wat is 'n feitevraag? 110

5.3.3. Wat is 'n regsvraag? 111

5.3.4. Wanneer is dit 'n feitevraag en wanneer 'n regsvraag? 112

5.3.4.1. Skuld of onskuld van die beskuldigde 113

5.3.4.2. Toelaatbaarheid van getuienis 114

5.3.4.3. Toepassing van artikels 167 en 186 van die Strafproseswet, 51 van 1977 117

5.3.4.4. Ontslag van die beskuldigde na staat-saak 118

5.3.4.5. Aansoeke om borgtog of uitstel van verrigtinge 120

5.3.4.6. Ander prosesregtelike aangeleenthede 120

5.4. DIE OORKONDE 121

5.5. VONNISOPLEGGING 122

5.6. REDES VIR DIE UITSPRAAK 124

5.7. SAMEVATTING 126

HOOFSTUK 6

DIE GEBRUIK VAN ASSESSORE IN ANDER REGSTELSELS 127

6.1. INLEIDING 127

6.2. AFRIKA 127

6.2.1. Botswana 127

6.2.1.1. Geskiedkundige agtergrond 128
6.2.1.2. Huidige posisie van die assessor in Botswana 129
6.2.1.3. Gevolgtrekking 130
6.2.2. Nigerië 131
6.2.2.1. Die howe 131
6.2.2.2. Gevolgtrekking 133
6.3. ASIë 133
6.3.1. Rusland 133
6.3.1.1. Struktuur van die howe 134
6.3.1.2. Jurisdiksie 134
6.3.1.3. Regters en Assessore 135
6.3.1.4. Gevolgtrekking 136
6.4. EUROPA 136
6.4.1. Brittanje 137
6.4.2. Duitsland 138
6.4.2.1. Jurisdiksie van die howe 139
6.4.2.2. Assessore 140
6.4.2.3. Gevolgtrekking 141
6.4.3. Frankryk 142
6.4.3.1. Siviele howe 142
6.4.3.2. Strafhowe 145
6.4.3.3. Gevolgtrekking 147
6.4.4. Swede 148
6.4.4.1. Die struktuur van die howe 148
6.4.4.2. Leke-assessore 150

6.4.4.3. Gevolgtrekking 152

6.5. SAMEVATTING 152

HOOFSTUK 7

PENOLOGIESE OORSIG 154

7.1. INLEIDING 154

7.2. DIE WAARDE VAN LEKE-DEELNAME IN DIE STRAFREGSPLEGINGSTELSEL 154

7.3. EMPIRIESE NAVORSING 156

7.3.1. Respondente 156

7.3.2. Die aanstelling van leke-assessore en die dienstigheid vir die regspleging 158

7.3.3. Oor watter kennis moet 'n assessor beskik? 164

7.3.4. Beskik assessore tans oor voldoende kennis? 171

7.3.5. Watter tipe opleiding, indien enige behoort assessore te ondergaan? 173

7.3.6. Artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944 (soos gewysig) 177

7.3.7. Gemeenskapsbetrokkenheid in die regsplegingstelsel 181

7.4. AANBEVELINGS 183

7.4.1. Opleiding 183

7.4.2. Kurrikulum 184

7.4.3. Bemarking 184

7.4.4. Voorgestelde program 185

7.4.4.1. Algemeen 186

7.4.4.2. Bewysreg 186

7.4.4.3. Diversiteit van oortreders 186

7.4.4.4. Strafreg 187

7.4.4.5. Straf en die gevolge daarvan 187

7.4.4.6. Prosesreg 187

7.4.4.7. Samevatting 187

7.5. SLOT 188

BIBLIOGRAFIE **190**

LYS VAN TABELLE

TABEL		BLADSY
1.	Huidige amp, diensjare en kwalifikasies van respondente	157
2.	Die aanstelling van assessore en die dienstigheid daarvan vir die regspleging	159
3.	Aspekte waarvan assessore moet kennis dra	165
4.	Kennis van 'n assessor ten opsigte van die stellings gemaak in Tabel 3	171
5.	Geskikte opleiding aan assessore	173
6.	Ooreenkomste tussen die assessor en die beskuldigde	178

LYS VAN BYLAES

BYLAE		BLADSY
1.	Vraelyste aan beamptes van die hof	200
2.	Opdrag aan veldwerkers	204
3.	Kontrolelys vir veldwerkers	205
4.	Nota ter verduideliking aan respondente	206
5.	Lys van persone met wie persoonlike onderhoude gevoer is	207

HOOFSTUK 1

DIE ONDERSOEK

1.1. INHOUD EN ALGEMENE STREKKING VAN DIE ONDERSOEK

Met hierdie verhandeling word daar gepoog om 'n teoretiese uiteensetting van die aanwending van leke-assessore in die laerhof te gee. Die gebruik van leke-assessore in die regsplegingstelsel word vanuit 'n bepaalde oogpunt, naamlik die penologiese perspektief, benader.

Aangesien die ondersoek 'n teoretiese en praktiese aard het en 'n omvangryke ondersoekveld verteenwoordig, was dit vir die navorser nodig om die ondersoekveld af te baken ten einde die ondersoek wel prakties uitvoerbaar te maak (sien 1.6. hieronder). Smith (1971: 5) merk dan ook die volgende in hierdie verband op: "Die individuele ondersoeker is nie by magte om 'n vraagstuk in sy volle omvang en in al sy fasette te ontleed nie. Daarom is dit noodsaaklik dat enige navorsingsgebied sodanig afgebaken word dat die taak prakties uitvoerbaar is".

Die afbakening van die ondersoek het tot gevolg gehad dat die inhoud van die navorsingsverslag in sewe hoofstukke uiteengesit word. In Hoofstuk 1 word onder andere die inhoud, keuse, doel, insamel van gegewens, navorsingsmetodes en begripsomskrywings bespreek. Die oorsprong en ontwikkeling van die assessorestelsel geniet in Hoofstuk 2 aandag met spesifieke verwysing na die invloede van die Europese en Engelse regstelsels en die ontwikkeling wat die gebruik van assessore vanaf Uniewording in 1910 ondergaan het. Hoofstuk 3 sentreer rondom die onderskeiding tussen 'n juriestelsel en 'n assessorestelsel. Aandag word veral geskenk aan die tipe persoon wat die amp vervul, die wyse waarop aanstelling geskied asook funksionering gedurende die verhoor. In Hoofstuk 4 word die sisteem van assessore in die howe bespreek met verwysing na die aanstelling van 'n assessor en die beeïndiging van sy diens. In Hoofstuk 5 word die rol van die assessor in die hofproses onder die loep geneem. Die aanwending van assessore in die Suid-Afrikaanse reg en leke-deelname in die regstelsels van ander lande word in Hoofstuk 6 bespreek. Hoofstuk 7 bestaan uit 'n penologiese beskouing van die toepassing van die assessorestelsel na aanleiding van 'n opname deur die navorser onderneem asook 'n samevatting van die

vernaamste gevolgtrekkings en bevindinge in hierdie verhandeling.

1.2. DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Volgens Smith (1971: 1) is die keuse van die navorsingsonderwerp nie alleen die eerste stap in die verloop van enige navorsingsproses nie, maar ook een van die belangrikste fasette. In die keuse van die onderwerp het die navorser die volgende drie aspekte as toonaangewende vertrekpunte gebruik:

* die belangstelling van die ondersoeker
* die beskikbaarheid van bronne
* die noodsaaklikheid en wenslikheid van die ondersoek

1.2.1. Die belangstelling van die ondersoeker

Belangstelling in die penologie in die algemeen en die regsplegende penologie, wat hom besig hou met die hofproses, beginsels van vonnisoplegging en strafvorme in die besonder, was van die belangrikste oorweginge by die keuse van die onderwerp. Die belangstelling word verder geprikkel deur die heersende faktore wat tans die studieterrein van die penologie beïnvloed, soos die eskalasie van misdaad,

die beregting van verskillende kategorieë oortreders en die oorbevolkingsprobleme in gevangenisse.

1.2.2. Die beskikbaarheid van bronne

Aangesien die hofproses 'n besondere afdeling van die regsplegende penologie verteenwoordig en ook omdat daar op sowel die gebied van die strafprosesreg as die penologiese terrein weinig oor die gebruik van assessore in die laerhowe geskryf is, het dit as verdere beweegrede vir die keuse van die onderwerp gedien. Trouens, die wetenskaplike bronne oor die onderwerp hier ter lande is so skaars soos die spreekwoordelike hoendertande.

1.2.3. Die noodsaaklikheid en wenslikheid van die ondersoek

Sover bekend is hierdie ondersoek die eerste literatuurstudie op díe besondere terrein. Daar het wel tydskrifartikels in hierdie verband verskyn maar geen volledig gedokumenteerde stuk het oor die onderwerp die lig gesien nie. Ook is leke-deelname in die Suid-Afrikaanse regstelsel nog nie in perspektief gestel ten opsigte van ander lande nie. Uit ondersoeke het dit geblyk dat die onderwerp belangrik is

vir funksionarisse binne die strafregsplegingstelsel en daarom is verdere studie op die terrein noodsaaklik.

By die keuse van die onderwerp het die vraag by die navorser ontstaan of die gebruik van leke in die hof wel bevorderlik is vir gesonde regspleging. In Hoofstuk 7 word daar dan ook gepoog om hierdie vraag te beantwoord deur die rol van die assessor in die hofproses in penologiese perspektief te plaas.

1.3. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Steyn (1958: 4) is van mening dat die blote versameling van materiaal nie altyd kennis veronderstel nie en kennis nie altyd insig meebring nie. Slegs die analitiese verwerking van die materiaal met die daarmee gepaardgaande gevolgtrekkings kan tot die verdieping van kennis en insig lei. Derhalwe kan alle versamelde data nie in 'n verslag weergegee word nie, maar slegs die noodsaaklikste en belangrikste gegewens ten einde die onderskeie doelstellings te bereik.

Die doelstellings wat met hierdie ondersoek beoog word, is tweeledig. In die eerste plek is die doel

om tot kennis en insig, met betrekking tot die vraagstuk wat bestudeer word, te kom.

Die tweede doel met die ondersoek is om die verkreë kennis tot die beskikking van die penologiestudent te stel en om 'n bydrae te lewer tot die Suid-Afrikaanse sowel as die Afrikaanse vakliteratuur van die penologie en die strafprosesreg.

Die navorser wil nie alleen bydra tot die uitbreiding van insig nie, maar wil ook dien tot beskeie voorligting van ander ondersoekers, studente en persone betrokke by strafregspleging.

1.4. DIE INSAMELING VAN GEGEWENS

In 'n geesteswetenskaplike ondersoek sal die aard van die ondersoek die metodes wat aangewend sal word om inligting te versamel, bepaal (Cilliers 1980: 5). Hierdie navorsingsverslag is sowel histories as vergelykend van aard en derhalwe in sy wese 'n literatuurstudie.

Aan gesaghebbende literatuur oor die gebruik van assessore, ontbreek dit heeltemal en daar kon nie 'n geheelbeeld van die onderwerp uit die literatuur ver-

kry word nie. Die navorser moes die betrokke dele saamsnoer ten einde 'n eenheid te kon vorm.

1.5. NAVORSINGSMETODES

Volgens Jansen Van Vuuren (1992: 3) kan bepaalde navorsingsprosedures en -tegnieke gebruik word om sekere waarneembare feitelikhede binne 'n bepaalde teoretiese raamwerk objektief te ontleed, te beskryf en te verklaar. Die navorser het van 'n literatuurstudie sowel as empiriese navorsingsmetodes gebruik gemaak om hierdie doel te verwesenlik.

1.5.1. Literatuurstudie

Volgens Van Der Walt (1954: 20) word met 'n literatuurstudie bedoel die bestudering van gepubliseerde bronne, onder andere boeke, verslae, tydskrifte, statistieke, kodelyste en ander dokumente. Die doel van 'n literatuurstudie is om kennis te verkry omtrent reeds bestaande inligting op die ondersoekgebied en om dit tot 'n eenheidsbeeld saam te voeg en tot 'n wetenskaplike produk te orden.

Nie alleen moes die inligting uit die bronne korrek weergegee word nie, maar die navorser moes dit ook

objektief beoordeel. Die navorser het die betroubaarheid van die gegewens probeer toets deur die inhoud van die verskillende bronne te vergelyk en dit deur, naas eie besinning, in onderhoude met die studieleiers, professionele assessore en juriste, te bespreek.

1.5.2. Empiriese navorsing

Om feitelike inligting in te win is van vraelyste en ongestruktureerde onderhoudvoering gebruik gemaak. Die vrae gestel in die vraelyste en onderhoude het betrekking op die globale beeld van die gebruik van assessore. Vrae is gestel om die kennis, beeld en opleiding wat noodsaaklik is vir die aanwending van leke-assessore in die landdroshowe, te probeer peil.

Die navorser is bewus van die beperkinge op 'n ondersoek van hierdie aard. Dit is onmoontlik om alle vrae te stel wat op hierdie ondersoek van toepassing is en ook kan alle regsgeleerdes onmoontlik by die ondersoek betrek word. Dit is egter die navorser se beskeie mening dat die respondente wat by die ondersoek betrek is, die vrae wat in die vraelyste en onderhoude gestel is, die response en die

ontleding daarvan, die doelwitte van die ondersoek verwesenlik.

1.6. DIE BEGRENSING VAN DIE ONDERSOEK

Hoewel die vraagstuk besonder wyd is, moes daar tog perke aan die ondersoek gestel word. Begrensing kan op twee gebiede onderskei word, naamlik geografies en kwalitatief.

1.6.1. Geografiese begrensing: literatuurstudie

Vir die doeleindes van die vergelykende studie word die volgende lande bespreek, naamlik Botswana, Nigerië, Rusland, Brittanje, Duitsland, Frankryk en Swede. Die rasionaal vir die bespreking van die lande is daarin geleë dat inligting makliker oor díe stelsels bekombaar was as ander stelsels.

1.6.2. Geografiese begrensing: empiriese navorsing

Slegs die volgende landdroskantore word by die ondersoek betrek, naamlik Brits, Bronkhorstspruit, Potgietersrus, Pretoria-Noord, Rustenburg en Sos-hanguve.

1.6.3. Kwalitatiewe begrensing

Die ondersoek word beperk tot persone wat in die regsberoep staan. Aangesien leke-assessore nie dikwels aangewend word nie, het die navorser besluit om vir die doel van hierdie ondersoek slegs die waarneming van professioneel opgeleide hofbeamptes ten opsigte van die aanstelling van assessore te verkry.

Aangesien die ondersoek dus uitsluitlik die beeld van die juriste weerspieël, word daar aanbeveel dat 'n soortgelyke ondersoek ook onder leke-assessore geloods word ten einde 'n totale beeld van die kennis en vaardighede waaroor 'n leke-assessor moet beskik, te verkry.

1.6.4. Tydsbegrensing

Uit die aard van die ondersoek was dit ook vir die navorser nodig om 'n tydsbeperking aan die insameling van literatuur te stel. Die proses van stofinsameling het gedurende Julie 1997 'n aanvang geneem en alle tersaaklike inligting is ingesamel en toegepas tot September 1998.

1.7. BEGRIPSOMSKRYWINGS

Volgens Cilliers (1980: 10) is daar gewoonlik twee soorte begrippe wat omskryf word, naamlik nuwe begrippe wat betreklik onbekend is en bekende begrippe, maar wat vir die doeleindes van die ondersoek 'n bepaalde betekenis het of moet hê en aansluitend hierby begrippe wat die kern van die ondersoek vorm en ter wille van duidelikheid weer omskryf moet word. Onder nuwe begrippe sal die begrip leke-assessor omskryf word terwyl die begrippe assessor, voorsittende beampte en penologie in laasgenoemde verband omskryf word.

1.7.1. Assessor

Volgens artikel 145 van die Strafproseswet, 51 van 1977, is 'n assessor iemand wat, na die oordeel van die regter wat by 'n verhoor voorsit, ondervinding van die regspleging het of bedrewe is in 'n aangeleentheid wat by die verhoor oorweeg mag word.

1.7.2. Leke-assessor

'n Leke-assessor is 'n persoon wat geen besondere ondervinding van die regspleging het nie (Anoniem 1: 11).

1.7.3. Penologie

Penologie is die studie van straf, die hantering van oortreders en die korrektiewe aspekte van die regsplegingstelsel. Dit hanteer die teoretiese beginsels van straf, die strafoogmerke, hofprosedures, die aanhouding en hantering van oortreders en alternatiewe vonnisse soos gemeenskapsgebaseerde vonnisse.

1.7.4. Voorsittende beampte

Die voorsittende beampte by 'n hoërhof is 'n regter en by 'n laerhof 'n landdros (Joubert 1998: 183-184). Die navorser verkies om telkens die woord voorsittende beampte te gebruik in plaas van regter of landdros.

HOOFSTUK 2

OORSPRONG EN ONTWIKKELING VAN DIE ASSESSORESTELSEL

2.1. INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse reg het deur die oorname van Europese en Engelse regsbeginsels tot stand gekom. Hierdie oorname van regsbeginsels was 'n tydsame proses wat reeds in 1652, met die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap, 'n aanvang geneem het. Sedert 1652 is regsbeginsels uitgebrei, gewysig en aangepas by die veranderde omstandighede van die gemeenskap deur middel van wetgewing, regspraak en in 'n mindere mate deur middel van gewoonte. In hierdie hoofstuk sal daar gekyk word na faktore wat daartoe bygedra het dat die gebruik van assessore aanklank gevind het in die Suid-Afrikaanse howe. Die aanwending van assessore vorm deel van die strafregsplegingstelsel van Suid-Afrika en daarom het die navorser dit nodig geag om ook 'n breë geskiedkundige oorsig oor die ontstaan van die strafregspleging in die geheel te gee. Die klem word veral geplaas op die Europese en Engelse invloede in die Kaap vanaf 1652. Daar word ook kortliks gekyk na die regsontwikkeling wat vanaf 1836 in die ander provinsies

plaasgevind het. Laastens word aandag geskenk aan die ontwikkeling wat die gebruik van assessore in die howe ondergaan het vanaf 1910. In die besonder word op die posisie van die leke-assessor gelet, daar dit ontstaan het as gevolg van die veranderde omstandighede van die gemeenskap.

2.2. EUROPESE INVLOED

In die vyftiende eeu soek Portugese seevaarders, onder die aansporing van Prins Hendrik die Seevaarder, na 'n seeroete om Afrika na die Ooste. Bartolomeus Diaz slaag in 1488 daarin om om die Kaap van Storms te vaar. Dit is egter eers in 1498 dat Vasco Da Gama om die Kaap vaar tot by Indië. Tussen 1595 en 1597 slaag Cornelis De Houtman van Nederland ook daarin en dit het tot gevolg dat daar verskeie klein maatskappye in die Republiek van die Verenigde Nederlande ontstaan met die doel om handel te dryf met die Ooste. In 1602 is hierdie mededingende maatskappytjies verenig om die magtige *Verenigde Oost-Indische Compagnie*, kortliks genoem die *VOC*, te vorm (De Vos 1992: 226).

Op 6 April 1652 stap Jan Van Riebeeck as amptenaar in diens van die *VOC* in Tafelbaai aan land. Sy opdrag

van die *VOC* is om 'n verversingspos op te rig. Streng gesproke het Tafelbaai binne die ontginnings-gebied van die Wes-Indiese Kompanjie geval en dit is ook nie lank nie of die Wes-Indiese Kompanjie maak aanspraak op die Kaap. Die State-Generaal het egter ingegryp deur die ontginningsgebied van die Wes-Indiese Kompanjie langs die Weskus van Afrika te beperk tot die dertigste graad suid van die ewenaar. Dit het tot gevolg dat die Kaap, in weerwil van sy ligging, onder die bestuur van die Oos-Indiese Kompanjie bly (De Wet 1958: 162).

Aanvanklik is die regspleging in die hande van die kommandeur, Jan Van Riebeeck, gelaat (Venter et al. 1990: 24). Van Riebeeck is egter van geen instruksies voorsien oor die saamstel van 'n regspekende raad of selfs 'n bestuursraad nie. Gelukkig was hy 'n ervare amptenaar van die *VOC* wat geweet het hoe daar op 'n buitekantoor te werk gegaan moes word. Vanuit die staanspoor stel hy dan ook 'n raad uit die senior amptenare in sy gevolg saam, wat regsprekend en verordenend optree. Verslae van hierdie bedrywighede is van tyd tot tyd na Batavia en Nederland gestuur en daar kan dus aangeneem word dat sy handelswyses deur sowel die Here Sewentien as die Raad van Indië bekragtig is (De Wet 1958: 164).

By regspleging het die kommandeur hom hoofsaaklik op die *Artyckelbrief* verlaat. Die *Artyckelbrief* het die reëls en regulasies met betrekking tot die diens van die HOIK se oorsese werknemers uiteengesit. Nie alleen het dit gedien as dissiplinêre kode van die *VOC* nie, maar dit was ook die primêre regsbron waarvolgens wet en orde in die tyd van Jan Van Riebeeck gehandhaaf is (Hosten et al. 1977: 187). Volgens Venter et al. (1990: 25) is daar aanvanklik nie veel aandag geskenk aan die aard van die regspleging nie. Die rede hiervoor is dat Jan Van Riebeeck se hoofdoel aan die Kaap slegs was om 'n verversingspos op te rig.

In 1656 besef die Here Sewentien asook die Raad van Indië dat Van Riebeeck en sy raad van twee of drie lede nie die administratiewe sowel as juridiese funksies aan die Kaap, effektief kan uitoefen nie (Van Zyl 1979: 429). Sodoende word 'n skeiding van funksies bewerkstellig. 'n "Dagbestuur", bestaande uit Van Riebeeck, die sersant en die boekhouer, is in beheer van die administratiewe- en bestuursfunksies geplaas, terwyl regsake deur 'n "Justisie en Krygsraad" afgehandel is. Hierdie raad het uit die "Dagbestuur" en drie ander amptenare, naamlik die konstabel en twee korporaals, bestaan. Reeds vanaf

1657 is 'n vryburger uit die geledere van die nederseters aangewys om op die "Justisie en Krygsraad" sitting te hê in gevalle waar die belange van die nederseters geraak word. Hierdie burger-verteenwoordiging is in 1658 uitgebrei toe daar aan twee vryburgers sittingsreg op die gemelde raad verleen is (Van Zyl 1979: 429). Die gebruikmaking van assessore is niks anders as burger-verteenwoordiging ofte wel gemeenskapsbetrokkenheid nie en derhalwe kan aangeneem word dat hierdie sittingsreg van vryburgers op die "Justisie en Krygsraad", die ontstaan van die assessorestelsel was.

In 1685 is die *Raad van Justitie* ingestel (Hosten et al. 1977: 187). Die raad het bestaan uit dertien lede naamlik die *"secunde"* as voorsitter, ses *VOC*-amptenare en ses burgers. Lidmaatskap is as 'n eer beskou en lede het geen vergoeding vir hul dienste ontvang nie (Van Zyl 1979: 430). Tot aan die einde van die sewentiende eeu bestaan die *Raad van Justitie* uit leke en nie uit regsgeleerdes nie. Volgens Hosten et al. (1977: 187) is dit slegs een van die feite wat 'n mens tot die gevolgtrekking laat kom dat die regspleging van die Kaap gedurende die agtiende eeu maar redelik primitief was en alles behalwe behoorlik georden.

Op 16 September 1795 beset Groot Brittanje, as uitvloeisel van die oorlog tussen Frankryk en Brittanje, die Kaap. Dit bring 'n einde aan die *VOC*, wat op 1 Maart 1796 ontbind, se bewind aan die Kaap (De Vos 1992: 237). Die toepassing van die reg bly egter voortbestaan soos onder die bewind van die *VOC*, en dus kan aanvaar word dat die aanwending van assessore steeds voorgekom het en wel in die vorm van burgerverteenwoordiging.

2.3. ENGELSE INVLOED

2.3.1. Regspleging en reg tydens die Eerste Britse Besetting (1795 - 1803)

Die reg wat aan die einde van die *VOC* se bewind in die Kaapkolonie gegeld het, bly voortbestaan na die Eerste Britse Besetting (De Vos 1992: 238). Ook die *Raad van Justitie*, nou genoem die *Court of Justice*, is ooreenkomstig 'n proklamasie, gedateer 24 Julie 1797, weer ingestel soos wat dit vroeër onder die *VOC* gefunksioneer het. Die Romeins-Hollandse reg is in sowel siviele- as strafsake toegepas (Hosten et al. 1977: 195). Volgens Van Zyl (1979: 444) sou regspleging geskied "*in the same manner as has been customary till now, and according to the Law,*

Statutes and Ordinances which has been in force in this Colony". Die bestaande reg en administrasie van die reg sou dus bly voortbestaan, tensy dit spesifiek "*for the general benefit*" gewysig moes word.

Op 30 Desember 1796 het goewerneur Macartney, met die aanvaarding van sy amp aan die Kaap, dit egter nodig geag om sekere veranderinge aan te bring. Eerstens het hy die getal lede van die *Raad van Justitie* verminder van dertien na sewe, hoewel slegs vyf lede voldoende sou wees vir 'n kworum. Waar enige van die permanente lede van die Raad om die een of ander rede nie by 'n sitting teenwoordig kon wees nie en 'n kworum dus sou ontbreek, kon die voorsitter van die Raad lede van die burgerraad koöpteer om as assessore op die *Raad van Justitie* te dien. Lidmaatskap van die Raad was lewenslank. Vir die diens het die lede salarisse ontvang (Van Zyl 1979: 444-445).

Op 27 Maart 1802 sluit Brittanje en Frankryk 'n vredesverdrag waarvolgens die Kaap aan Nederland teruggegee moet word. Soos reeds genoem is die *VOC* egter in 1796 ontbind (sien 2.2. hierbo). Die ou Republiek van die Verenigde Nederlande is omskep in die Bataafse Republiek. Die Kaap het dus nou onder die

beheer en bestuur van die Bataafse Republiek geval (De Vos 1992: 239).

2.3.2. Regspleging en reg tydens die Bataafse Bewind (1803 - 1806)

In 1803 het kommissaris-generaal De Mist tot sy amp as verteenwoordiger van die Bataafse Republiek toegetree. Uit sy voorgestelde hervormingsmaatreëls blyk dit duidelik dat hy die *Bataafsche Republiek* tot 'n verligte beleid wou aanspoor (Van Zyl 1979: 446).

Belangrike veranderinge is tydens die kort tydperk van Bataafse liberalisme in die regspleging aangebring. In die eerste plek is die *Raad van Justitie* in sy ou vorm, vervang deur 'n liggaam bestaande uit sewe professionele juriste wat onafhanklik van die uitvoerende raad was (Hosten et al. 1977: 195). Dit blyk dat daar glad nie gedurende die Bataafse Bewind van assessore gebruik gemaak is nie. Deurdat die *Raad van Justitie* in sy ou vorm vervang is, is daar nie meer voorsiening gemaak vir burger-verteenwoordiging nie. Die amp van fiskaal is ook afgeskaf en die vervolging van misdade berus nou by 'n *procureur-generaal* (Hosten et al. 1977: 195). De Mist maak verder ook voorsiening vir behoorlik gekwa-

lifiseerde regspraktisyns. Advokate en prokureurs moes voortaan deur die Raad van Justisie toegelaat word en regsopleiding aan een van die Nederlandse universiteite ontvang het (De Vos 1992: 241).

Alhoewel daar 'n hervormde prosedure-stelsel beoog is, het daar nie veel van De Mist se hervormingsvoorstelle gekom nie (Van Zyl 1979: 448). Die rede hiervoor is dat die Kaap in 1806 weer deur Brittanje beset is en dat die voorstelle nooit tot uitvoer gebring is nie (Venter et al. 1990: 30). Die kriminele sowel as die siviele prosedure bly dus onveranderd (Van Zyl 1979: 448).

Ook Van Zyl & Van Der Vyver (1982: 210) is van mening dat die reg wat op 10 Januarie 1806 aan die Kaap gegeld het, dieselfde was as die reg wat in September 1795 gegeld het. Dit is naamlik die gemenereg van die provinsie Holland, aangevul deur die Oktrooi van 1661, en sodanige ander verordeninge as wat deur gewoonte aanvaar is. Daar kan dus aangeneem word dat die Raad van Justisie weer na sy ou vorm teruggekeer het. Sodoende word assessore, in die vorm van burger-verteenwoordiging op die Raad van Justisie, aangetref.

2.3.3. Regspleging en reg tydens die Tweede Britse Besetting (1806 - 1838)

In Januarie 1806 word die Kaap 'n tweede keer deur Engeland verower (Van Zyl & Van Der Vyver 1982: 211). Die Romeins-Hollandse reg oorleef egter hierdie verowering op grond van 'n reël van die Britse staatsreg wat as volg in *Campbell v Hall*, (1744) 1 Cowper 204; 98 ER 1045, geformuleer is, nl.:
"... the laws of a conquered country continue in force until they are altered by the conqueror ... the king has power to alter the old and to introduce new laws in a conquered country ...".

Mettertyd raak dit egter problematies om suiwer Romeins-Hollandse regsbeginsels binne die Britse staatsopset toe te pas (Venter et al. 1990: 30). Die Britse regering benoem dan ook in 1823 'n tweemankommissie, bestaande uit die here Bigge en Colebrooke, om die regswese in die Kaap te ondersoek en probleme binne die kolonie te identifiseer. Die kommissarisse moes die bestaande regstelsel ondersoek en aanbevelings maak aangaande enige veranderinge wat hulle as noodsaaklik beskou het (Hosten et al. 1977: 197). Na aanleiding van die verslag van hierdie tweemankommissie besluit die Britse regering om oor

te skakel na Engelse reg. Die Romeins-Hollandse reg sou egter nie eensklaps afgeskaf word nie, maar 'n geleidelike oorskakeling van Romeins-Hollandse reg na Engelse reg sou plaasvind (Van Zyl & Van Der Vyver 1982: 212).

Die oorskakeling na Engelse reg begin dan ook deur 'n duidelike beleid van verengelsing op alle terreine, insluitende díe van die regspleging, toe te pas (Venter et al. 1990: 30). Vanaf 1 Januarie 1827 is slegs Engels in regsprosesse en regsdokumentasie toegelaat. In 1884 word die gebruik van Nederlands in die howe egter opsioneel, en vanaf 1908 word dit weer in ere herstel as een van die amptelike hoftale (Van Zyl 1979: 450).

Bigge en Colebrooke beveel verder ook aan dat die hofstelsel radikaal gewysig moet word. As gevolg van hierdie aanbeveling is die Eerste Oktrooi van Justisie (*First Charter of Justice: 1827*), op 1 Januarie 1828, uitgevaardig. Die vernaamste bepaling hierin was dat 'n hooggeregshof ingestel sou word (Van Zyl 1979: 451). 'n Verdere Oktrooi (*Second Charter of Justice: 1832*) is op 1 Maart 1834 in werking gestel. Die *Court of Justice* is vervang deur die Kaapse Hooggeregshof waarin hoofsaaklik Engelse

regters gedien het. Romeins-Hollandse reg is steeds as die geldende reg aanvaar en die Britse regering het 'n versoek dat 'n skeiding tussen *common law* en *equity* ingestel moet word, afgewys (Venter et al. 1990: 31).

Verskeie Engelse regsbeginsels word egter deur wetgewing ingevoer. Voorbeelde hiervan is Ordonnansie 40 van 1828 wat bepaal dat die strafprosedure nog meer gewysig moet word. Dit het tot gevolg dat die strafprosesreg meer in ooreenstemming met die Engelse strafproses raak (Venter et al. 1990: 32).

Ordonnansie 40 van 1828 dui verder ook aan dat die Britse regeerders nie by die 1827-Oktrooi (*First Charter of Justice*) sou volstaan nie, maar steeds aanpassings en wysigings teweeg wou bring. By wyse van Ordonnansie 72 van 1830 word die juriestelsel dan ook ingestel. Die Groot Jurie (*Grand Jury*) wat uit nege tot sewentien lede bestaan het, was tot 1891 vir sekere sake verpligtend. Daarna is dit egter afgeskaf en die gebruik van 'n jurie het opsioneel geword (Van Zyl 1979: 451). Die juriestelsel is egter eers onlangs deur Wet 34 van 1969, heeltemal afgeskaf. Buiten dat die jurie uit meer persone bestaan het,

toon dit groot ooreenkomste met die assessorestelsel (sien Hoofstuk 3).

Volgens De Wet (1958: 240) vorm die Oktrooi vandag steeds die grondslag van die regspleging in die Kaap-provinsie. Die Romeins-Hollandse reg het ook, in weerwil van die voornemens om dit mettertyd af te skaf, die reg van die Kaapkolonie gebly. Vanuit die ou Kolonie het dit die gemene reg van Suid-Afrika geword (Van Zyl & Van Der Vyver 1982: 212).

2.4. REGSONTWIKKELING IN DIE ANDER PROVINSIES (1838 - 1910)

Die uitbreiding van die Romeins-Hollandse reg oor die res van Suid-Afrika het in 1836 begin (De Vos 1992: 250). Die Voortrekkers het die ou Kolonie verlaat om hulle eie republieke in die binneland te stig. Sodoende is die Romeins-Hollandse reg na buite die grense van die ou Kolonie gedra (De Wet 1958: 241). Vervolgens word daar kortliks gelet op die regs-ontwikkeling in Natal, Transvaal en die Oranje-Vrystaat.

2.4.1. Natal

In Natal was die strafproses grootliks op die lees van die Kaapse strafproses geskoei en die Kaapse *Charter of Justice* en Ordonnansies van 1828 en 1830 het die hoeksteen van die Natalse strafprosesstelsel gevorm (Snyman en Morkel 1988: 10). Volgens Venter et al. (1990: 32) het regspleging in die Republiek van Natalia vanaf 1838 Romeins-Hollandse beginsels as grondslag gehad. Die belangrikste voorstelle van De Mist ter wysiging van die regspraktyk soos aan die begin van die negentiende eeu in die Kaap toegepas, is in die *Magistraatsinstruksies* vervat. Hierin word nie na die Kaapse regsprosedure verwys nie, maar wel na die Hollandse regsprosedure. Sedert 1841 is hierdie instruksies egter gewysig sodat die Kaapse regsprosedure nagevolg is (Venter et al. 1990: 32).

In 1844 word Natal deur die Britse regering by die Kaapkolonie ingelyf. Bevoegdheid word aan die Kaapse regering verleen om vir Natal wette te maak. In 1845 verorden die *Goeverneur* en Wetgewende Raad van die Kaap dat "... *the system, code, or body of law commonly called the Roman-Dutch Law, as the same has been and is accepted and administered by the legal tribunals of the Colony of the Cape of Good Hope* ..." in Natal van toepassing is (De Wet 1958: 242). Ook volgens Hosten et al. (1977: 201) is die regstelsel

van Natal nou dieselfde as díe van die Kaapprovinsie naamlik Romeins-Hollandse reg soos gewysig deur die Engelse prosesregtelike wette.

Alhoewel Natal in 1856 tot afsonderlike kolonie verklaar is, is daar aan die einde van die negentiende eeu maar min verskille te bespeur tussen die Kaapse en Natalse regstelsels (De Wet 1958: 242). Daar kan dus aangeneem word dat daar nie van assessore nie, maar wel van 'n jurie gebruik gemaak is in die howe, aangesien die regstelsel van Natal dieselfde was as díe van die Kaapprovinsie.

2.4.2. Transvaal

Die reg wat vanaf 1838 tot 1844 in Transvaal toegepas is, het ooreengestem met die reg in die Republiek van Natalia. Die rede hiervoor was die feit dat die Adjunkraad van Potchefstroom aanvanklik aan die Natalse Volksraad onderhorig was. Na die inlywing van Natal by die Kaap en die totstandkoming van die *Zuid-Afrikaansche Republiek*, is die Drie-en-dertig Artikels (1844), in 1849 aanvaar (Venter et al. 1990: 33). Ingevolge artikel 31 hiervan is die *Hollandsche Wet* as die uitgangspunt van die regspleging in die

Republiek aanvaar. Dit dui op die strewe na 'n onafhanklike regsisteem (Hosten et al. 1977: 202).

Volgens die Transvaalse Grondwet van 1858 het die regsprekende mag by landdroste, heemrade en juries berus. Die Engelse invloed op die strafproses het egter nie agterweë gebly nie en 'n dag na die aanvaarding van die Transvaalse Grondwet van 1858, is *Bijlage No 3*, wat 'n kort strafproseskode bevat, aanvaar. Hierdie strafproseskode het ook 'n stelsel van jurieverhore en die akkusatoriese benadering tot die strafprosesreg geïnkorporeer (Snyman & Morkel 1988: 10).

In 1877, na die eerste Britse besetting van die Transvaal, word 'n *High Court of Justice*, wat uit 'n enkele regter bestaan, ingestel. Strafverhore voor hierdie hof is voor 'n regter en 'n jurie wat uit nege lede bestaan het, waargeneem (Snyman & Morkel 1988: 11).

Na die tweede anneksasie van Transvaal is heelwat van die Transvaalse wette en volksraadsbesluite egter herroep. Hieronder was ook die Drie-en-dertig Artikels en die bekragtiging daarvan. Artikel 17 van Proklamasie 14 van 1902 bepaal egter dat: *"The Roman*

Dutch Law except in so far as it is modified by legislative enactments shall be the law of this Colony" (De Wet 1958: 247-248). Uit die voorafgaande bespreking blyk dit duidelik dat daar ook in Transvaal nie van assessore gebruik gemaak is nie, maar wel van 'n jurie.

2.4.3. Oranje-Vrystaat

Volgens Van Zyl (1979: 466) toon die vroeë staatkundige geskiedenis van die Oranje-Vrystaat in talle opsigte 'n ooreenkoms met díe van Transvaal. Na die anneksasie van Natal in 1843 was die Drie-en-dertig Artikels dan ook van toepassing. Op 3 Februarie 1848 word die gebied tussen die Vaal- en Oranjerivier deur Brittanje geannekseer. In ooreenstemming met die Britse beleid dat 'n verowerde land of gebied se reg bly voortbestaan totdat dit uitdruklik gewysig word (sien 2.3.3. hierbo), word bepaal dat die Romeins-Hollandse reg van toepassing sou wees (Van Zyl 1979: 467).

Toe die Britse regering in 1853 begin om die Oranje-Vrystaat te ontruim, word afgevaardigdes gestuur om met die verteenwoordigers van die Britse regering te onderhandel. In die volmag van die afgevaardigdes is

bepaal dat die "... *Romeinsch-Hollandsch Recht de grondwet dezer volksplanting zal zijn* ..." (De Wet 1958: 245).

In die Oranjevrijstaat is die Romeins-Hollandse reg dus by wyse van proklamasie erken (Venter et al. 1990: 34). Die Volksraad het die term Romeins-Hollandse reg omskryf as die regstelsel wat voor 1 Januarie 1828, met ander woorde voor die aanstelling van Engelse regters, in gebruik was aan die Kaap (Hosten et al. 1977: 202). Volgens Snyman & Morkel (1988: 11) het ook die Vrystaatse strafproses hom sterk onder die invloed van die Engelse reg bevind aangesien daar op die gebied van die strafproses sterk gesteun is op die Engelsregtelike Kaapse Ordonnansies. Dit het onder andere tot gevolg gehad dat die Vrystaat in 1854 'n jurie met 'n ledetal van nege, gekry het (Hiemstra 1967: 128).

In Suid-Afrika het daar dus tot uniewording op 31 Mei 1910, vier Britse kolonies onafhanklik van mekaar bestaan. Alhoewel die Romeins-Hollandse reg in elk-een van die provinsies toegepas is, het die Engelse reg onmiskenbaar 'n invloed op die strafprosesreg uitgeoefen. Dit blyk ook dat daar nie in een van die

provinsies meer van assessore gebruik gemaak is nie, maar wel van 'n jurie.

2.5. REGSONTWIKKELING IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA (1910 - 1961)

Die vier kolonies word tot die Unie van Suid-Afrika verenig deur die Zuid-Afrika Wet van 1909 (9 Edw 7 c 9). Volgens De Wet (1958: 248) het hierdie wet egter geen verandering aan die gelding van die Romeins-Hollandse reg gebring nie. Die wette wat in elke afsonderlike gebied van krag was, is behou totdat dit deur bevoegde gesag gewysig is.

Die juriestelsel is met die totstandkoming van die eerste Hooggeregshof in 1828, volgens Engelse voorbeeld in die Kaapkolonie ingestel (Hiemstra 1967: 128). Teen 1910 is alle strafsake in hoër howe deur 'n regter en 'n jurie verhoor (Bekker 1988: 32). Hierdie stelsel was egter geensins 'n sukses in siviele- of strafsake nie en selfs in die dae voor die totstandkoming van die Unie is daar al gepoog om die gebruik van juries te beperk (Richings 1976: 108).

In 1927 word die gebruik van juries in siviele sake dan ook afgeskaf. Vanweë die idee dat dit 'n onontbeerlike deel vorm van die stelsel wat die persoonlike vryheid beskerm, oorleef juries egter in strafsake. Volgens Hiemstra (1967: 128) is dit in werklikheid ongerymd om ingewikkelde feitebeslissings aan leke oor te laat. Die publiek sou ook versteld staan indien hulle kon weet watter argumente daar in juriekamers aangevoer word vir skuld of onskuld.

Volgens Bekker (1988: 32) het die eerste breuk met die juriestelsel in 1914 gekom. Die Wet op Oproerige Byeenkomste, 27 van 1914, het die uitvoerende gesag gemagtig om 'n spesiale strafhof saam te stel. Die Minister van Justisie kon nou sake ingevolge hierdie wet asook aanklagte van hoogverraad, sedisie en publieke geweld, aan juries onttrek.

In die Wet op de Kriminele Procedures en Bewijslevering, 31 van 1917, ofte wel die eerste Suid-Afrikaanse Strafproseswet, is die strafproses- en bewysreg wat voor uniewording gegeld het, gekodifiseer. Volgens Richings (1976: 107) is die eerste stap wat tot die uiteindelike afskaffing van die strafjurie sou lei, hierdeur geneem. Alhoewel 'n verhoor deur 'n jurie in strafsake in die hoër howe

behou is, is die volgende veranderinge, aldus Bekker (1988: 32), in die stelsel aangebring:

* In die eerste plek is die beginsel dat die uitspraak van die jurie eenparig moet wees, laat vaar. 'n Meerderheidstem van sewe uit nege is nou voldoende
* In die tweede plek is die "*panic legislation*" aanvaar. Dit het beteken dat spesiale strafhowe, bestaande uit twee of drie regters, ernstige politieke misdade sonder 'n jurie kan verhoor
* Laastens is 'n bekuldigde nou toegelaat om deur 'n regter sonder 'n jurie verhoor te word

Artikel 216(2) van die Wet op de Kriminele Procedures en Bewijslevering, 31 van 1917, lees as volg:

"Thereupon the judge presiding at the trial, shall try the accused person or persons upon the said indictment without a jury, and he may summon to his assistance any person who has, or any two persons who have, in the opinion of such judge, experience in the administration of justice, or skill in any matter which may have to be considered at the trial, to sit with him at the trial as assessor or assessors: Provided that if the accused person or persons is or are to be tried upon a charge of having committed or

attempted to commit treason, murder, rape or sedition or in any case in which the Minister has given a direction under sub-section (5) the judge who is to preside at the trial shall summon to his assistance two assessors as aforesaid".

Volgens Bekker (1988: 33) het die verhoorregter nou 'n onbelemmerde diskresie verkry om twee assessore op te roep om hom by te staan. Vir die eerste keer word daar dus, deur die Wet op de Kriminele Procedures en Bewijslevering, 31 van 1917, in die Suid-Afrikaanse reg van "assesore" melding gemaak. Die wet het ook voorgeskryf watter ampte persone wat as assessore optree, moes beklee. Verder bepaal artikel 216 van die genoemde wet dat assessore die regter slegs in 'n adviserende hoedanigheid ten aansien van feitevrae, kan bystaan.

In 1935 is die jurie se posisie verder aangetas (Hiemstra 1967: 128). Ingevolge die Algemene Regswysigingswet, 46 van 1935, kon die Minister na goeddunke gelas dat sekere sake nie voor 'n jurie mag kom nie, ongeag die wense van die beskuldigde. Die vereiste dat assessore 'n bepaalde amp moes beklee is deur dieselfde wet laat vaar. Volgens Bekker (1988: 33) moes die regter homself slegs tevrede stel dat

dit persone was wat ondervinding in die regspleging het of bedrewenheid in enige aangeleentheid wat by die verhoor oorweeg kon word.

Deur die Wysigingswet op Kriminele Prosedure en Juries, 21 van 1954, is die beskuldigde se reg van keuse omgekeer, deurdat die beskuldigde nou 'n jurie-verhoor moet eis, indien hy dit verlang. Indien hy dit nie doen nie, sal 'n beskuldigde outomaties deur 'n regter, met of sonder assessore, verhoor word. Voor 1954 moes die beskuldigde spesiaal aansoek doen as hy 'n regter alleen wou hê. As hy dit nie gedoen het nie en daar geen andersluidende voorskrif van die Minister was nie, is hy deur 'n regter en 'n jurie verhoor. Die outomatiese weg is dus nou verhoor deur 'n regter met of sonder assessore en nie deur 'n regter en 'n jurie nie (Swift 1957: 160).

Artikel 5 van die Verdere Wysigingswet op die Strafreg, 75 van 1959, skrap die voorbehoud by subartikel (2) van die Wet op de Kriminele Procedures en Bewijslevering, 31 van 1917. Die subartikel lui nou as volg:

"(2) Die regter wat by die verhoor voorsit, kan een of twee persone wat na die oordeel van die regter ervaring het van die regspleging of bedrewe

is in een of ander onderwerp wat moontlik by die verhoor oorweeg sal moet word, oproep om as assessor of assessors saam met hom by die verhoor sitting te neem".

Die verhoor word dus aan 'n alleensittende regter oorgelaat. In *R v Mati and Others*, 1960 (1) SA 304 (A), sê Schreiner, A.R. egter die volgende: "*Dit is verontrustend om te dink dat in ons proses, waarop ons baie trots is, dit vir 'n beskuldigde moontlik is om deur 'n alleensittende regter skuldig bevind te word en ter dood veroordeel te word na 'n verhoor waarin hy weens armoede sy verdediging self moes waarneem*".

Teen 1961 was regters in geen saak meer verplig om assessore op te roep nie. Volgens Bekker (1988: 35) verkies beskuldigdes egter meestal om deur 'n regter sonder 'n jurie verhoor te word. Die gevolg hiervan is dat jurieverhore in onbruik begin verval. In 1969 word die gebruik van juries dan ook uiteindelik afgeskaf deur artikel 7 van die Wet op die Afskaffing van Juries, 34 van 1969.

2.6. DIE POSISIE VAN DIE LEKE-ASSESSOR IN DIE SUID-AFRIKAANSE STRAFREGSPLEGING

Artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, bepaal as volg:

"(1) Ingeval van 'n summiere verhoor of van die verhoor van 'n deur die prokureur-generaal terugverwese saak kan die presiderende regterlike amptenaar, voor daar enige getuienis voorgelê is, met die goedkeuring van die Minister, een of twee persone, wat na sy mening in die regspleging ervare is of bedrewe is in een of ander onderwerp wat by die verhoor ter oorweging geopper mag word, aansê om hom by te staan, en om met hom as assessor of assessore by die verhoor sitting te neem.

(2) Indien in 'n deur die prokureur-generaal terugverwese saak die presiderende regterlike amptenaar enige assessor of assessore aansê om hom by te staan, dan moet die verhoor, ... van nuuts af voor daardie regterlike amptenaar en assessor of assessore begin".

Bogenoemde artikel bepaal dus onder andere dat 'n regterlike beampte 'n diskresie het, en in sekere gevalle verplig is, om assessore aan te stel. Reeds toe hierdie artikel in die destydse driekamerparlement bespreek en aangeneem is, het alle poli-

tieke partye volmondig en sonder voorbehoud hulle steun verleen aan die magtiging deur landdroste, om van die man op straat gebruik te maak, om die regbank te deel (Hansard 1991: 12643). Later word die aanwending van leke-assessore 'n realiteit deur die Wysigingswet op Landdroshowe, 118 van 1991. Na die inwerkingtreding van hierdie wetswysiging lees artikel 93*ter* as volg:

"(1) Die regterlike amptenaar wat by 'n verhoor voorsit, kan, indien dit na sy oordeel dienstig vir die regspleging sal wees-

(a) voor daar enige getuienis voorgelê is; of

(b) by die oorweging van 'n gemeenskapsgebaseerde straf ten opsigte van 'n persoon wat aan 'n misdryf skuldig bevind is,

een of twee persone wat na sy mening by die verhoor van die saak of, na gelang van die geval, by die bepaling van 'n gepaste straf behulpsaam kan wees, aansê om hom by te staan, en om met hom as assessor of assessore sitting te neem: Met dien verstande dat indien 'n beskuldigde in die hof van 'n steekafdeling op 'n aanklag van moord, hetsy tesame met ander aanklagte of beskuldigdes al dan nie, teregstaan, die regterlike amptenaar by daardie verhoor deur twee assessore bygestaan moet word, tensy so 'n

beskuldigde versoek dat die verhoor sonder assessore voortgesit word, waarop die regterlike amptenaar na goeddunke een of twee assessore kan aansê om hom by te staan.

(2) (a) By die oorweging of die aansegging van assessore kragtens subartikel (1) dienstig vir die regspleging sal wees, neem die regterlike amptenaar-

(i) die kulturele en maatskaplike omgewing waaruit die beskuldigde afkomstig is;

(ii) die opvoedkundige agtergrond van die beskuldigde;

(iii) die aard en die erns van die misdryf wat die beskuldigde ten laste gelê word of waaraan hy skuldig bevind is;

(iv) die omvang of waarskynlike omvang van die straf waaraan die beskuldigde by skuldigbevinding sal blootstaan of, na gelang van die geval, blootstaan;

(v) enige ander aangeleentheid of omstandigheid wat na sy oordeel op die wenslikheid van die aansegging van 'n assessor of assessore mag dui,

in aanmerking en kan hy die beskuldigde met betrekking tot die aangeleenthede in hierdie paragraaf bedoel, ondervra".

Artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, bepaal dus nou dat die regterlike amptenaar assessore kan aanstel, indien dit na sy oordeel dienstig vir die regspleging sal wees. Weens gemeenskapspersepsies het daar 'n geloofwaardigheidskloof tussen die howe en die publiek ontstaan. Veral swart gemeenskappe het agterdogtig geraak oor die objektiwiteit en regverdigheid van die regsisteem. Alhoewel howe verplig was om uitvoering te gee aan die landswette van die dag, was dit nie vir die breë gemeenskap 'n waarborg dat reg wel geskied nie. Die rasionaal is dus om die gemeenskap deel te maak van die regspleging sodat die gemeenskap kan aanvaar dat "een van hulle" saam met die landdros besluit oor hulle lotgevalle (Anoniem 2: 2).

2.7. SAMEVATTING

Die gebruik van assessore kan teruggevoer word na sover as 1657, toe 'n vryburger uit die geledere van die nedersetters aangewys is om op die "Justisie en Krygsraad" sitting te hê in gevalle waar die belange

van die nedersetters geraak is. Dit toon 'n ooreen-koms met die aanwending van leke-assessore, aangesien die gemeenskap in albei gevalle by regspleging betrek word.

Daar is ook gesien dat permanente lede van die Raad van Justisie, aan die einde van die agtiende eeu, lede van die burgerraad kon koöpteer om as assessore op die raad te dien, indien een van die permanente lede afwesig was.

Mettertyd raak die strafproses van Suid-Afrika egter meer in ooreenstemming met die Engelse strafproses. Dit het tot gevolg dat 'n juriestelsel in 1828 inge-stel word. Vanaf 1914 word daar egter stelselmatig weggebreek van die juriestelsel. In 1969 word die juriestelsel dan ook finaal in Suid-Afrika afgeskaf. Dit wil voorkom asof dit nie behoorlik kon inskakel by die Romeins-Hollandse beginsels wat die basis van die Suid-Afrikaanse strafregspleging vorm nie.

Dit blyk egter dat die aanwending van assessore binne die strafregspleging groot byval vind vandat daar in die eerste Strafproseswet, die Wet op de Kriminele Procedures en Bewijslevering, 31 van 1917, van assessore melding gemaak word. Alhoewel dit gesien

kan word as 'n mini-jurie, is die gebruikmaking van leke-assessore 'n hoogs suksesvolle meganisme om die vertrouensbalans in die gemeenskap te herstel.

HOOFSTUK 3

DIE ONDERSKEID TUSSEN JURIESTELSELS EN ASSESSORESTELSELS

3.1. INLEIDING

Weens die historiese verlede van Suid-Afrika het die regstelsel dikwels in die spervuur beland en is die regbank selfs as illegitiem beskryf. Stelsels wat die regsbedeling se geloofwaardigheid mag aantas, behoort dan ook met die grootste omsigtigheid beoordeel te word, aldus Coetzer (1992: 125). Twee sulke stelsels binne die regsplegingstelsel is die jurie- en assessorestelsels. Die grondslag van beide stelsels is dieselfde, naamlik dat 'n aangeklaagde deur sy eweknieë verhoor moet word. Tog is daar enkele verskille waardeur hierdie stelsels van mekaar onderskei kan word.

Die toepassing van die juriestelsel kom voor in verskeie lande, onder andere in Kanada, Engeland, Australië, Nieu-Seeland en die Verenigde State van Amerika. In Engeland en die Verenigde State van Amerika word die stelsel beskou as die hoeksteen van onpartydige en gesonde regspleging. Waar die jurie-

stelsel in die Vastelandse regstelsels ingevoer is, is dit egter oor die algemeen laat vaar vir 'n stelsel van verhore deur 'n saamgestelde regbank van opgeleide regters en leke-assessore, soos in Frankryk, België, Duitsland, Italië en Spanje (sien Hoofstuk 6). Dit kom daarop neer dat die regbank saam oor vraagstukke van skuld, onskuld en straf besluit (Joubert 1998: 186-187). Die assessorestelsel word ook in Afrika-lande, soos Nigerië, gebruik.

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om 'n onderskeid tussen 'n jurie en assessore te tref. Die vertrekpunt is om die stelsels op grond van verskillende omskrywings van mekaar te onderskei. Daarna word aandag geskenk aan die tipe persoon wat as jurielid of assessor kan optree. Die verskillende wyses waarop aanstelling geskied word verder onder die loep geneem. Laastens word die voor- en nadele van die stelsels teen mekaar opgeweeg. Die voor- en nadele wat genoem word by die gebruikmaking van juries kan op albei stelsels van toepassing gemaak word, aangesien die jurie, soos leke-asessore, niks anders as 'n paneel leke is nie.

3.2. OMSKRYWINGS

3.2.1. Jurie en jurielid

Een van die mees omvattende beskrywings van 'n jurie word deur Lesser (1894: 3) gegee, naamlik: "... *a body of men taken from the community at large, summoned to find the truth of disputed facts. Their office is to decide upon the effect of evidence and thus inform the court truly upon the question at issue, in order that the latter may be enabled to pronounce a right judgement. But they are not the court itself nor do they form part of it; and have nothing to do with the sentence which follows the delivery of their verdict*".

Maile (1994: 83) sê 'n jurie is: "... *a group of ordinary citizens of predetermined number whom a duly constituted public official has called together for the purpose of answering a question*".

Volgens Hiemstra (1967: 129) word die woord jurielid in die Suid-Afrikaanse strafregspleging deurmekaar gebruik vir almal wat op die groslys is en ook vir diegene wat in die paneel ingesluit word en uiteindelik in die verhoor sit. 'n Groslys is die lys van persone wat uit die jurielys getrek is en wat na die hof opgeroep sou word.

'n Jurie word volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendal et al. 1994: 472) omskryf as: *"'n Groep aangewese burgers wat by 'n verhoor van sake voor die hoër hof 'n beslissing oor die feite gee".*

3.2.2. Assessore

In *R v Mabaso*, 1952 (3) SA 521 (A) 524 G, is die appélafdeling van mening dat assessore *"... together with the Judge, are the equivalent of the jury".* Bekker (1988: 37) is van mening dat assessore in die praktyk nie noodwendig altyd aan jurielede gelyk gestel hoef te word nie.

Artikel 145(1)*(b)* van die Strafproseswet, 51 van 1977, omskryf 'n assessor as: **"... iemand wat, na die oordeel van die regter wat by 'n verhoor voorsit, ondervinding van die regspleging het of bedrewe is in 'n aangeleentheid wat by die verhoor oorweeg mag word."**

Black's Law Dictionary (Black 1979: 107) sê 'n assessor is: *"... a person learned in some particular science or industry, who sits with the judge on*

the trial of a cause requiring such special knowledge and gives his advice".

Ook volgens Bekker (1988:37) is persone wat bedrewe is in 'n aangeleentheid wat by die verhoor oorweeg mag word, gewoonlik deskundiges wat aangewend word in sake waarin deskundige getuienis oor 'n besondere onderwerp waarskynlik gelewer sal word. In die praktyk word veral rekenmeesters en geneeshere as assessore aangewend.

3.3. DIE TIPE PERSOON IN DIE AMP

3.3.1. Inleiding

Een van die belangrikste verskille tussen 'n juriestelsel en 'n assessorestelsel is geleë in die tipe persoon wat in die amp dien, aldus Bekker (1988: 37). Vervolgens word gekyk na persone wat as jurielede kon dien en wie as assessore aangestel kan word. Daar word ook kortliks aandag geskenk aan die posisie van vroulike jurielede.

3.3.2. Persone wat op 'n jurie kan dien

Die universele vertrekpunt rondom die samestelling van 'n jurie is dat jurie op so 'n wyse saamgestel moet word dat dit verteenwoordigend van die gemeenskap is. Hierdie doel kan egter nie altyd verwesenlik word nie, aangesien die vereistes waaraan 'n jurielid moet voldoen so streng is, dat baie min mense werklik kon kwalifiseer vir jurieskap (Du Plessis 1990: 34). Aangesien jurielyste gewoonlik op grond van kieserslyste saamgestel word, is dit logies dat sodra kieserslyste "gedemokratiseer" word, jurielyste insgelyks ook "gedemokratiseer" sal wees. Sodoende sal juries verteenwoordigend van die bevolking as geheel wees (Coetzer 1992: 124).

In hierdie verband het artikel 114 van die Strafproseswet, 56 van 1955, as volg bepaal:
"Iedere blanke manspersoon bo die ouderdom van vyf-en-twintig jaar en onder die ouderdom van vyf-en-sestig jaar wat 'n geregistreerde parlementêre kieser in die Republiek is, ... is bevoeg en aanspreeklik om as jurielid diens te doen op enige jurie wat saamgestel word vir 'n strafregtelike verhoor binne die juriedistrik waarin bedoelde persoon woonagtig is".

Deur die genoemde artikel is 'n eenvoudige kwalifikasie vir jurielede vasgelê, gebaseer op ras, ouder-

dom en registrasie as parlementêre kieser. Die lompe verwysings in die eerste Strafproseswet, die Wet op de Kriminele Procedure en Bewijslevering, 31 van 1917, na eiendom of okkupasie van onroerende goed of ontvangs van 'n inkomste van minstens £250 per jaar, is geskrap. Daar word nou eenvoudig verwys na die kieserslys. Woonplek bly egter steeds 'n beslissende faktor in verband met die plig om in 'n sekere jurie te dien (Swift 1957: 169).

Dit blyk verder uit die gemelde artikel 114 dat juriediens beperk was tot blanke mans. Richings (1976: 108) noem dat bykans alle professionele mans van juriediens uitgesluit was. Juries was met ander woorde nie eens verteenwoordigend van die blanke gemeenskap nie. Die wanfunksionering van so 'n jurie kon dan ook ten beste geïllustreer word in gevalle waar die beskuldigde 'n blanke en die benadeelde 'n nie-blanke landsburger was (Richings 1976: 108).

3.3.3. Die posisie van vroulike jurielede

Die posisie van vroue as jurielede word gereël deur die Vrouejurie-wet, 20 van 1931. Artikel 2(1) lui as volg:

"Ondanks enige andersluidende wetsbepaling, is iedere vrou wat, as sy 'n manspersoon was, bevoeg sou wees om as jurielid te dien en nie vrystelling van sodanige diens sou kon eis nie, bevoeg om ingeskrywe te word as jurielid van die juriedistrik waarin sy woon mits sy, ... by die magistraat van die magistraatsdistrik waarbinne bedoelde juriedistrik geleë is, 'n skriftelike aansoek indien om as jurielid ingeskryf te word".

'n Vrou wat dus juriediens wou verrig kon by die landdros van haar juriedistrik skriftelik aansoek doen om op die jurielys geplaas te word. Volgens Hiemstra (1967: 136) moes sy egter bevoeg wees en sou sy op dieselfde basis as mans beoordeel word. Artikel 2(4) van die Vrouejurie-wet, 20 van 1931, het egter die volgende bepaal:

"Geen vrou wat as jurielid ingeskrywe is, mag as jurielid dien of gedagvaar of opgeroep word om as jurielid te dien nie, behalwe as lid van 'n jurie wat slegs uit vrouens saamgestel is ...".

Die posisie van die vrouejurie is verder benadeel deur die feit dat 'n vrouejurie slegs deur 'n vrouebeskuldigde of 'n persoon onder 18 jaar aangevra kon word. Daar moes ook minstens agtien vroue op die

jurielys vir die juriedistrik wees. Dan eers kon hulle opgeroep word vir juriediens. As minstens twaalf van die vroue wat opgeroep is opdaag, kon 'n vroulike jurie van nege lede saamgestel word. Indien daar nie onderskeidelik agtien of twaalf vroue beskikbaar was nie, is die beskuldigde verhoor asof die Vrouejurie-wet, 20 van 1931, nie bestaan nie (Hiemstra 1967: 137). Volgens Bekker (1988: 37) is hierdie keuse dan ook slegs een maal uitgeoefen maar kon nie geïmplementeer word nie. Die rede hiervoor was dat daar nie genoeg name van vroue, wat as jurielede wou dien, op die jurielys was nie.

3.3.4. Wie kan as assessor aangestel word?

Die oorwegings wat geld wanneer besluit moet word of daar assessore aangestel moet word al dan nie, sal gewoonlik verband hou met die oorwegings wat geld wanneer op 'n bepaalde persoon as assessor besluit moet word. Ook die kriteria wat by die onderskeie besluite toegepas word, sal dikwels ooreenstem. Volgens artikel 145(1)*(b)* van die Strafproseswet, 51 van 1977, moet die assessor iemand wees wat:

"... ondervinding van die regspleging het of bedrewe is in 'n aangeleentheid wat by die verhoor oorweeg mag word".

Volgens Swift (1957: 160) is die kwalifikasie van assessore in die hooggeregshof 'n saak vir die regter. Indien deskundige kennis op 'n besondere gebied wenslik is, is dit gebruiklik om 'n deskundige op daardie gebied te verkry om as assessor op te tree, byvoorbeeld 'n rekenmeester. Indien geen deskundige kennis vereis word nie, is die assessore gewoonlik advokate, landdroste, afgetrede prokureur-generaals en persone wat ondervinding in die regsbedeling het.

Artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, soos gewysig deur die Wysigingswet op Landdroshowe, 118 van 1991, bepaal egter slegs dat die regterlike amptenaar wat by 'n verhoor voorsit assessore kan aanstel **"... indien dit na sy oordeel dienstig vir die regspleging sal wees"**. In sy nuwe vorm verhoed artikel 93*ter* egter nie die aanstelling van persone wat **"... bedrewe is in 'n aangeleentheid wat by die verhoor oorweeg mag word ..."** nie. Ingevolge hierdie bepaling hoef 'n assessor dus nie 'n regsgeleerde of 'n deskundige op 'n bepaalde gebied te wees nie (Hansard 1991: 12650).

Indien daar op die dienstigheid van die aanstelling van 'n assessor besluit is omdat daar na verwagting getuienis van 'n deskundige aard is wat voorgelê sal

word, bly die oorwegings wat in ag geneem word by die besluit watter bepaalde persoon as assessor aangestel moet word, onveranderd. Daar sal dus steeds gesoek word na geskikte persone met verwysing na hul kwalifikasies, kennis en ondervinding (Anoniem 1: 8).

Volgens Kriegler (1993: 363) was die rasionaal vir die wysigings daarin geleë om deur middel van sogenaamde leke-assessore 'n groter mate van gemeenskapsbetrokkenheid by die strafregspleging te bewerkstellig. Eerstens is die vereiste dat ministeriële goedkeuring vooraf verkry moes word, afgeskaf. Die vereenvoudiging van die prosedure was daarop gemik om die gebruik van assessore te vergemaklik en algemene inslag te laat vind.

Aansluitend hierby is weggedoen met die vereiste dat assessore regservaring of bedrewenheid in 'n bepaalde onderwerp moet hê (Kriegler 1993: 363). Dit is voldoende indien die regterlike beampte dit as dienstig en in belang van die reg beskou om leke as asssessore aan te stel (Hansard 1991: 12651). Gewone lede van die publiek kan dus nou as assessore aangestel word. Dit word egter slegs gedoen indien die aanstelling van so 'n persoon die regspleging kan of sal bevorder (Anoniem 1: 9).

Volgens Hansard (1991: 12654) behoort lyste van verteenwoordigende, gemeenskapsgebaseerde, bevoegde en geletterde assessore deur landdroste gebruik te word by die kies van assessore in elke saak. Dit sal geen doel dien as die stelsel verval in 'n soort sindroom van "baantjies vir boeties", waar die landdros bloot sy buurman of groot vriend kies om as assessor te dien nie. Artikel 93*ter (1)* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, bepaal ook dat die voorsittende beampte iemand kan aansê om as assessor sitting in te neem. Die implikasie hiervan is dat die voorsittende beampte iemand kan beveel om as assessor op te tree en dat die persoon verplig is om aan die bevel gehoor te gee. Dit kan egter beswaarlik dienstig wees vir die regspleging indien 'n onwillige persoon as 'n assessor aangestel word en só 'n situasie behoort vermy te word.

Alhoewel dit nie uitdruklik gemeld word nie, was dit skynbaar die bedoeling van die wetgewer dat die beskuldigde se sosio-kulturele en opvoedkundige agtergrond ook by die keuse van assessore 'n rol speel en nie slegs by die vraag of dit dienstig vir die regspleging sal wees om hulle op te roep nie (Kriegler 1993: 364). Volgens Hansard (1991: 12651) sal dit 'n goeie idee wees om, waar die beskuldigde 'n platte-

landse Swartman is en die regterlike beampte 'n Blanke, 'n Swart assessor aan te stel wat byvoorbeeld insig in kulturele aspekte sal hê in gevalle waar dit 'n uitwerking op die uitslag van die saak mag hê. Indien die voorgenome assessor geen kennis het van die kultuur of maatskaplike omgewing waaruit die beskuldigde afkomstig is nie en self 'n totaal ander kulturele en maatskaplike agtergrond het, sal daar beswaarlik gesê kan word dat hy die voorsittende beampte in enige opsig behulpsaam kan wees. 'n Persoon wat subjektief kan wees weens sy politieke of ander sienswyses, behoort ook nie as assessor aangestel te word nie (Anoniem 1: 9).

3.4. DIE AANSTELLING VAN ASSESSORE EN JURIELEDE

3.4.1. Inleiding

In hierdie onderafdeling word 'n onderskeid getref tussen die wyses waarop jurielede en assessore aangestel word. Daar sal gesien word dat die jurie deur die balju gedagvaar is. Daarna is sekere stappe gevolg om die paneel saam te stel. In die geval van assessore berus aanstelling uitsluitlik by die diskresie van die voorsittende beampte.

3.4.2. Lede van die jurie

3.4.2.1. Dagvaarding deur die balju

Artikel 119 van die Strafproseswet, 56 van 1955, bepaal as volg:

"(1) Wanneer 'n jurie nodig sal wees vir die verhoor van strafsake in 'n hoërhof, dagvaar die balju of sy adjunk soveel jurielede as wat die prokureur-generaal gelas.

(2) Die name van die jurielede wat aldus gedagvaar moet word, word geneem uit die jurielys van die juriedistrik waarbinne die hoërhof gehou staan te word.

(3) Enige van bedoelde jurielede kan gedagvaar word om op enige dag waarop die strafsitting van die hof gehou word, te verskyn.

(4) 'n Jurielid wat werklik in enige saak in 'n jurie dien, gaan voort om te dien totdat die jurie sy uitspraak gegee het of totdat die jurie deur die hof ontslaan word, ondanks die feit dat die tydperk waarvoor hy gedagvaar is om te verskyn, verstryk het".

Die balju of sy adjunk dagvaar dus jurielede, wie se name op die jurielys verskyn, deur 'n ondertekende

kennisgewing aan die jurielid te lewer, of indien hy van sy gewone woonplek afwesig is, dit aan 'n verantwoordelike volwasse persoon in okkupasie daarvan te lewer. Die plek, dag en uur waarop die jurielid in die hof moet verskyn, word in die kennisgewing vermeld. Eers moes minstens sewe-en-twintig (27) persone opgeroep word, maar vanweë die klein getal juriesake wat later voorgekom het, kon die prokureur-generaal besluit hoeveel jurielede hy wou oproep. Die name van die jurielede wat gedagvaar is, is dan op 'n lys, genoem die groslys, geplaas (Hiemstra 1967: 141).

3.4.2.2. Samestelling van die paneel

Alhoewel daar in die Strafproseswet, 56 van 1955, voorsiening gemaak is vir die samestelling van die jurielys (art. 117) asook die groslys (art. 119), is daar geen afsonderlike artikel oor die samestelling van die paneel, dit wil sê die nege persone wat werklik in die verhoor sal sit, nie. Ook volgens Hiemstra (1967: 145) is daar geen behoorlike voorskrif oor hoe dit gedoen moet word nie.

In die praktyk is kaartjies met die name van die persone wat op die groslys is, in 'n doos geplaas en

die griffier van die hof het dan nege kaartjies, een vir een, uitgetrek. Wanneer hy die naam uitlees, neem die persoon sy plek op die juriebank in. Sodra daar nege persone is, word eers die beskuldigde en daarna die Staat gevra of hulle wil wraak, met ander woorde of hulle beswaar het teen 'n lid van die paneel en wil versoek dat die betrokke persoon gelas moet word om hom te onttrek. Indien daar wrakings is, word ander kaartjies getrek om die vakatures aan te vul totdat daar weer nege persone is teen wie geen beswaar ingebring is nie. Hierna word die jurielede ingesweer (Hiemstra 1967: 145).

3.4.3. Assessore

3.4.3.1. Aanstelling deur "regterlike amptenaar"

Voordat die gewysigde artikel 93*ter* in werking getree het, het die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, bepaal dat 'n regterlike amptenaar wat by 'n verhoor voorsit, voordat enige getuienis voorgelê is, met die goedkeuring van die Minister van Justisie, een of twee persone, wat na sy mening in die regspleging ervare of bedrewe is in die een of ander aangeleentheid wat by die verhoor relevant kan word, mag aanstel om hom as assessor of assessore by die ver-

hoor by te staan. Artikel 145 van die Strafproseswet, 51 van 1977, wat die aanstelling van assessore in die hooggeregshof reël, geld steeds onveranderd. Dit is belangrik om daarop te let dat indien die oplegging van die doodvonnis 'n geoorloofde vonnis op die ten laste gelegde misdryf is en die moontlikheid volgens die voorsittende beampte bestaan dat die doodvonnis opgelê kan word, dan moet daar assessore aangestel word (Watney 1992: 466).

3.4.3.2. Diskresionêre en gebiedende aanstellings

Die gewysigde artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, het die posisie van assessore in die laerhowe ingrypend verander. Die omslagtige vereiste dat goedkeuring eers van die Minister van Justisie verkry moet word voordat assessore aangestel mag word, is weggelaat. Dit het tot gevolg dat die voorsittende beampte nou, behoudens sekere gevalle waar 'n persoon in die streekhof op 'n aanklag van moord teregstaan, 'n onafhanklike diskresie het om assessore aan te stel (Kriegler 1993: 363).

Indien 'n beskuldigde weens moord in die streekhof teregstaan is die aanstelling van assessore verpligtend, tensy die beskuldigde versoek dat geen assessor

aangestel word nie. Wanneer so 'n versoek tot die streeklanddros gerig word, verval die verpligting om assessore aan te stel en ontstaan daar 'n diskresie om assessore aan te stel soos in enige ander geval. Waar twee of meer beskuldigdes elkeen op 'n aanklag van moord teregstaan, moet 'n versoek dat geen assessor aangestel word nie, deur elke beskuldigde afsonderlik gerig word alvorens bogenoemde verpligting sal verval (Anoniem 2: 5). Die voorsittende beampte sal hom in so 'n geval deur billikheid en regverdigheid moet laat lei met die inagneming van die moontlike benadeling van enige van die partye (Louw 1995: 85).

Volgens Watney (1992: 468) is dit nie duidelik waarom daar in hierdie geval aan die beskuldigde die bevoegdheid verleen word om die aanstel van assessore te opponeer nie, aangesien die diskresie steeds by die landdros berus. Hierdie bevoegdheid geld klaarblyklik ook nie ten opsigte van ander aangeleenthede waar die voorsittende beampte sy eie diskresie uitoefen by die aanstel van assessore nie. Louw (1995: 85) meen dat die artikel die individu se keuse by 'n ernstige verhoor eerbiedig. Dit behoort egter ook die geval in enige ander verhoor te wees. Watney (1992: 468) doen aan die hand dat, veral in die lig

van die oogmerk met die wetswysiging, naamlik om groter legitimiteit aan die regstelsel te verleen, daar juis in die geval van moordverhore, wat gewoonlik opspraakwekkend en in die openbare oog is, meer gebiedend opgetree behoort te word met betrekking tot die aanstelling van assessore.

3.4.3.3. Stadium waarop aanstelling geskied

Dit is belangrik om 'n onderskeid te tref tussen die aansegging van 'n assessor en die afneming van sy eed. Volgens artikel 93*ter* (1) van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, geskied aansegging **"... voor daar enige getuienis voorgelê is"** of **"... by die oorweging van 'n gemeenskapsgebaseerde straf ten opsigte van 'n persoon wat aan 'n misdryf skuldig bevind is"**. Volgens artikel 93*ter* (3) van dieselfde wet geskied eedafneming **"... voor die verhoor of die strafoplegging, na gelang van die geval ..."**.

Artikel 93*ter* se voorskrifte met betrekking tot die tydstip waarop assessore aangestel moet word, is nie baie duidelik nie. Die uitdrukking "voordat enige getuienis voorgelê is" spreek vanself. Die enigste vraag waaroor daar onsekerheid bestaan het, is of pleitverrigtinge as getuienis beskou kan word al dan

nie. Hierdie onsekerheid is egter opgeklaar in *S v Hendricks*, 1995 (2) SASV 177 (A). Daar word beslis dat verklarings wat gemaak word tydens pleitverrigtinge, hetsy sodanige verklarings erkennings ingevolge die Strafproseswet, 51 van 1977, bevat al dan nie, nie as getuienis bestempel kan word nie. Assessore kan dus wel aangestel word nadat pleitverrigtinge afgehandel is.

Die feit dat assessore ook "by oorweging van 'n gemeenskapsgebaseerde straf" aangesê kan word, beteken dat dit na skuldigbevinding kan geskied. Die bewoording van artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, belet ook nie die aansegging van assessore terwyl of nadat getuienis aangebied word of is nie. Die voorsittende beampte kan dan juis as gevolg van getuienis wat ten opsigte van vonnis aangebied word besluit om 'n gemeenskapsgebaseerde straf te oorweeg. Waar dit egter moontlik is moet die aansegging van assessore geskied voordat enige getuienis ten opsigte van vonnis voorgelê is. Assessore wat na die skuldigbevinding van die beskuldigde aangesê is, moet voldoende geleentheid gegun word om hulself op hoogte te bring met die getuienis wat reeds afgelê is (Anoniem 1: 6).

Alvorens die verhoor 'n aanvang neem moet assessore 'n eed of 'n bevestiging aflê dat hulle 'n ware uitspraak sal gee ooreenkomstig die getuienis. Na die aflegging van die eed word assessore geag lede van die hof te wees (Lansdown & Campbell 1982: 84). Die afneem van die eed sal na aansegging geskied en gewoonlik sal daar 'n geruime tyd tussen aansegging en eedaflegging verloop. Die afneem van die eed moet egter so na as moontlik voor die aanvang van die verhoor of voordat met die oorweging van 'n gemeenskapsgebaseerde straf begin word, plaasvind. Derhalwe kan verseker word dat die erns van sy taak nog vars in die geheue van die assessor is wanneer die verhoor 'n aanvang neem of wanneer begin word met die oorweging van die straf (Anoniem 1: 6).

3.5. FUNKSIONERING GEDURENDE DIE VERHOOR

3.5.1. Die jurie

Nadat die jurie finaal saamgestel is, word die jurielede ingesweer in die hof. Hulle geniet ook nou judisiële immuniteit, met ander woorde hulle geniet al die voorregte wat gewone regterlike amptenare geniet en hulle is nie aanspreeklik vir enige iets wat gesê of gedoen is in die loop van die uitvoering van

hulle pligte nie. Enige dreigement of onwelvoeglike taal teenoor hulle geuiter is stafbaar en kan getipeer word as minagting van die hof (Du Plessis 1990: 34).

Die primêre funksie van die jurie is om volgens die geheel van die getuienis te beslis of die ten laste gelegde misdaad bewys is volgens die voorligting van die regter. Indien dit uit die jurie se bevinding blyk dat hulle die voorligting oor die regsvereistes nie goed verstaan het nie en dat dit tot die nadeel van die beskuldigde strek, kan die regter die jurie vra om hul bevinding te heroorweeg. Die regter is egter nie geregtig om die jurie te vra om hulle bevinding te heroorweeg bloot omdat hy nie daarmee saamstem nie of omdat dit nie met sy opsomming strook nie (Hiemstra 1967: 152).

'n Belangrike beginsel van die juriestelsel is dat die jurie in absolute privaatheid moet besluit oor hulle uitspraak. Geen ander persoon as 'n jurielid mag in die kamer teenwoordig wees terwyl hulle oor die uitspraak besluit nie en alles wat in die juriekamer gesê is, moet 'n geheim bly (Du Plessis 1990: 35). Hiemstra (1967: 150) is van mening dat getuienis van jurielede oor wat die bespreking in die

juriekamer was, nie toelaatbaar is nie. In *R v Krasner*, 1950 (2) SA 475 (A), kon die jurie nie ooreenkom nie. Die amptenaar in beheer van die jurie het hulle meegedeel dat, aangesien hulle nie kon ooreenkom nie, die hele saak moonlik weer aangehoor sal moet word. Hierop het een jurielid van plan verander en 'n skuldigbevinding ondersteun. Die appèlhof het bevind dat dit nie vir hom toelaatbaar sou wees om redes vir sy meningsverandering te gee nie. Die mededeling van die amptenaar was 'n onreëlmatigheid en die skuldigbevinding is ter syde gestel. Jurielede mag ook nie met enige buitestaander kommunikeer terwyl hulle hul uitspraak oorweeg nie (Du Plessis 1990: 35).

Die algemene reël wat ten opsigte van die jurie geld, is dat die regter oor al die regsvrae moet beslis en die jurie oor die feite van die saak. Op hierdie reël is daar egter, volgens Du Plessis (1990: 35), enkele uitsonderings wat die taak van die jurie beperk, naamlik:

* sommige feitelike vrae word aan die regter oorgelaat om te beslis, aangesien daar gevoel word dat die regter beter daartoe in staat is as die jurie.

* uitspraak moet gerugsteun word deur genoegsame getuienis. Waar daar strydige getuienis is, moet dit nie van so 'n aard wees dat die uitspraak nie gesteun kan word nie.
* 'n regter kan in 'n siviele saak die uitspraak van 'n jurie tersyde stel wanneer die jurie se uitspraak nie voldoen aan die minimum vereistes in verband met getuienis wat van regsweë geld nie. In stafsake mag 'n regter nooit 'n uitspraak van 'n jurie ter syde stel nie. Hy mag egter aanbeveel dat die jurie 'n sekere beslissing moet gee. Aanvaar die jurie egter nie sy aanbeveling nie, is die regter gebonde aan die uitspraak van die jurie.

Volgens Joubert (1998: 186) berus ook die uiteindelike vonnisoplegging by die regter. Die jurie kan egter 'n beslissing van "skuldig" of "onskuldig" gee, of 'n spesiale uitspraak oor die feite lewer.

3.5.2. Assessore

Soos reeds gemeld (3.4.3.3. hierbo) moet assessore, voordat die verhoor begin, 'n eed aflê dat hulle 'n ware beslissing sal gee volgens die getuienis wat oor die kwessie in geskil aan die hof voorgelê sal word.

Sodra hulle die eed geneem het word hulle dan ook geag lede van die hof te wees. Volgens Joubert (1998: 185) geld die volgende beperking ten opsigte van hulle funksie as beamptes van die hof, naamlik:

* die beslissing of die bevinding van die meerderheid van die lede van die hof oor 'n feitevraag, is die beslissing of bevinding van die hof, behalwe wanneer die voorsittende beampte slegs met een assessor sit, in welke geval die beslissing of bevinding van die voorsittende beampte, by verskil van mening, die beslissing of bevinding van die hof is.
* indien die voorsittende beampte van oordeel is dat dit in belang van die regspleging sal wees dat die assessor wat hom bystaan nie deelneem aan 'n beslissing oor die vraag of getuienis van 'n bekentenis of ander verklaring gedoen deur 'n beskuldigde as getuienis teen hom toelaatbaar is nie, beslis slegs die regter oor bedoelde vraag en kan hy vir díe doel alleen sit. Die regter mag egter volgens sy diskresie saam met die assessor besluit oor die toelaatbaarheid van 'n bekentenis of verklaring van 'n beskuldigde.
* slegs die voorsittende beampte beslis oor enige regsvraag of oor 'n vraag of 'n aangeleentheid 'n

regsvraag of 'n feitevraag uitmaak en hy kan vir díe doel alleen sit.

* 'n regter wat by 'n strafverhoor in 'n hoërhof voorsit, moet die redes vir sy beslissing gee waar hy 'n regsvraag en 'n vraag of 'n aangeleentheid 'n regsvraag of feitevraag uitmaak, beslis. Hy moet ook redes vir die beslissing of bevinding van die hof oor 'n feitevraag meld, hetsy hy met of sonder assessore sit.

Daar word verder ook absolute onpartydigheid van 'n assessor vereis. In *S v Mayekiso*, 1996 (1) SASV 510 (K), is bevind dat die uitspreek van 'n mening deur 'n assessor oor 'n getuie, voordat die beskuldigde sy verweer gestel het, op 'n growwe onreëlmatigheid neerkom. In *S v Matsego and Others*, 1956 (3) SA 411 (A), het die assessor inligting bekom wat die beskuldigde benadeel het en nie deur die lei van getuienis bewys is nie, en hy moes hom aan die saak onttrek. Die kopnoot van die gemelde saak lui as volg: "Dit is noodsaaklik, in die belang van die regspleging, dat 'n assessor hom aan 'n saak onttrek sodra bewys word dat hy informasie ontvang het tot nadeel van die beskuldigde, wat nie in getuienis bewys is nie, want niks behoort te gebeur wat selfs 'n verdenking skep dat daar nie 'n billike verhoor was nie".

Laastens kan gemeld word dat die funksie van assessore beperk is tot die verhoor van die saak. Vonnis is die funksie van die regter alleen. By moord neem die assessor egter deel aan die beslissing as daar strafversagtende en -verswarende faktore is. So 'n bevinding vorm deel van die uitspraak. Dit is ook geensins onreëlmatig van die voorsittende beampte om die vonnis met die assessor te bespreek nie (Kriegler 1993: 361). In *R v Mthembu*, 1959 (4) SA 129 (N), is beslis dat wanneer 'n regter wat met assessore gesit het, klaar vonnis opgelê het, daardie hof *functus officio* is en nie weer byeen kan kom om "verswarende omstandighede" aan sy bevinding toe te voeg nie.

3.6. VOOR- EN NADELE VAN DIE STELSELS

Soos reeds gemeld bestaan die juriestelsel in verskeie lande. In Engeland en die Verenigde State van Amerika word die stelsel beskou as die hoeksteen van onpartydige en gesonde regspleging. Die koue logika van die strafreg word getemper deur die logika van 'n groep onafhanklike, teoreties-onpartydige en gewone burgers van die land, afkomstig uit alle lae van die samelewing (Joubert 1998: 187).

Spooner (1852: 123), 'n groot aanhanger van die juriestelsel, is baie sinies oor die rol van die regter in die regsisteem. Hy voel dat regters, in plaas daarvan om die reg uit te bou, slegs hule eie ambisieuse en regslose wil uitdra. Hy is verder van mening dat regters nie eers hulle eie stelreëls nakom nie, want deur aan juries voor te skryf watter getuienis hulle wel mag aanhoor en watter nie, asook die gewig wat die getuienis moet dra, skryf die regters noodwendig voor wat die uitspraak moet wees. Dit is op die einde dus slegs die regters wat oor beide die feite en die reg beslis. Hy argumenteer verder dat die jurie die geleentheid gegun behoort te word om ook regsvrae te oorweeg, aangesien die feite van 'n saak nie beslis kan word sonder inagneming van die regsvrae nie. Wetsgeleerdes en regters word daagliks blootgestel aan versoekings soos geld, roem en status waarmee hulle oorreed kan word om onregverdig teenoor een van die partye in 'n saak op te tree en sodoende daardie party se regte en vryhede te misken. Jurielede aan die ander kant word nie blootgestel aan hierdie versoekings nie. Hulle is nie vatbaar vir omkopery nie omdat die beskuldigde die jurielid vir die eerste maal in die hof sien. Volgens die natuurwette is dit onmoontlik dat wanneer 'n groep persone uit 'n groot groep soos die samelewing

geneem word, dit aan die einde van die dag blyk dat al daardie persone oneerlik is (Spooner 1852: 124).

Van die sterkste besware teen die juriestelsel is dat dit 'n lomp en ondoeltreffende stelsel is en dat geregtelike beslissings in die hande van spesialiste gelaat moet word (Joubert 1998: 187). Reeds in 1906 het daar 'n aantekening in die South African Law Journal, onder die opskrif "Trial by Jury: is it out of date?", verskyn. Die onbekende skrywer se grootste beswaar teen die juriestelsel is dat jurielede gekies word sonder om hulle vermoëns in ag te neem. Die gevolg is dat geregtigheid geskied sonder 'n sin vir verantwoordelikheid. Anders as regters wat daagliks op die bank sit, het die jurielid geen reputasie vir judisiële wysheid wat hy moet handhaaf nie.

Ook Chubb (1956: 191) is van mening dat die groot swakheid van die jurie daarin lê dat leke nie die komplekse regsisteem kan begryp nie. Hy sê dan ook: "Are not judges men trained in the law and men trained to be free from prejudice, more than competent to sift and weigh evidence than laymen from whose ranks the professional classes are almost entirely excluded".

Volgens Lamprecht (1995: 26) kry landdroste, in die geval van leke-assessore, te doen met persone wat maklik beïnvloedbaar is deur eksterne faktore, soos ontoelaatbare getuienis, die media en Amerikaanse televisiesepies waarin jurieverhore sterk uitgebeeld word, wat dan hul verbeelding aangryp en uiting vind in hulle feitebevindings. So 'n situasie moet ten alle koste in die openbare belang besweer word tensy 'n herlewing van die juriestelsel verlang word.

Louw (1995: 90) meen dat daar 'n moonlikheid bestaan dat beskuldigdes en regsverteenwoordigers die assessorestelsel as 'n vertragingsmeganisme of ontsnappingsroete kan gebruik deur telkens beswaar te maak teen die aanstelling van 'n assessor. Verder waarsku hy teen 'n te rigiede toepassing van die stelsel aangesien so 'n benadering die moontlikheid inhou dat die strafreg in die breë 'n ondiens aangedoen word. 'n Soepeler en buigsamer toepassing van die assessorestelsel, wat tot voordeel van alle partye sal wees, word aanbeveel.

Coetzer (1991: 2) het reeds toe daar nog net sprake was om van leke-assessore gebruik te maak, die mening gehuldig dat die gebruik van leke op die regbank nie 'n goeie idee is nie en wel om die volgende redes:

* eerstens omdat dit nie ingevolge die Suid-Afrikaanse regstelsel doenlik is dat 'n professionele funksionaris, wat besluitneming betref, op dieselfde vlak funksioneer as volslae leke nie
* tweedens omdat die gebruikmaking van leke-assessore die duur van 'n strafverhoor minstens sal verdubbel.

Graag wil die navorser afsluit met die ondervinding van Senator Frey (Senaatsitting 1959: 1202), wat 'n keer as jurielid gedien het en hom later as volg oor sy ervaring uitgelaat het: "Ek was ook voornemens om 'n positiewe bydrae tot die regspleging te lewer, maar toe die vraag gestel is, en ek moes antwoord, het ek nie geweet wat om te antwoord nie, weens gebrek aan ondervinding en kennis. Ek het onder die indruk gekom dat ek totaal onbekwaam was vir die verantwoordelike werk wat van my verwag is, sodat my bekwaamheid absoluut ooreis is. Uiteindelik was ek baie bly om die regter se leiding te kon volg en aanvaar, want dit was die enigste uitweg uit die cul-de-sac. Ek was teleurgestel en ek het my vererg oor 'n regstelsel wat my persoon in so 'n onaangename posisie gebring het ... Ek het by myself besluit, op grond van hierdie ondervinding, om alles te doen om

nooit weer aangestel te word om as lid in 'n jurie te moet dien nie, want ek het gevoel my gewete, die verantwoordelikheid teenoor myself, laat dit eenvoudig nie toe dat ek daar moet sit en oor dinge moet oordeel waarvan ek niks weet nie, waarvan ek niks verstaan nie, waarvan ek nie ervaring het nie".

Bogenoemde argumente kan almal van toepassing gemaak word op die posisie van die leke-assessor, aangesien jurielede niks anders as leke was wat by die strafregsplegingstelsel betrek is nie.

3.7. SAMEVATTING

Die juriestelsel in Suid-Afrika het beteken dat alle strafverhore in die Hoë Hof, voor 'n regter en nege jurielede plaasgevind het. Waar die jurie slegs in die hooggeregshof gebruik is, word leke-assessore uitsluitlik in laerhowe gebruik. Professionele assessore word in sowel hoër- as laerhowe aangewend. Wat die tipe persoon in die amp betref, is gesien dat jurielede tot blanke nie-professionele manspersone beperk was. Assessore wat in die hooggeregshof optree is weer uitsluitlik professionele persone, terwyl leke-assessore vergelyk kan word met die man op straat wat oor weinig of geen regskennis beskik.

Daar is ook onderskei tussen die wyses waarop jurielede en assessore aangestel word. Waar die jurie deur die balju gedagvaar is en sekere stappe gevolg is om die paneel saam te stel, berus die aanstelling van assessore uitsluitlik by die diskresie van die voorsittende beampte. Sowel assessore as jurielede se funksionering gedurende die verhoor is dieselfde. Albei besluit slegs oor regsvrae en nie oor feitevrae nie. Laastens is daar na kritiek op die stelsels gekyk. Veral die mening van 'n jurielid, ene senator Frey, is insiggewend en daaruit kan afgelei word hoe leke hul kennismaking met die regstelsel ondervind.

HOOFSTUK 4

DIE FUNKSIONERING VAN DIE ASSESSORESTELSEL IN DIE HOWE

4.1. INLEIDING

Hierdie hoofstuk sentreer rondom die aanstelling van assessore terwyl die beeïndiging van hul diens ook onder die vergrootglas geplaas word. By aanstelling word daar 'n onderskeid tussen die aansegging van assessore in die hoër- en laerhowe getref. In die besonder word aandag geskenk aan die posisie wat geld in geval van halsmisdade, naamlik die verpligte aansegging van assessore. By ontslag word 'n onderskeid getref tussen die dood of onbekwaamheid van assessore en rekusering.

4.2. DIE AANSTELLING VAN ASSESSORE

4.2.1. Inleiding

Die Strafproseswet, 51 van 1977, en die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, reël die aanstelling van assessore in die hoër- en laerhowe onderskeidelik. In die vorige hoofstuk (Hoofstuk 3) is die aanstelling

van assessore reeds aangeraak toe daar op die verskil tussen die aanstel van assessore en die aanstel van jurielede gewys is. In hierdie hoofstuk word uitgebrei op wat in die vorige hoofstuk vermeld is. Daar word veral gekonsentreer op die verpligting om assessore aan te stel in die geval van halsmisdade.

4.2.2. Assessore in die hoërhowe

Artikel 145 van die Strafproseswet, 51 van 1977, bepaal as volg:

"(1)(*b*) **... 'n assessor [beteken] iemand wat, na die oordeel van die regter wat by 'n verhoor voorsit, ondervinding van die regspleging het of bedrewe is in 'n aangeleentheid wat by die verhoor oorweeg mag word.**

(2) **Waar 'n prokureur-generaal 'n beskuldigde voor 'n hoër hof laat teregstaan-**

(*a*) **vir verhoor en die beskuldigde onskuldig pleit; of**

(*b*) **vir vonnis, of vir verhoor en die beskuldigde skuldig pleit, en 'n pleit van onskuldig in opdrag van die voorsittende regter aangeteken word,**

kan die voorsittende regter hoogstens twee assessore oproep om hom by die verhoor by te staan".

Behalwe in gevalle waar die regter van mening is dat die doodvonnis in geval van 'n skuldigbevinding aangewese mag wees, kan hy alleen sit of een of twee assessore aanstel. Dit is egter 'n vereiste dat die assessor ondervinding van die regspleging moet hê of andersins oor besondere kennis rakende 'n aangeleentheid wat by die verhoor oorweeg mag word, beskik. Assessore kan alleen opgeroep word indien daar 'n verhoor gaan wees en nie in gevalle waar die hof slegs vonnis gaan oplê nie. Waar die regter egter die beskuldigde se pleit van skuldig verander na onskuldig of indien hy skuldig pleit maar 'n pleit van onskuldig word aangeteken, kan assessore wel opgeroep word (Kriegler 1993: 358-359).

4.2.3. Assessore in die laerhowe

4.2.3.1. Algemeen

Artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, maak as volg voorsiening vir die gebruik van assessore in die laerhowe:

"(1) Die regterlike amptenaar wat by 'n verhoor voorsit, kan, indien dit na sy oordeel dienstig vir vir die regspleging sal wees-

(*a*) voor daar enige getuienis voorgelê is; of

(*b*) by die oorweging van 'n gemeenskapsgebaseerde straf ten opsigte van 'n persoon wat aan 'n misdryf skuldig bevind is, een of twee persone wat na sy mening by die verhoor van die saak of, na gelang van die geval, by die bepaling van 'n gepaste straf behulpsaam kan wees, aansê om hom by te staan, en om met hom as assessor of assessore sitting te neem: Met dien verstande dat indien 'n beskuldigde in die hof van 'n streekafdeling op 'n aanklag van moord, hetsy tesame met ander aanklagte of beskuldigdes al dan nie, teregstaan, die regterlike amptenaar by daardie verhoor deur twee assessore bygestaan moet word, tensy so 'n beskuldigde versoek dat die verhoor sonder assessore voortgesit word, waarop die regterlike amptenaar na goeddunke een of twee assessore kan aansê om hom by te staan".

'n Voorsittende beampte kan dus 'n assessor aansê om hom by te staan "indien dit na sy oordeel dienstig

vir die regspleging sal wees". Die vraag wat hier gevra moet word is of dit dienstig vir die regspleging moet wees in die algemeen of slegs in 'n spesifieke geval. Die gebruik van die woorde "die verhoor", "die saak" en "die beskuldigde" in hierdie subartikel is 'n aanduiding dat elke saak afsonderlik oorweeg behoort te word by die beantwoording van die vraag (Louw 1995: 83).

Uit die bespreking onder 3.4.3.2. (hierbo) blyk dit dat die voorsittende beampte 'n onafhanklike diskresie het om assessore aan te stel al dan nie, behalwe sekere gevalle waar 'n persoon in die streekhof op 'n aanklag van moord teregstaan en die voorsittende beampte verplig is om 'n assessor aan te stel. Die vraag ontstaan of die voorsittende beampte sy aandag aan 'n spesifieke saak moet skenk en daarna moet besluit om assessore aan te stel en of hy kan besluit dat assessore hom in alle sake op 'n betrokke dag moet bystaan, aldus Louw (1995: 83). Hy antwoord hierop dat 'n behoorlike uitleg van artikel 93*ter* (1) van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, daarop dui dat elke landdros sy diskresie om assessore aan te stel regterlik moet uitoefen deur telkens sy aandag aan 'n spesifieke saak te skenk.

Die voorsittende beampte moet ook besluit of hy een of twee assessore gaan aanstel. Volgens Louw (1995: 83) is die hoeveelheid nie van belang nie maar wel of:

* die aanstelling(s) dienstig sal wees vir die regspleging; en
* die assessor(e) die regterlike amptenaar sal bystaan en behulpsaam sal wees.

4.2.3.2. Wie word as assessore aangestel?

Wat die persoon wat as assessor aangestel kan word aanbetref, verskil die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, van die bepalings van die Strafproseswet, 51 van 1977. Die rede hiervoor is dat daar in die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, voorsiening gemaak is om van leke-assessore gebruik te maak. In die hooggeregshof word slegs professionele persone gebruik om as assessore op te tree. Alhoewel die gebruik van professionele assessore nie verbied word nie, is dit vir assessore wat in landdroshowe gebruik word, na die inwerkingtreding van artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, nie meer nodig om 'n regsgeleerde of 'n deskundige op 'n bepaalde gebied te wees nie (Hansard 1991: 12650). Die assessorestelsel is hierdeur uitgebrei met die doel om

groter betrokkenheid aan die gemeenskap by regspraak te verleen. Dit is van groot belang dat alle inwoners van die land hulle met die regstelsel kan identifiseer. Die taak om te bepaal watter persone geskik is om as assessore op te tree, berus egter by die landdros. Kantoorhoofde by landdroskantore is deur die Departement Justisie versoek om 'n register van persone wat gewillig en geskik is om as assessore op te tree, saam te stel. Hierdie persone word tans deur gemeenskapskomitees, sonder keuring van integriteit of andersins, op 'n roterende basis aangewys (Kotzé 1995: 144).

Artikel 93*ter* (2)(*a*) van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, bepaal as volg:

"(2)(a) By die oorweging of die aansegging van assessore kragtens subartikel (1) dienstig vir die regspleging sal wees, neem die regterlike amptenaar-

(i) die kulturele en maatskaplike omgewing waaruit die beskuldigde afkomstig is;

(ii) die opvoedkundige agtergrond van die beskuldigde;

(iii) die aard en die erns van die misdryf wat die beskuldigde ten laste gelê word of waaraan hy skuldig bevind is;

(iv) die omvang of waarskynlike omvang van die straf waaraan die beskuldigde by skuldigbevinding sal blootstaan of, na gelang van die geval, blootstaan;

(v) enige ander aangeleentheid of omstandigheid wat na sy oordeel op die wenslikheid van die aansegging van 'n assessor of assessore mag dui, in aanmerking en kan hy die beskuldigde met betrekking tot die aangeleenthede in hierdie paragraaf bedoel, ondervra".

Volgens Louw (1995: 84) word die hele aangeleentheid rondom die aanstel van leke-assessore vanuit die oogpunt van die beskuldigde beskou. Die voorsittende beampte het in die geval van subartikel (2)(*a*)(i) tot (2)(*a*)(iv) hierbo geen opsie nie, maar moet die kriteria by aansegging oorweeg. 'n Doelbewuste verontagsaming hiervan sal waarskynlik as 'n growwe onreëlmatigheid deur die hooggeregshof aangeteken word. Die vraag sal telkens wees of die beskuldigde benadeel is en indien wel, sal die verrigtinge moontlik nietig verklaar word. Dit is ook belangrik dat die gestelde kriteria by die beskuldigde moet pas en nie by die klaer of die breë publiek nie. Daar word dus spesifiek op die beskuldigde gelet. Enige ander aan-

geleentheid of omstandigheid kan ingevolge subartikel (2)(*a*)(v) in ag geneem word tensy dit nie met die eerste vier kriteria bots of dit verydel nie. Die klaer en die publiek is faktore wat onder die vyfde kriterium tuisgebring kan word. Die eerste vier kriteria is dus verpligtend terwyl die laaste kriterium uitbreidend van aard is en diskresionêr toegepas word (Louw 1995: 84).

4.2.3.3. Deur wie word assessore aangestel?

Soos reeds gesien word assessore deur die "regterlike amptenaar wat by 'n verhoor voorsit", aangestel (3.4.3.1. hierbo). Die meeste landdroskantore beskik oor 'n assessorelys. Die landdros raadpleeg die assessorelys vir geskikte kandidate indien hy dit noodsaaklik vind om 'n assessor aan te sê (Kotzé 1995: 146).

Die voorsittende beampte het 'n redelike vrye keuse by die aanstelling van assessore en niks verhoed hom om selfs van die assessorelys af te wyk nie. Daar moet slegs aan die kriteria wat in artikel 93*ter* (2)(*a*) van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, neergelê is, voldoen word. Louw (1995: 86) doen aan die hand dat landdroste, sover moontlik, nie op spe-

sifieke assessore moet aandring nie. Aanstellings kan ook op 'n rotasiebasis geskied. Aanstellings op hierdie basis sal objektiwiteit beklemtoon en bevorder. Aan die ander kant mag dit egter tot gevolg hê dat die vereistes van artikel 93*ter*(2)(*a*) van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, onbewustelik deur rotasie verontagsaam kan word aangesien die aanstelling van 'n assessor in een saak nie noodwendig 'n gepaste aanstelling in 'n volgende saak is nie (Louw 1995: 86).

Die aanstelling van assessore moet nie ligtelik opgeneem word nie. In die praktyk word leke-assessore tans aangestel sonder die behoorlike uitoefening van regterlike diskresie en slegs ter wille van die stelsel (Louw 1995: 86). Kotzé (1995: 146) is van mening dat die kort onderhoud deur die kantoorhoof en landdros wat die leke-assessor wil aansê, in die praktyk nie genoegsaam blyk te wees om te bepaal of 'n betrokke persoon geskik is om as leke-assessor aangestel te word nie. So 'n aanstelling kan verreikende gevolge hê. Artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, moet toegepas word soos wat dit daar staan en die landdros sal telkens sy volle aandag aan elke aanstelling moet skenk met inagneming van al die voorgeskrewe vereistes. Enige afwyking

van artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, onder die dekmantel dat dit bevorderlik vir die assessorestelsel kan wees, kan dalk net die teen-oorgestelde uitwerking hê (Louw 1995: 86).

Die navorser wil met Louw (1995: 86) saamstem dat die posisie rondom die aanstelling van assessore op hierdie stadium onbevredigend blyk te wees en dat die wetgewer die aanstellings van assessore op 'n meer regseker en permanente grondslag behoort te plaas.

4.2.4. Beswaar van beskuldigde teen die aanstel van assessore

4.2.4.1. Beswaar teen assessore in die algemeen

Indien 'n beskuldigde weens moord in die streekhof teregstaan is die aanstelling van assessore verpligtend, behalwe waar die beskuldigde versoek dat geen assessor aangestel word nie. Die versoek hoef nie gesubstansieer te word nie, maar 'n blote versoek om af te sien van 'n verhoor met assessore is voldoende (Louw 1995: 85). Wanneer so 'n versoek tot die streeklanddros gerig word, verval die verpligting om assessore aan te stel en ontstaan daar 'n diskresie

om assessore aan te stel soos in enige ander geval (Anoniem 1: 5).

Volgens Louw (1995: 85) eerbiedig artikel 93*ter* (1) van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, die individu se keuse by 'n ernstige verhoor en behoort dit ook die geval te wees in enige ander verhoor. Die grondslag vir hierdie standpunt is daarin geleë dat die wens van die individuele beskuldigde eerbiedig behoort te word.

4.2.4.2. Beswaar teen 'n spesifieke assessor

Alhoewel die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, en die Strafproseswet, 51 van 1977, nie voorsiening maak vir sodanige optrede nie, sal 'n beskuldigde waarskynlik beswaar kan maak teen die aanstel van 'n spesifieke assessor indien hy grondige redes vir sy beswaar kan aanvoer. 'n Beskuldigde sien die assessor vir die eerste keer in die hof en by hierdie geleentheid sal sy beswaar teen die assessor dan ook eers ter sprake kan kom. Indien die beskuldigde 'n grondige beswaar teen die assessor opper, sal die voorsittende beampte die assessor, wat op hierdie stadium reeds aangestel is, moet ontslaan. Dit is egter nie seker of sodanige ontslag geldig sal wees nie aangesien nie die

Strafproseswet, 51 van 1977, of die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, voorsiening maak vir die ontslag van 'n assessor nie. Indien die ontslag van 'n assessor as onregmatig aangestip sou word, kan die probleem oorbrug word deur óf die identiteit van die assessor voor sy aanstelling aan die beskuldigde bekend te maak óf deur die assessor te versoek om te rekuseer. 'n Verdere probleem kan egter ontstaan indien die assessor weier om te rekuseer (Louw 1995: 85).

Ook artikel 147 van die Strafproseswet, 51 van 1977, bied in so 'n geval nie uitkoms nie aangesien hierdie artikel slegs van toepassing is op 'n assessor wat "gedurende die verhoor" onbekwaam raak. Op die tydstip wanneer die beskuldigde die eerste maal sy beswaar teen 'n spesifieke assessor kan opper, het die verhoor nog nie 'n aanvang geneem nie.

4.2.5. Leke-assessore en die Grondwet, 108 van 1996

Artikel 165 van die Grondwet, 108 van 1996, bepaal die volgende:

"(1) Die regsprekende gesag van die Republiek berus by die howe.

(2) Die howe is onafhanklik en onderworpe slegs aan die Grondwet en die reg, wat hulle onpartydig en

sonder vrees, begunstiging of vooroordeel moet toepas.

(3) Geen persoon of staatsorgaan mag op die funksionering van die howe inbreuk maak nie.

(4) Staatsorgane moet die howe deur middel van wetgewende en ander maatreëls bystaan en beskerm ten einde die onafhanklikheid, onpartydigheid, waardigheid, toeganklikheid en doeltreffendheid van die howe te verseker.

(5) 'n Bevel of beslissing deur 'n hof uitgereik, bind alle persone op wie en staatsorgane waarop dit van toepassing is".

Die regsprekende gesag van Suid-Afrika berus dus by die howe. Die regsprekende gesag is onafhanklik en onpartydig en slegs aan die Grondwet, 108 van 1996, en die heersende reg onderworpe. Ook mag geen persoon of staatsorgaan met regsprekende beamptes in die uitvoer van hulle werksaamhede inmeng nie.

Volgens artikel 145(1)(*b*) van die Strafproseswet, 51 van 1977, is die hooggeregshof verplig om óf persone wat ondervinding in die regspleging het óf deskundiges aan te sê waar assessore in strafsake benodig word. Alhoewel landdroste ook professionele persone as assessore kan aanstel word hulle deur artikel

93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, verplig om ook van leke-assessore gebruik te maak. Kotzé (1995: 146) is van mening dat die onderskeid tussen die aansê van assessore deur regters teenoor dié van landdroste, kwalik regverdigbaar is.

Volgens die eertydse Adjunk-Minister van Justisie, meneer D. Schutte, moet alle Suid-Afrikaners, wat die landdroshowe aanbetref, hulle met die regstelsel kan vereenselwig (Hansard 1991: 12644). Kotzé (1995: 146) meen dat hierdie siening nie vir die hooggeregshof geld nie, alhoewel beide howe binne dieselfde regsbestel en gemeenskap funksioneer. Verder hou die heersende bepalings van artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, nie rekening met die bepalings van artikel 108 van die Grondwet, 108 van 1996, nie en kan dit beskou word as inmenging in die werksaamhede en onafhanklikheid van regsprekende beamptes.

'n Beskuldigde wat in die hooggeregshof voor 'n regter en twee assessore op moord teregstaan, verkeer in 'n beter posisie as 'n beskuldigde wat voor 'n streeklanddros en twee leke-assessore teregstaan. Die vraag wat ontstaan is of reg en geregtigheid werklik op hierdie wyse geskied. Artikel 25 van die

Tussentydse Grondwet, 200 van 1993, verskans die reg wat 'n beskuldigde op 'n billike verhoor het. Hierdie bepaling word bevestig deur artikel 35 van die huidige Grondwet, 108 van 1996. Indien dit 'n beskuldigde se reg is om die beste regsverteenwoordiging in die howe te bekom, ontstaan die vraag waarom 'n beskuldigde tevrede moet wees met 'n twyfelagtige regbank wat uit 'n meerderheid van leke bestaan. Aangesien dit die taak van assessore is om 'n hof behulpsaam te wees, behoort dieselfde beginsels ten opsigte van die aansegging van assessore in die laerhowe te geld as dié in die hooggeregshof. Persone met regsondervinding of deskundiges op 'n spesifieke vakgebied, behoort derhalwe aangestel te word en nie leke nie (Kotzé 1995: 147).

4.3. DIE POSISIE IN GEVAL VAN HALSMISDADE

Die posisie in die geval van halsmisdade moet gesien word teen die historiese agtergrond van die toepassing van die doodstraf voordat die doodstraf as ongrondwetlik deur die Konstitusionele Hof bevind is. Die doel van die invoeging is nie om die huidige situasie weer te gee nie, maar om 'n historiese perspektief op te helder.

Wanneer die doodvonnis geoorloof is, moet die regter vooraf oorweeg of dit moontlik 'n geval kan wees waar die doodvonnis opgelê kan word. Indien die voorsittende beampte van oordeel is dat die doodvonnis kan of moet opgelê word, is hy verplig om twee assessore op te roep om hom by te staan (Du Toit 1981: 204). Hierdie opdrag van die wetgewer aan die hof bring egter komplikasies mee aangesien die regter baie min feite het waarop hy sy oordeel moet grond (Hiemstra 1987: 317).

Volgens Kriegler (1993: 359) kan die voorsittende beampte hoogstens die volgende tot sy beskikking hê, naamlik:

* die oorkonde van die verrigtinge ingevolge artikel 119;
* 'n mediese verslag van die nadoodse ondersoek;
* die opsomming van die wesenlike feite in die saak ingevolge artikel 144(3)(*a*);
* 'n lys van staatsgetuies; en
* die akte van beskuldiging.

Aangesien die voorsittende beampte nie die getuieverklarings vooraf kan deurgaan nie, is hy sterk aangewese op die oordeel van die prokureur-generaal of sy verteenwoordiger. Dit is egter baie belangrik dat

die voorsittende beampte sy eie oordeel moet vorm en nie sy taak aan die prokureur-generaal moet delegeer nie. As gevolg hiervan kan dit, in gevalle waar geen assessor aangestel is nie, gebeur dat die saak 'n onvoorsienbare wending neem wat daarop uitloop dat geen versagtende omstandighede aan die lig kom nie. Die doodvonnis word dan die enigste gepaste vonnis. Die vraag ontstaan nou of die doodvonnis in so 'n geval wel opgelê kan word ondanks die afwesigheid van assessore (Kriegler 1993: 359).

In *S v Chaane*, 1978 (2) SA 891 (A), is *obiter* geoordeel dat 'n regter wat alleen sit wel die doodvonnis kan oplê indien daar geen onreëlmatigheid begaan is deur die verhoor sonder assessore te begin nie. In *S v Bosman*, 1988 (2) SA 485 (A), het die verhoorregter, nadat hy die staatsadvokaat geraadpleeg het, gemeen dat dit onwaarskynlik was dat die doodvonnis opgelê sou word. Die saak neem egter 'n onvoorsiene wending en geen versagtende omstandighede kom aan die lig nie. Die gevolg hiervan is dat die doodvonnis opgelê word. Die appèlhof bevind ook in hierdie geval dat daar geen onreëlmatigheid begaan is nie. Ook Du Toit (1981: 205) is dit eens dat 'n regter in so 'n geval volkome bevoeg sal wees om die doodvonnis op te lê, selfs al sit hy alleen. Dit maak nie saak wat vir

die aanvanklike foutiewe oordeel dat die doodvonnis nie opgelê sal word verantwoordelik was nie. Die regter se voorafgaande *bona fide*-oordeel laat in so 'n geval die verpligting om assessore op te roep wegval, al was dit 'n foutiewe oordeel.

Indien die voorsittende beampte, teen die advies van die prokureur-generaal, besluit om nie assessore aan te stel nie, sal dit 'n onreëlmatigheid wees indien hy wel die doodvonnis oplê. Dieselfde geld ook wanneer die voorsittende beampte die oproep van assessore heeltemal buite rekening laat. Die rede hiervoor is dat die assessore moontlik die regter kon oorreed het om versagtende omstandighede te bevind (Hiemstra 1987: 317). Dit is belangrik om daarop te let dat die voorsittende beampte dit <u>moet</u> oorweeg of assessore aangestel moet word al dan nie. Indien die vraag glad nie oorweeg is voor die aanvang van die verrigtinge nie en die verhoorregter sit alleen, sal dit 'n onreëlmatigheid wees indien hy die doodvonnis oplê (Du Toit 1981: 206).

In *S v Malinga*, 1987 (3) SA 490 (A), was die verhoorregter van mening dat die doodvonnis opgelê sou word en probeer twee assessore oproep. Hy kon egter slegs een beskikbare assessor kry. Op grond hiervan bevind

die appèlafdeling dat daar 'n onreëlmatigheid gepleeg is en die skuldigbevinding aan moord sowel as die doodvonnis word ter syde gestel.

In *S v Mhlongo*, 1991 (2) SASV 207 (A), is daar beklemtoon dat die verhoorregter by 'n halsmisdaad altyd assessore behoort op te roep. Die voordeel van die assessor se bystand behoort nooit onderskat te word nie.

Voor die aanvang van die verrigtinge sal die voorsittende beampte dus die opsomming van die wesenlike feite van die saak, wat die akte van beskuldiging vergesel en in sy leêr verskyn, raadpleeg om vas te stel of hy assessore moet oproep al dan nie. Indien die opsomming van die wesenlike feite twyfel laat of waar die voorsittende beampte nie seker is of hy assessore moet aanstel nie, sal hy die informele houding van die staat (die prokureur-generaal of sy verteenwoordiger) verkry om hom met sy besluit behulpsaam te wees (Du Toit 1981: 206).

4.4. BEEÏNDIGING VAN DIE DIENS VAN 'N ASSESSOR

4.4.1. Dood of onbekwaamheid

Artikel 147(1) van die Strafproseswet, 51 van 1977, lui as volg:

"(1) Indien 'n assessor te eniger tyd gedurende 'n verhoor sterf of, na die oordeel van die voorsittende regter, onbekwaam raak om as assessor op te tree, kan die voorsittende regter gelas-

(a) dat die verhoor voor die oorblywende lid of lede van die hof voortgaan; of

(*b*) dat die verhoor *de novo* begin, en te dien einde 'n assessor oproep in die plek van die assessor wat gesterf het of onbekwaam geraak het om as assessor op te tree".

In *R v Price*, 1955 (1) SA 219 (A), het die appèlhof 'n skuldigbevinding nietig verklaar wat deur 'n regter en een assessor aangeteken is, op grond daarvan dat, na die dood van die ander assessor, die hof nie meer behoorlik saamgestel was nie en dat die toestemming van die beskuldigde tot die voortsetting van die verhoor, irrelevant was.

Swift (1957: 163) is van mening dat daar 'n onderskeid getref moet word tussen sake waarin assessore verpligtend is en dié waar die aanstelling by die diskresie van die voorsittende beampte berus. In eersgenoemde geval kan die verhoor, as een assessor

wegval, voortgesit word volgens die diskresie van die regter mits die beskuldigde en die aanklaer toestem. In laasgenoemde geval het die voorsittende beampte 'n onbelemmerde diskresie of hy sal voortgaan al dan nie wanneer een assessor te sterwe kom.

Volgens Hiemstra (1987: 320) word daar met onbekwaamheid nie slegs liggaamlike onbekwaamheid bedoel nie. Waar daar benadelende ontoelaatbare getuienis, of iets anders wat sy oordeel onregmatig kan beïnvloed tot die kennis van 'n assessor kom, behoort die assessor hom te rekuseer, andersins sal die uitspraak blootstaan aan tersydestelling.

In *S v Gqeba and Others*, 1989 (3) SA 712 (A), het die voorsittende beampte die moontlikheid voorsien dat die doodvonnis opgelê sou word en twee assessore opgeroep. Gedurende die verloop van die verhoor benodig een van die assessore se enigste dogter dringende mediese behandeling. Die assessor wou graag sy dogter vergesel en bystaan aangesien daar niemand anders beskikbaar was om dit te doen nie. Met die instemming van die advokate aan weerskante kondig die regter toe aan dat die assessor vanweë dwingende menslikheidsredes nie met die verhoor kan voortgaan nie en die assessor word ontslaan. Op appèl is die drie

regters dit eens dat die woord "onbekwaam" in artikel 147(1) van die Strafproseswet, 51 van 1977, bedoel dat die regter moet bevind dat die assessor nie kan voortgaan nie, voordat hy hom mag ontslaan. Sy onvermoë mag liggaamlik, verstandelik of moontlik as gevolg van langdurige en hewige emosionele stres wees. Sy blote wens om ontslaan te word is egter nie onbekwaamheid binne die bedoeling van die subartikel nie. Twee van die regters bevind dat dit inderdaad die feitelike posisie was en stel die skuldigbevindings en vonnisse ter syde op grond van die onreëlmatigheid. Die derde regter is egter van mening dat die assessor so oorstelp was dat hy in elk geval nie sy pligte sou kon vervul nie en dat die ontslag daarom nie onreëlmatig was nie.

In 'n omvangryke veiligheidsaak *S v Malinde and Others*, 1990 (1) SA 57 (A), het die bedrywighede van onder andere die United Democratic Front (UDF), in gedrang gekom. Albei die assessore het die regter vooraf in kennis gestel dat hulle geen verbintenis met die UDF gehad het nie. Tydens 'n teevergadering, op 'n tydstip toe een van die beskuldigdes in kruisverhoor ondervra is oor 'n petisie wat die UDF gesirkuleer het, merk een van die assessore teenoor die regter op dat hy ook die petisie onderteken het. Na

oordenking en sonder om die partye of die assessor in die saak te ken, besluit die regter dat die betrokke assessor homself moet rekuseer. By die hervatting van die verhoor verklaar die regter dan ook dat die assessor ingevolge artikel 147(1) van die Strafproseswet, 51 van 1977, onbekwaam geword het en gelas dat die verhoor voor homself en die oorblywende assessor voortgesit word. Die appèlafdeling beslis dat die ontslag van die assessor 'n onreëlmatigheid was en ook dat artikel 147(1) van die Strafproseswet, 51 van 1977, nie betrekking het op so 'n geval nie. Die uitleg van die woord "onbekwaam" in *S v Gqeba and Others*, 1989 (3) SA 712 (A), word ondersteun en sodanige uitleg word bevind heeltemal ontoepaslik te wees op die betrokke feite. Verder praat artikel 147(1) van die Strafproseswet, 51 van 1977, van "onbekwaam raak" terwyl die betrokke assessor volgens die siening van die regter van die begin af onbekwaam was.

In gevalle waar daar oor die vraag of 'n persoon onbekwaam geraak het om as assessor te dien besin moet word, sal alle partye, ooreenkomstig die stelreël *audi alteram partem*, 'n geleentheid gegun moet word om die hof oor die aangeleentheid toe te spreek. 'n Versuim om die partye so 'n geleentheid te gun is

onreëlmatig en kan lei tot die nietigverklaring van die verrigtinge. Ook die feite waarop geoordeel moet word of 'n assessor onbekwaam geraak het, moet in so 'n geval volledig aan die partye meegedeel word sodat hulle in staat sal wees om oor die aangeleentheid te betoog (Anoniem 1: 17). Volgens Kriegler (1993: 366) is die aangewese prosedure in so 'n geval dié van rekusering.

Die assessor in *S v Gqeba and Others*, 1989 (3) SA 712 (A), was liggaamlik en geestelik bekwaam om met die verhoor voort te gaan, maar onwillig as gevolg van die omstandighede van sy dogter. In *S v Malinde and Others*, 1990 (1) SA 57 (A), was die assessor nie alleen liggaamlik en geestelik bekwaam om voort te gaan nie, maar ook gewillig. Daar is egter 'n geregtelike onbekwaamheid deur die regter waargeneem. Beide gevalle beklemtoon egter die feit dat die bystand van assessore hoog aangeslaan word en dat die beskuldigde slegs in heel beperkte omstandighede ontneem mag word van die beveiliging wat die wetgewer met artikel 147(1) van die Strafproseswet, 51 van 1977, beoog het (Kriegler 1993: 366).

Aangesien artikel 147(1) van die Strafproseswet, 51 van 1977, slegs gevalle dek waar 'n fisiese of gees-

telike toestand die onbekwaamheid tot gevolg gehad het of waar die assessor fisies verhoed word om die verrigtinge by te woon, sal daar in gevalle waar 'n assessor afwesig is en die rede vir sy afwesigheid onbekend is, nie van hierdie artikel gebruik gemaak kan word nie. Daar sal eers 'n deeglike ondersoek na die rede vir die assessor se afwesigheid gedoen moet word alvorens hy ontslaan kan word (Anoniem 1: 17).

4.4.2. Rekusering

Rekusering kom ter sprake wanneer dit blyk dat 'n assessor of voorsittende beampte nie sy taak onbevooroordeeld kan uitvoer nie, of waar dit blyk dat 'n assessor bevooroordeeld is. Die moontlikheid van partydigheid, wat objektief beoordeel moet word, is deurslaggewend en sal rekusering regverdig of noodsaak. Indien daar ontoelaatbare getuienis wat benadelend vir die beskuldigde kan wees, tot die kennis van 'n assessor kom, sal dit feitlik sonder uitsondering aanleiding gee tot die gevolgtrekking dat die assessor daardeur beïnvloed is en derhalwe nie in staat sal wees om sy taak onbevooroordeeld te verrig nie. So 'n onreëlmatigheid sal aanleiding gee tot die tersydestelling van die verrigtinge op appèl tensy daar gesê kan word dat 'n skuldigbevinding,

ongeag die onreëlmatigheid, noodwendig moes volg. Dit is daarom belangrik dat voorsittende beamptes bedag daarop moet wees en verhoed dat ontoelaatbare getuienis tot die kennis van assessore kom (Anoniem 1: 18).

Volgens Hiemstra (1987: 320) behoort 'n assessor homself te rekuseer indien daar benadelende, ontoelaatbare getuienis tot sy kennis kom, of iets anders wat sy oordeel onregmatig kan beïnvloed. Swanepoel (1990: 176) stem egter nie saam met hierdie uitgangspunt van Hiemstra (1987: 320), naamlik dat 'n assessor homself kan onttrek, nie. Hy is van mening dat artikel 147 van die Strafproseswet, 51 van 1977, nie daarvoor voorsiening maak nie. 'n Assessor, as beoordelaar van die feite, kan nie 'n groter rol op homself neem as dit wat die Wet voorskryf nie. Indien 'n assessor homself sou kan onttrek, neem hy die rol en funksie van die voorsittende beampte, wie se taak dit is om aan alle persone op gelyke voet reg te laat geskied sonder vrees, begunstiging of vooroordeel, oor (Swanepoel 1990: 176).

Ook regter Van Dijkhorst is van mening dat 'n assessor homself kan rekuseer. In *S v Baleka*, (4) 1988 (4) SA 688 (T), laat hy die keuse aan die asses-

sor oor om homself te rekuseer. Op die weiering van die assessor word hy deur die regter ontslaan. Swanepoel (1990: 176-177) is van mening dat die regter verkeerdelik onder die indruk verkeer het dat 'n assessor homself kan onttrek. Indien 'n assessor homself kan ontslaan volgens sy eie oordeel en nie slegs volgens die oordeel van die voorsittende beampte nie, kan die normale verloop van 'n saak ernstig belemmer word.

Waar daar wel ontoelaatbare getuienis tot die kennis van die assessor kom, ontstaan die vraag wat die voorsittende beampte te doen staan. Artikel 147 van die Strafproseswet, 51 van 1977, is nie in hierdie geval van toepassing nie. In die hooggeregshof tree die voorsittende beampte ingevolge 'n gemeenregtelike bevoegdheid op en die betrokke assessor word ontslaan. Die voorsittende beampte verklaar normaalweg die verrigtinge nietig en 'n *de novo* verhoor word beveel. Dit is egter te betwyfel of 'n landdros of streeklanddros, wat al hulle magte en bevoegdhede statutêr ontleen, ingevolge die genoemde gemeenregtelike bevoegdheid kan optree. Die enigste oplossing blyk te wees dat stappe gedoen moet word om die verrigtinge deur 'n hoërhof nietig te laat verklaar. Dieselfde probleem kan ook ondervind word waar 'n

assessor, nadat getuienis reeds aangevoer is, weier om verder as assessor sitting in te neem, of waar die assessor na die verdaging van 'n saak afwesig raak en die rede daarvoor onbekend is (Anoniem 1: 18-19).

Die eventuele diskresie om 'n assessor te ontslaan berus dus by die voorsittende beampte. Hierdie diskresie moet judisieël uitgeoefen word en volgens regsbeginsels geskied. Die algemene beginsels wat by die onttrekking van 'n voorsittende beampte van toepassing is, is ook tersaaklik by die vorming van die regter se oordeel, naamlik of daar 'n belang by die geding of die partye, of kwaadwilligheid of enige gevoel van vooroordeel aan die kant van die assessor is (Swanepoel 1990: 177).

4.4. SAMEVATTING

Die aanstelling sowel as die ontslag van 'n assessor berus by die diskresie van die voorsittende beampte. Dieselfde posisie geld in hoër- en laerhowe. By die aanstel van leke-assessore in laerhowe moet die aansegging egter dienstig vir die regspleging wees. Artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, sit dan ook die kriteria waarvolgens die voorsittende beampte dienstigheid moet bepaal,

uiteen. 'n Beskuldigde kan ook beswaar aanteken teen die aanstel van assessore in die algemeen sowel as teen die aanstel van 'n spesifieke assessor. Aangesien nie die Strafproseswet, 51 van 1977, of die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, voorsiening maak vir die ontslag van 'n assessor nie, kan daar nie met sekerheid bepaal word wat die korrekte prosedure in so 'n geval moet wees nie. Wat die ontslag van assessore aanbetref het daar eers nie sekerheid bestaan oor die uitleg van die woord "onbekwaam" in artikel 147(1) van die Strafproseswet, 51 van 1977, nie. Die kwessie rondom onbekwaamheid is egter in die *Gqeba*-saak uitgeklaar. Daar heers egter steeds onsekerheid oor wat in die geval van rekusering gebeur, aangesien dit nie binne die kader van artikel 147 van die Strafproseswet, 51 van 1977, val nie. 'n Assessor kan homself ook nie ontslaan nie aangesien die finale besluit in verband met ontslag by die diskresie van die voorsittende beampte berus. 'n Probleem kan ontstaan indien 'n assessor byvoorbeeld na 'n teepouse nie weer opdaag nie. So 'n situasie kan nie bevorderlik wees vir regspleging nie en die wetgewer behoort meer spesifieke maatreëls by die aanstelling en ontslag van assessore neer te lê.

HOOFSTUK 5

DIE ROL VAN DIE ASSESSOR IN DIE HOWE

5.1. INLEIDING

Artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, reël en beperk die rol van assessore in strafverhore in die laerhof terwyl die Strafproses-wet, 51 van 1977, die rol van assessore oor die algemeen reël. In hierdie hoofstuk word grootliks gekonsentreer op die onderskeid tussen regs- en feitevrae en die rol wat assessore speel in die beantwoording van die betrokke vrae. Aansluitend hierby word die rol van die assessor by vonnis-oplegging en die redes vir die uitspraak ondersoek. Aandag word ook geskenk aan die doel van assessore. Hier geniet veral die posisie van die leke-assessor na die inwerkingtreding van artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, besondere aandag.

5.2. DOEL EN FUNKSIE VAN ASSESSORE

In *R v Mati and Others,* 1960 (1) SA 304 (A), het appèlregter Schreiner gesê: *"It is disquieting to think that under our system of procedure, of which we*

are in general justly proud, it is possible for an accused person to be convicted by a judge sitting alone and be sentenced to death after a trial in which by reason of his poverty he has had to conduct his own defence".

Uit hierdie aanhaling blyk dit dat die geleerde regter van mening is dat dit nie in die belang van gesonde regspleging is indien 'n beskuldigde deur 'n alleensittende regter verhoor word nie. Die doel met die aanstelling van assessore is dan ook om die voorsittende beampte behulpsaam te wees met die feitelike kwessies in geskil gedurende 'n verhoor. Dit is belangrik om daarop te let dat die funksie van die assessore beperk is tot die verhoor van die saak. Die verhoor gaan slegs oor die kwessies in geskil en eindig met die beslissing. Derhalwe het assessore niks te doen met vonnisoplegging nie (Joubert 1998: 184).

As gevolg van die persepsies van die gemeenskap het daar 'n geloofwaardigheidskloof tussen die howe en die publiek ontstaan en veral swart gemeenskappe het agterdogtig geraak oor die objektiwiteit en regverdigheid van die regsisteem. Volgens Hansard (1991: 12643) kon die situasie verander word deurdat land-

droste hul regsbank met die man op straat deel. Die aanwending van leke-assessore in die landdroshowe word dan ook 'n realiteit met die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Landdroshowe, 118 van 1991. Die doel met die wetswysiging was dan ook om deur die gebruikmaking van leke-assessore, 'n groter mate van gemeenskapsbetrokkenheid by die strafregspleging te bewerkstellig (Kriegler 1993: 363). Volgens Watney (1992: 468) behoort kritiek wat dikwels teen die Suid-Afrikaanse regstelsel uitgespreek is aangesien dit deur die blanke lede van die gemeenskap oorheers is, in 'n groot mate deur hierdie wetgewing ondervang te word.

5.3. FEITE- OF REGSVRAAG

5.3.1. Algemeen

Volgens artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, is 'n assessor 'n lid van die hof behoudens sekere bepalings. Paragraaf (*a*) tot (*c*) van die gemelde artikel gee die volgende bepalings:

"(a) **'n regspunt wat vir beslissing by so 'n verhoor opkom, en enige vraag wat daar opkom of die vraag vir beslissing 'n feitepunt of 'n regspunt is, word deur die presiderende regterlike**

amptenaar beslis en 'n assessor het geen seggenskap by so 'n beslissing nie;

(*b*) die presiderende regterlike amptenaar kan die argument oor so 'n punt of vraag as wat in paragraaf (*a*) vermeld word verdaag, en kan alleen sit vir die verhoor van so 'n argument en die beslissing omtrent so 'n punt of vraag;

(*c*) wanneer die gemelde regterlike amptenaar 'n beslissing ingevolge paragraaf (*a*) gee, moet hy sy redes vir so 'n beslissing aanvoer".

Hiervolgens is dit die taak van die voorsittende beampte om te besluit of die vraag 'n feite- of 'n regsvraag is en die assessor het geen seggenskap in so 'n beslissing nie. Paragraaf (*d*) en (*e*) lui as volg:

"(*d*) op alle feitepunte is die beslissing of bevinding van die meerderheid van die lede van die hof die beslissing of bevinding van die hof, behalwe wanneer slegs een assessor met die presiderende regterlike amptenaar sit, in welke geval die beslissing of bevinding van so 'n regterlike amptenaar die beslissing of bevinding van die hof is, ingeval daar 'n verskil van mening bestaan;

(*e*) die hof is verplig om redes aan te voer vir sy beslissing of bevinding op enige saak ingevolge paragraaf (*d*)".

In teenstelling met wat hierbo van paragraaf (*a*) tot (*c*) gesê is , word die beslissing oor feitevrae deur die meerderheid van die lede van die hof geneem. In gevalle waar daar egter slegs een assessor aangestel is, word die beslissing deur die voorsittende beampte geneem. Lamprecht (1995: 26) noem die volgende redes hiervoor:

* Eerstens is assessore wat in die laerhof optree nie noodwendig geskool in die reg nie maar kan as 'n leek op regsgebied beskou word. 'n Voorsittende beampte aan die ander kant, is wel deeglik in die reg opgelei.
* Tweedens is daar al ondervind dat 'n leek baie gou verdwaal kan raak tussen die magdom regsreëls en die problematiek van die reg.

5.3.2. Wat is 'n feitevraag?

Feitepunte sal normaalweg betrekking hê op die feitelike beweringe, ofte wel die verbodsbeskrywing, in die klagstaat. Dit strek egter verder om ook daardie feite ter verduideliking van die feite wat in die

klagstaat vermeld word, in te sluit. Feitepunte sal ook betrekking hê op 'n beskuldigde se feitelike bewerings ter weerlegging van die Staat se bewerings, sowel as feite ter verduideliking van weerleggende feite. 'n Voorbeeld ter verduideliking is die vraag of die beskuldigde in noodweer opgetree het. Alhoewel hierdie vraag 'n regspunt is waaroor die landdros moet beslis, is die feite wat noodweer daarstel feitepunte waaroor die assessore beslissings kan maak. Alle relevante feitelike beweringe, hetsy van die staat se kant, hetsy van die kant van die beskuldigde, sal dus die onderwerp van feitepunte wees (Louw 1995: 89). Feitevrae word deur die meerderheid van die hof beslis en derhalwe kan assessore die regter ten opsigte van 'n feitebevinding oorstem (Kriegler 1993: 360). In gevalle waar al drie die lede van mekaar verskil, byvoorbeeld waar een assessor die beskuldigde aan moord skuldig bevind, die ander assessor die beskuldigde aan strafbare manslag skuldig bevind en die regter van mening is dat die beskuldigde onskuldig is, is die verhoor gebrekkig en moet dit aan die prokureur-generaal oorgelaat word om te besluit of 'n verhoor *de novo* ingestel moet word (Bekker 1988: 45).

5.3.3. Wat is 'n regsvraag?

Artikel 145(4)(*c*) van die Strafproseswet 51 van 1977 bepaal dat:

"... slegs die voorsittende regter oor 'n ander regsvraag beslis of oor 'n vraag of 'n aangeleentheid 'n regsvraag of 'n feitevraag uitmaak, en hy vir díe doel alleen kan sit".

Kruger (1995: 46) identifiseer 'n regsvraag in gevalle waar die reël of misdaadomskrywing asook die aanwending daarvan in geskil is. Louw (1995: 87) is van mening dat gespesialiseerde regskennis benodig word om regspunte te beantwoord en nie slegs "common sence" soos in die geval van feitepunte nie.

5.3.4. Wanneer is dit 'n feitevraag en wanneer 'n regsvraag?

Volgens Venter et al. (1990: 140) kan feite- en regsvrae nooit werklik in die konteks van een en dieselfde hofuitspraak van mekaar geskei word nie. Die feitevraag moet telkens eers beantwoord word voordat die hof kan bepaal wat die regsvraag of -vrae is waarop 'n antwoord gesoek moet word. Ook Lamprecht (1995: 26) is van mening dat dit soms baie moeilik is om te onderskei tussen feite- en regspunte en daarom behoort 'n landdros met verwysing na die positiewe reg

telkens te beslis of assessore hom in 'n bepaalde geval mag en moet help om tot 'n bevinding te kom. Vervolgens sal 'n paar aspekte rondom die kwessie van regs- of feitevrae ondersoek word.

5.3.4.1. Skuld of onskuld van die beskuldigde

Die belangrikste feitevraag is seker die vraag na die skuld of onskuld van die beskuldigde. In geval van moord sal dit ook die vraag na die aan- of afwesigheid van versagtende omstandighede insluit. In so 'n geval word daar 'n dubbele prosedure gevolg. Eerstens is daar 'n ondersoek na die skuld of onskuld van die beskuldigde. Wanneer sy skuld bewys is, is daar 'n verdere ondersoek na die aan- of afwesigheid van versagtende omstandighede. Daar volg egter slegs 'n enkele saamgestelde uitspraak van skuldig aan moord met of sonder versagtende omstandighede en die verhoor eindig nadat so 'n uitspraak gelewer is. Die assessore se funksie eindig na die bevinding aangaande versagtende omstandighede en hulle besluit saam met die regter daaroor (Bekker 1988: 45-46). Ook volgens Kotzé (1994: 133) kan 'n assessor nie 'n bevinding van skuldig of onskuldig uitbring nie. Die assessor kan slegs die voorsittende beampte help om

tot 'n bevinding te kom oor die feite wat in geskil is.

5.3.4.2. Toelaatbaarheid van getuienis

Toelaatbaarheid van getuienis is 'n regsvraag en dit was 'n vaste gebruik dat die assessore die regsbank verlaat terwyl hierdie vraag beredeneer word, sodat ontoelaatbare getuienis nie tot die kennis van die assessore kom nie. Daar was egter nooit 'n wetsbepaling wat dit vir assessore verpligtend gemaak het om die regsbank te verlaat nie (Kriegler 1993: 360). Hierdie posisie is egter verander deur die invoeging van subartikel (4) by artikel 145 van die Strafproseswet, 51 van 1977, in 1982. Die rede vir die verandering was dat assessore in die hooggeregshof byna altyd regsgeleerdes was wat die regter sou kon bygestaan het by die binne-verhoor. Subartikel (4) lui as volg:

"'n Assessor wat ingevolge subartikel (3) 'n eed aflê of 'n bevestiging doen, is 'n lid van die hof: Met dien verstande dat-

(*a*) behoudens die bepalings van paragrawe (*b*) en (*c*) van hierdie voorbehoudsbepaling en van artikel 217(3)(*b*) die beslissing of bevinding van die meerderheid van die lede van die hof oor 'n fei-

tevraag of oor die in genoemde paragraaf (*b*) bedoelde vraag, die beslissing of bevinding van die hof is, behalwe wanneer die voorsittende regter met slegs een assessor sit, in welke geval die beslissing of bevinding van die regter, by verskil van mening, die beslissing of bevinding van die hof is;

(*b*) indien die voorsittende regter van oordeel is dat dit in belang van die regspleging sal wees dat die assessor of die assessore wat hom bystaan nie deelneem aan 'n beslissing oor die vraag of getuienis van 'n bekentenis of ander verklaring gedoen deur 'n beskuldigde as getuienis teen hom toelaatbaar is nie, slegs die regter oor bedoelde vraag beslis, en hy vir díe doel alleen kan sit;

(*c*) slegs die voorsittende regter oor 'n ander regsvraag beslis of oor 'n vraag of 'n aangeleentheid 'n regsvraag of 'n feitevraag uitmaak, en hy vir díe doel alleen kan sit".

Volgens Kriegler (1993: 360) is die posisie na die inwerkingtreding van subartikel (4) as volg:

* Uit paragraaf (*a*) blyk dit dat die vorige posisie dat feitevrae deur die meerderheid van die hof beslis word en dat assessore gevolglik die regter

ten opsigte van 'n feitebevinding kan oorstem, bly voortbestaan.

* Na aanleiding van die woorde "of oor die in genoemde paragraaf (*b*) bedoelde vraag", word daar ook aan assessore 'n medebeslissingsreg toevertrou oor die toelaatbaarheid van 'n bekentenis of ander verklaring van die beskuldigde. Die "bedoelde vraag" waarna verwys word, is toelaatbaarheid. Hiermee word oënskynlik aan assessore ook 'n beslissingsreg oor 'n regsvraag toegeken, aangesien toelaatbaarheid 'n regsvraag is.

In *S v Talane*, 1986 (3) SA 196 (A), is dit beklemtoon dat dit belangrik is dat die kruisondervraging van 'n beskuldigde in die loop van 'n "verhoor binne 'n verhoor" ten aansien van geloofwaardigheid in die teenwoordigheid van die assessore moet plaasvind sodat hulle ingevolge artikel 145(4)(*a*) van die Strafproseswet, 51 van 1977, kan deelneem aan die beslissing of getuienis van 'n bekentenis deur 'n beskuldigde, teen hom toelaatbaar is.

Assessore in die hooggeregshof word dus nou nie meer konsekwent uitgesluit van 'n "verhoor binne 'n verhoor" waar die toelaatbaarheid van 'n bekentenis bereg word nie. Of die assessore uitgesluit moet word

al dan nie, het 'n saak van diskresie by die regter geword (Kriegler 1993: 360). Volgens Lamprecht (1995: 26) is die posisie in die laerhof steeds soos wat dit vroeër in die hooggeregshof gegeld het. Die landdros sal dus self oor die toelaatbaarheid van getuienis moet beslis.

5.3.4.3. Toepassing van artikels 167 en 186 van die Strafproseswet, 51 van 1977

Artikel 167 van die Strafproseswet, 51 van 1977, bepaal die volgende:

"Die hof kan in enige stadium van strafregtelike verrigtinge iemand, behalwe 'n beskuldigde, ondervra wat gedagvaar is om bedoelde verrigtinge by te woon of wat by bedoelde verrigtinge aanwesig is, en kan iemand, met inbegrip van 'n beskuldigde, wat reeds by die verrigtinge ondervra is, terugroep en herondervra, en die hof moet die betrokke persoon ondervra, of terugroep en herondervra, indien sy getuienis vir die hof blyk noodsaaklik te wees vir die regverdige beregting van die saak".

Artikel 186 van die Strafproseswet, 51 van 1977, bepaal die volgende:

"Die hof kan in enige stadium van strafregtelike verrigtinge iemand as 'n getuie by daardie verrigtinge dagvaar of laat dagvaar, en die hof moet 'n getuie aldus dagvaar of aldus laat dagvaar indien die getuienis van so 'n getuie vir die hof blyk noodsaaklik te wees vir die regverdige beregting van die saak".

Artikels 167 en 186 van die Strafproseswet, 51 van 1977, reël dus onderskeidelik die dagvaar en ondervraging van getuies in die hof. Volgens Lamprecht (1995: 27) mag 'n voorsittende beampte assessore om 'n mening vra of op die versoek van die assessore besluit om 'n getuie op te roep of terug te roep. Die voorsittende beampte kan egter nie by wyse van 'n meerderheidstem daartoe gedwing word nie. Richings (1976: 113) is van mening dat assessore, as beamptes van die hof, die reg het om aan die verrigtinge deel te neem en dus te enige tyd die getuies kan ondervra. Gewoonlik word vrae direk aan die getuie gestel, maar sommige voorsittende beamptes verkies dit om namens die assessor die vrae aan die getuie te stel. Sodoende kan ontoelaatbare vrae uitgeskakel word.

5.3.4.4. Ontslag van beskuldigde na staatsaak

Artikel 174 van die Strafproseswet, 51 van 1977, bepaal die volgende:

"Indien die hof, by afsluiting van die saak vir die vervolging by 'n verhoor, van oordeel is dat daar geen getuienis is dat die beskuldigde die in die aanklag bedoelde misdryf of 'n misdryf waaraan hy op die aanklag skuldig bevind kan word, gepleeg het nie, kan hy 'n uitspraak van onskuldig lewer".

Volgens Lamprecht (1995: 27) is die doel van hierdie artikel om 'n voorsittende beampte behulpsaam te wees in die stryd teen altyd oorvol hofrolle. Waar die voorsittende beampte altyd bewus is van kosbare hoftyd, is assessore dit nie noodwendig nie. 'n Aansoek oor die ontslag van 'n beskuldigde word deur die verdediging aan die einde van die staatsaak gemaak. Die benadering wat gevolg moet word by die vraag of daar ontslag moet wees of nie, is of daar getuienis gelewer is op grond waarvan 'n redelike man skuldig bevind kan word. Ook die geloofwaardigheid van die staatsgetuies speel op hierdie stadium geen rol nie (Bekker 1988: 47). Kriegler (1993: 439) is van mening dat die vraag of ontslag toegestaan of geweier moet word een is vir die regter alleen. Assessore neem nie deel aan hierdie vraag nie.

Dieselfde sal in die geval van laerhowe geld waar assessore saam met die voorsittende beampte voorsit.

5.3.4.5. Aansoeke om borgtog of uitstel van verrigtinge

Kragtens artikel 93*ter* (1) van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, kan assessore aangestel word indien hulle die voorsittende beampte "**by die verhoor van die saak ... behulpsaam kan wees.**" Volgens Lamprecht (1995: 28) omvat die woord "verhoor" nie "borgaansoek" of "uitstel" nie. Die reëls by sulke aansoeke is eiesoortig en verg deskundigheid met betrekking tot veral die fundamentele regte wat in die Grondwet, 108 van 1996, verskans word. Aansoeke om borgtog is dus regsvrae waaroor slegs die voorsittende beampte besluit.

5.3.4.6. Ander prosesregtelike aangeleenthede

Volgens Lamprecht (1995: 28) is ook die volgende regspunte waaroor assessore geen seggenskap het nie, naamlik:

* die voeging of skeiding van verhore kragtens artikel 157 van Wet 51 van 1977

* die voortsetting van die verhoor in die afwesigheid van die beskuldigde kragtens artikel 159 van Wet 51 van 1977
* die voeging of skeiding van aanklagte kragtens artikel 81 van Wet 51 van 1977
* die beregting van besware teen die aanklag by pleit kragtens artikel 85 van Wet 51 van 1977
* die wysiging van aanklagte kragtens artikels 86 en 88 van Wet 51 van 1977
* beslissings oor die geldigheid van pleite kragtens artikel 106(1) van Wet 51 van 1977

5.4. DIE OORKONDE

Alhoewel die regter vrye toegang tot die oorkonde het, was dit nie gebruiklik om aan assessore insae daarin te gee nie. Dit was ook die posisie al was daar geen ontoelaatbare getuienis in die oorkonde nie (Kriegler 1993: 361). In *R v Blom*, 1939 AD 188, is egter gesê dat insae in die oorkonde nie onreëlmatig is indien albei assessore landdroste is nie. Die appèlafdeling het egter in *R v Mabaso*, 1952 (3) SA 521 (A), te kenne gegee dat die onderskeiding tussen 'n landdros wat as assessor optree en ander assessore heroorweging mag verg. Snyman en Morkel (1985: 225) is van mening dat, waar assessore insae in die oor-

konde gehad het, daar geen onreëlmatigheid plaasvind indien die eens ontoelaatbare getuienis later in die verhoor as getuienis toegelaat word nie.

5.5. VONNISOPLEGGING

Volgens Du Toit (1981: 176) is vonnisoplegging die funksie van die voorsittende beampte. Hy alleen beslis oor wat 'n gepaste vonnis gaan wees en hy alleen gee die uitspraak op vonnis. Die Strafproses-wet, 51 van 1977, dra aan assessore slegs die verantwoordelikheid op om die feite te beoordeel. By moord neem die assessore gevolglik deel aan die beslissing of daar strafversagtende of -verswarende faktore is. Hierdie bevinding vorm deel van die uitspraak waaroor die assessore medeseggenskap het. In die hooggeregshof is dit toelaatbaar vir die regter om met die assessore oor die straf te konsul-teer solank hy die finale besluit self neem. Of hierdie reël in die laerhof sal geld waar daar met leke-assessore gewerk word, is egter 'n ope vraag (Louw 1995: 87).

Daar is egter een geval waar assessore 'n beslissende sê het by vonnisoplegging. Dit kom voor wanneer 'n hof 'n beskuldigde aan moord skuldig bevind en die

kwessie van versagtende omstandighede ondersoek moet word. In so 'n geval kan die voorsittende beampte deur die assessore oorstem word en gedwing word om die doodvonnis op te lê indien beide assessore bevind dat daar geen versagtende omstandighede teenwoordig is nie (Richings 1976: 114). Indien dit egter die bevinding van die volle hof is dat versagtende omstandighede aanwesig is, kan die voorsittende beampte die assessore ontslaan en self tot vonnis-oplegging oorgaan (Du Toit 1981: 177).

Indien 'n regter met assessore gesit het en 'n beskuldigde skuldig bevind het, is daardie hof *functus officio* en kan hy nie weer byeenkom om byvoorbeeld by 'n bevinding van strafbare manslag die woorde "waarby aanranding betrokke was" aan sy bevinding toe te voeg nie (Kriegler 1993: 361). In *R v Mthembu*, 1959 (4) SA 129 (N), het die hof, wat bestaan het uit 'n regter en assessore, die beskuldigde wat aangekla was van moord, skuldig bevind aan strafbare manslag. Nadat die regter, wat toe alleen sit, die vonnis gevel het, het die Kroon aansoek gedoen dat by die vonnis toegevoeg word dat die misdaad waaraan die beskuldigde skuldig bevind is, betrekking gehad het op 'n aanranding waarvan geweld 'n element was. Daar word beslis dat, terwyl so 'n aansoek aangehoor moes word

deur die hof soos dit voorheen saamgestel was en nie deur die regter alleen nie, daar geen sin in is om die hof weer saam te stel nie omrede die hof reeds *functus officio* was.

'n Uitsondering op die reël dat vonnisoplegging altyd 'n regspunt is waaroor slegs die voorsittende beampte besluit, kom voor in die geval waar 'n gemeenskaps-gebaseerde straf oorweeg word. In so 'n geval word assessore juis aangestel om die voorsittende beampte behulpsaam te wees. Volgens Watney (1992: 467) moet die aangeleentheid dan gewoon as 'n feitepunt ingevolge subartikel 3(*d*) van artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, behandel word. Dit behels dat in die geval van 'n meningsverskil, die beslissing of bevinding van die meerderheid van die hof, die beslissing of bevinding van die hof sal wees.

5.6. REDES VIR DIE UITSPRAAK

Kragtens artikel 146 van die Strafproseswet, 51 van 1977, moet 'n hof die redes vir sy beslissings bekend maak. Kotzé (1994: 134) meen dat assessore nooit gevra word om 'n skuldig- of onskuldigbevinding te motiveer nie. Hulle moet slegs die feite wat hul

bevind het tabuleer en motiveer. Wanneer die feite bepaal is hou die funksie van die assessor op. Dit is daarna die funksie van die voorsittende beampte om te bepaal of die feite wat bevind is wederregtelik is en ook watter skuldvorm die dader moet tref. Dit is dus slegs die taak van die voorsittende beampte om 'n skuldig- of onskuldigbevinding uit te bring en te motiveer. Volgens Kriegler (1993: 364) is assessore lede van die hof en daarom moet die regter in geval van 'n meningsverskil, die redes vir die verskillende menings verstrek. Ook die redes vir beslissings oor die toelaatbaarheid van bekentenisse of ander verklarings, moet gegee word. Dit is egter nie 'n vereiste dat sulke redes tegelyk met die beslissing oor toelaatbaarheid gegee word nie. In die praktyk word die redes as deel van die hoofuitspraak gegee sodat daar nie voortydige opinies aangaande geloofwaardigheid gelug kan word nie. Verder is dit 'n interlokutore beslissing wat later omgekeer kan word.

In *S v Masuku and Others*, 1985 (3) SA 908 (A), is die regter se versuim om die meerderheidsbevinding aangaande versagtende omstandighede te gee as 'n onreëlmatigheid aangemerk. Dit was verpligtend aangesien een assessor verskil het en derhalwe moes die

appèlafdeling die vraag aangaande versagtende omstandighede opnuut beoordeel.

5.7. SAMEVATTING

Daar kan dus gesê word dat die rol van assessore in die howe beperk is tot deelname aan die besluitnemingsproses oor die waarde van gelewerde toelaatbare getuienis en oor watter feitestel aanvaar behoort te word. Dit is egter die taak van die voorsittende beampte om die feite aan die reg te toets en ook om die verantwoordelikheid te neem om te besluit of 'n persoon skuldig of onskuldig is. Nadat die voorsittende beampte 'n skuldig of onskuldigbevinding uitgebring het moet hy ook redes vir sy uitspraak gee.

HOOFSTUK 6

DIE GEBRUIK VAN ASSESSORE IN ANDER REGSTELSELS

6.1. INLEIDING

Alhoewel die gebruik van leke-assessore in die Suid-Afrikaanse regstelsel 'n taamlik nuwe konsep is, word daar in uiteenlopende regstelsels dwarsoor die wêreld van leke gebruik gemaak, wat die regsbank met professionele persone deel. Daarom is dit belangrik om ook na leke-deelname of gemeenskapsbetrokkenheid in ander lande te kyk. Vir die doeleindes van 'n verhandeling kan alle lande egter nie bespreek word nie en daarom is slegs enkele lande uit drie van die kontinente geselekteer vir bespreking. Ten einde 'n geheelbeeld te kan vorm van die assessor se plek in 'n spesifieke regstelsel, het die navorser dit noodsaaklik gevind om in sommige gevalle kortliks die hele hofstruktuur van die geselekteerde land te behandel.

6.2. AFRIKA

6.2.1. Botswana

Alhoewel die juriestelsel vroeër in Suid-Afrika gebruik is, het Botswana nooit van hierdie stelsel gebruik gemaak nie. Landdroste en regters is egter toegelaat om assessore op te roep om hulle by te staan in sake waarby die gewoontereg betrokke was (Otlhogile 1994: 77).

6.2.1.1. Geskiedkundige agtergrond

Oorspronklik het wetgewing (S11 Proclamation of 10 June 1891) landdroste toegelaat om die volgende persone as assessore op te roep, naamlik: "... *natives or persons of European birth or descent to aid him in the decision of any matter coming before him in his judicial capacity*". Teen 1935 kon die hof steeds van assessore gebruik maak maar wetgewing vereis nou dat die assessore boorlinge van Botswana moet wees. Daar word as volg deur *Section 1 of the Amendment 22 of 1935* bepaal: "... *assessors shall be chose ... from chiefs, counsellors or headmen or other natives qualified to aid the court*". Alhoewel dit nie 'n vereiste is dat assessore uit dieselfde stam as die beskuldigde afkomstig moet wees nie, moet hulle in dieselfde streek woonagtig wees. Die diskresie om assessore aan te stel berus egter by die voorsittende beampte en word nooit as 'n reg van die

beskuldigde beskou nie. Assessore is ook nie noodwendig lede van die hof nie. Die assessore vervul bloot 'n adviserende funksie en die regter kan hom tydens of eers na die afloop van die verhoor om advies vra. Die regter is egter nie gebonde aan die opinie van die assessore nie (Otlhogile 1994: 78-79).

6.2.1.2. Huidige posisie van die assessor in Botswana

Na onafhanklikheidswording maak *Section 7 of the High Court Act* van Botswana as volg voorsiening vir die aansegging van assessore, naamlik:

" **(1) In any proceedings, whether civil or criminal, the judge presiding may summon to the assistance of the Court two or more persons to sit and act as assessors in an advisory capacity.**

(2) It shall be the duty of the assessors to give, either in open court, or otherwise, such assistance and advice as the judge presiding may require, but the decision shall be vested exclusively in the judge.

(3) The agreement or disagreement of an assessor with the decision of the judge may be noted on the record, but if such agreement or disagree-

ment is not noted it shall be presumed that the assessor agreed with the decision of the judge".

Volgens Otlhogile (1994: 82) blyk die volgende aspekte uit die wetgewing. Assessore word slegs in 'n adviserende hoedanigheid aangestel en die diskresie om assessore aan te stel berus slegs by die voorsittende beampte. Ook die besluit rakende die skuld of onskuld van die beskuldigde berus by die regter. Alhoewel hy nie die opinie van die assessore mag ignoreer nie, het hy nie nodig om enige redes te verskaf waarom hy nie met hulle siening saamstem nie.

Assessore word egter selde in strafsake aangewend. Die rede hiervoor is reeds in 1907 deur Resident Commissioner F. W. Panzera (Otlhogile 1994: 82) gegee, nl.: "*In criminal cases where ... intricate questions of [customary] law seldom occur there appears to be even less need to make any [use of assessors]*".

6.2.1.3. Gevolgtrekking

Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat assessore slegs aangestel word in sake waar beginsels van die

gewoontereg ter sprake kom. Assessore is nie lede van die hof nie en tree bloot in 'n adviserende hoedanigheid op. Die posisie van die assessor in Botswana verskil geheel en al van die posisie van sowel die professionele assessor as die leke-assessor in Suid-Afrika.

6.2.2. Nigerië

Anders as in Suid-Afrika en Engeland, verhoor alle howe in Nigerië, behalwe die tribunate, sowel straf- as siviele sake.

6.2.2.1. Die howe

In twee van die laer howe naamlik die *Customary Courts* en die *Area Courts*, is die voorsittende beampte 'n leek. Hierdie leke-regters sit alleen sonder dat assessore of persone met regsopleiding hulle met die beantwoording van regsvrae assissteer. Klerke van die hof (*registrars*) staan egter die leke-regters by deur die sake uit te roep en die dossier aan die leke-regter te oorhandig. In *Grade A Customary Courts* en *Upper Area Courts* is die voorsittende beampte 'n opgeleide regter. Dieselfde geld ook in die geval van die *Magistrates' Courts*

waar die voorsittende beampte 'n opgeleide landdros is. Ook in hierdie howe word die voorsittende beamptes deur klerke van die hof bygestaan (Doherty 1990: 4).

Die voorsittende beamptes in die *States' High Courts* en die *Federal High Court* is alleensittende regters. In die *High Courts* in die noorde van Nigerië hoor twee regters egter appèlle vanaf die *Magistrates' Court* en die *Upper Area Court* aan. Die regters van die *High Court* is regspraktisyns met nie minder nie as tien jaar regsondervinding. Ook die appèlhof en die hooggeregshof maak slegs van opgeleide regters gebruik. Gewoonlik sit drie regters in die *Court of Appeal* voor maar in gevalle waar daar oor grondwetlike aangeleenthede bereg moet word, bestaan die regbank uit vyf regters (Doherty 1990: 5).

Tribunale is 'n uitvloeisel van militêre administrasie. Dit is spesiaal saamgestelde regbanke wat spesifieke misdrywe verhoor. Die misdrywe het egter nie noodwendig 'n militêre grondslag nie. Die hof word saamgestel uit drie lede van die gewapende magte sowel as 'n dienende of afgetrede regter van die *High Court* wat as voorsitter optree. Om as assessor te

kan optree moet 'n lid van die gewapende magte minstens die rang van Majoor hê (Doherty 1990: 6).

6.2.2.2. Gevolgtrekking

In Nigerië word daar in net twee van die laerhowe van assessore gebruik gemaak. Die posisie van die assessor in hierdie gevalle is egter meer vergelykbaar met die *justices of the peace* (6.4.1. hieronder) wat in die Engelse regstelsel gebruik word as met díe van die assessor in die Suid-Afrikaanse regstelsel. Die gebruik van assessore in tribunale toon egter 'n ooreenstemming met die posisie van die professionele assessor in die Suid-Afrikaanse regstelsel. Net soos in die Suid-Afrikaanse reg word hierdie assessore aangewys aangesien hulle oor kennis rakende die betrokke onderwerp van die misdaad wat gepleeg is, beskik. Die assessore is egter leke op regsgebied.

6.3. ASIë

6.3.1. Rusland

Wat Rusland aanbetref word die struktuur en die jurisdiksie van die howe in die eerste plek onder die

loep geneem. Tweedens word die posisie van die regters en die assessore aangespreek.

6.3.1.1. Struktuur van die howe

Volgens van Zyl (1981: 224) bestaan die hiërargie van howe in die USSR op vier vlakke nl.:

(i) die volksregbank van 'n bepaalde land of distrik wat gewoonlik deur 'n regter en twee assessore beman word;

(ii) die streekhof van 'n provinsie of soortgelyke gebied wat gewoonlik deur drie regters beman word indien dit appèlle aanhoor, of deur een regter en twee assessore wanneer dit as hof van die eerste instansie optree;

(iii) die hooggeregshof van elke republiek wat gewoonlik beman word deur 'n president en 'n aantal regters; en

(iv) die Opperste Geregshof van die USSR wat gesetel is in Moskou en bestaan uit 'n president, twee vise-presidente, ses gewone regters en die presidente van die republikeinse hooggeregshowe. Aan hierdie howe is daar ongeveer vyftig assessore verbonde.

6.3.1.2. Jurisdiksie

Die jurisdiksie van die howe is uitgebreid en oorvleuelend van aard. Die gevolg hiervan is dat die howe óf as hof van die eerste instansie óf as appèlliggaam kan funksioneer. Howe van die eerste instansie hoor straf- of siviele sake op meriete aan en word gewoonlik beman deur 'n regter en twee assessore wat hom bystaan. Die algemene beginsel is dat alle burgers gelyk staan voor die reg. Die verhoor vind in 'n ope hof plaas en die verrigtinge geskied in die taal van die meerderheid van die plaaslike bevolking. Die regter en assessore tree onafhanklik van mekaar op. Hulle hooffunksie is om die neergelegde prosesreëls streng na te kom met die oog op 'n objektiewe ondersoek van die betrokke saak. In gemeenskappe wat uit meer as vyftig lede bestaan, kom leke-regbanke, wat as kameradehowe bekend staan, voor. Dit is die taak van hierdie leke-regbanke om morele en sosiale wangedrag asook klein misdrywe te bereg (Van Zyl 1981: 224-225).

6.3.1.3. Regters en Assessore

Regters word deur die volk sowel as die volksverteenwoordigers in die regeringsliggame, verkies. Alhoewel daar geen regskwalifikasie vir die verkiesing tot die regbank vereis word nie, het die

praktyk ontstaan om hoofsaaklik persone met regs-opleiding of regservaring aan te wys. Die beginsel van kollegialiteit van regters word bykans deurgaans gehandhaaf. In gevalle waar daar 'n enkele regter is word hy bygestaan deur assessore. Die assessore word verkies uit 'n vooraf-opgestelde lys van burgers sonder enige regskennis. Hul funksies is ongeveer gelykstaande aan díe van Suid-Afrikaanse assessore, met die uitsondering dat hulle in sowel straf- as siviele sake en op gelyke voet met die regter ten opsigte van feite- en regspunte, optree. In die praktyk gee die regter egter die toon aan ten opsigte van regsvrae en die assessore spits hulle weer op feitevrae toe (Van Zyl 1981: 225-226).

6.3.1.4. Gevolgtrekking

Assessore word in Rusland in sowel hoër- as laerhowe aangestel. Die gebruik van assessore in die Russiese regstelsel toon groot ooreenkomste met die posisie van die leke-assessor in Suid-Afrika. Die leke-regbanke in die kleiner gemeenskappe is vergelykbaar met die Engelse *justices of the peace* (6.4.1. hieronder).

6.4. EUROPA

6.4.1. Brittanje

Aangesien die Engelse reg 'n groot invloed op die Suid-Afrikaanse reg uitgeoefen het, is dit noodsaaklik om ook na gemeenskapsbetrokkenheid in die Engelse regstelsel te kyk. Daar word egter nie van professionele- of leke-assessore in Brittanje gebruik gemaak nie, maar wel van leke-magistrate ofte wel *justices of the peace*. Die *justices of the peace* word alleenlik in magistraatshowe gebruik en derhalwe sal daar slegs na hierdie tipe howe gekyk word.

Die *Magistrates' Courts* in Brittanje het twee tipes strafjurisdiksie. Eerstens word geringe sake in hierdie howe deur magistate verhoor sonder 'n jurie en in die tweede plek dien die hof as 'n strafhof vir jeugoortreders. Daar is ook twee tipes magistrate wat in hierdie howe optree naamlik die professionele magistrate en die leke-magistrate. Professionele magistrate is persone wat professionele regsopleiding ontvang het en word vir hul optrede in die hof betaal. In 1997 was daar slegs ongeveer sestig van hierdie magistrate in Brittanje. Die ander sewe-en-twintigduisend vyfhonderd magistrate is leke wat as *justices of the peace* bekend staan. Hierdie leke-magistrate tree sonder vergoeding op en minstens een

maal elke tweede week. Aanstelling as 'n leke-magistraat is vir 'n tydperk van ses jaar (Terrill 1997: 33).

Die Engelse reg vereis dat daar minstens twee maar nie meer nie as sewe magistrate in elke saak as voorsittende beamptes moet optree. 'n Magistraat wat regsopleiding ontvang het se magte is egter gelyk-staande aan die van twee leke-magistate en daarom kan die professionele magistrate soms alleen sit. Alhoewel leke-magistrate 'n kort opleidingsperiode ondergaan alvorens hulle in hul amp aangestel word, is hulle kennis van die reg maar skraps. Derhalwe het elke *Magistrates' Court* 'n persoon wat as klerk van die hof optree en vrae oor substantiewe reg en regsprosedures namens die *justices of the peace*, beantwoord (Terrill 1997: 33).

6.4.2. Duitsland

Die organisasie van die howe in Duitsland wat met gewone jurisdiksie beklee is, word deur die wet op die samestelling van howe (*Gerichtsverfassungsgesetz*) van 1877, gereël. Die hiërargie van howe wat hier onderskei word is die *Amtsgericht*, *Landgericht*,

Oberlandesgericht en die *Bundesgerichtshof* (Ebke & Finkin 1996: 420).

6.4.2.1. Jurisdiksie van die howe

Die *Amtsgericht* is die laagste hof en het jurisdiksie as hof van die eerste instansie in alle sake, siviele sake sowel as strafsake, waar die straf nie vier jaar gevangenisstraf oorskry nie. 'n Enkele regter het jurisdiksie om kleiner strafsake, waar die straf nie twee jaar gevangenisstraf oorskry nie, aan te hoor. Alle ander sake sal voor die *Schöffengericht* aangehoor word. Dit beteken dat die regbank saamgestel word uit 'n regter en twee leke-assessore (Ebke & Finkin 1996: 420).

Indien 'n saak nie in die *Amtsgericht* aangehoor kan word nie, het die *Landgericht* jurisdiksie om as hof van die eerste instansie op te tree. Volgens van Zyl (1981: 145) kan hierdie hof as die ekwivalent van die Suid-Afrikaanse hooggeregshof beskou word. Die verrigtinge vind plaas voor die *Grosse Strafkammer* wat uit twee of drie regters en twee leke-assessore bestaan. Hierdie hof kan ook appèlle vanaf die *Amtsgericht* aanhoor. Appèlsake word egter deur die *Kleine Strafkammer* aangehoor wat uit een of twee

regters en twee of drie leke-assessore bestaan (Ebke en Finkin 1996: 420).

Die *Oberlandesgericht* ofte wel die Duitse appèlhof, bestaan uit vyf regters wat jurisdiksie het om misdade teen die staat te bereg. Hierbenewens kan die *Oberlandesgericht* ook appèlle vanaf die *Amtsgericht* en die *Landgericht* aanhoor. Hierdie sake word deur slegs drie regters aangehoor (Ebke en Finkin 1996: 420).

Die *Bundesgerichtshof* funksioneer as oorkoepelende hof van appèl op federale vlak. Die hof bestaan uit vyf regters wat oor regspunte rakende sake aangehoor in die *Landgericht* en die *Oberlandesgericht*, moet beslis (Ebke en Finkin 1996: 421).

6.4.2.2. Assessore

Die samestelling van die hof sal altyd afhang van die tipe aksie en die vorm van die verrigtinge. Die hof kan slegs uit regters bestaan of uit regters tesame met leke-assessore (*Schöffen*). Leke-assessore mag slegs in howe van die eerste instansie, naamlik die *Amtsgericht* en die *Landgericht*, as beamptes van die hof aangestel word. Hierdie assessore hoef geen

regskwalifikasie of selfs 'n basiese regskennis te hê nie. 'n Komitee wat deur die *Amtsgericht* saamgestel is kies leke-assessore vanaf 'n saamgestelde lys. Enige Duitse burger mag as leke-assessor aangestel word vir 'n periode van vier jaar. Die betrokkenheid van die assessore het ten doel om 'n demokratiese deelname sowel as kontrole oor hofverrigtinge deur die gemeenskap, te verseker. Daarbenewens help dit ook om die regsproses en regstaal verstaanbaar te maak vir die hele gemeenskap. Die assessore neem aan die verrigtinge deel behoudens sekere voorwaardes. Assessore oefen die amp van regter ten volle uit en met dieselfde stemreg as die professionele regters. Hulle word egter nie toegelaat om insae te hê in enige van die hofdokumente nie. Dus is hulle enigste bron van inligting die aanhoor van *viva voce* getuienis. Aan die einde van die verrigtinge besluit die regter en assessore saam oor die skuld of onskuld van die beskuldigde (Ebke & Finkin 1996: 419-420).

6.4.2.3. Gevolgtrekking

In Duitsland deel leke-assessore dus ook die regbank met professioneel opgeleide regslui. Waar leke-assessore in Suid-Afrika slegs in die landdroshof aangestel word, word daar in Duitsland in sowel die

laerhof (*Amtsgericht*) as die hooggeregshof (*Landgericht*) van leke-assessore gebruik gemaak. Dit blyk ook dat daar hoegenaamd geen professionele assessore aangestel word nie maar slegs leke-assessore en wel vir 'n periode van vier jaar. Assessore word ook in sowel siviele- as strafsake aangestel en besluit saam met die regter oor die skuld of onskuld van die beskuldigde.

6.4.3. Frankryk

Frankryk het 'n komplekse hofstruktuur wat op twee vlakke funksioneer, naamlik die laerhowe en die hoër howe. Daar word egter ook vir appèlle en 'n verskeidenheid spesiale howe voorsiening gemaak. Hierbenewens funksioneer die judisiële howe en die administratiewe howe heeltemal onafhanklik van mekaar. In hierdie bespreking word daar slegs 'n onderskeid tussen die verskillende siviele- en strafhowe getref.

6.4.3.1. Siviele howe

Die *Tribunal d'instance* is 'n hof van die eerste instansie wat minder ernstige sake hanteer. In teenstelling met die ander howe in Frankryk is hier-

die hof nie 'n saamgestelde hof nie maar bestaan uit slegs een voorsittende regter. Daar is ook geen verlof tot appèl nie (Cairns & Mc Keon 1995: 29-30).

Die *Tribunal de grande instance* is seker die belangrikste hof van die eerste instansie in Frankryk en ook 'n goeie voorbeeld van 'n *juridiction de droit commun* ofte wel 'n hof met algemene jurisdiksie. Die *Tribunal de grande instance* word georganiseer volgens die *collégialité*-beginsel. Dit beteken dat sake deur 'n regbank aangehoor moet word en nie slegs 'n enkele regter nie (Dadomo & Farran 1996: 53). Die regbank bestaan uit 'n *Président* (voorsitter) en twee *assesseurs* (Van Zyl 1981: 89).

Die *Tribunal de commerce* is *juridictions d'exception* en sy jurisdiksie is beperk tot kommersiële kontrakte, insolvensies en likwidasies. Die hof is nie saamgstel uit professionele regters of prokureurs nie, maar bestaan uitsluitlik uit sakemanne wat verkies word om as regters op te tree. Hierdie leke-regters word aanvanklik vir 'n tydperk van twee jaar aangestel en daarna vir 'n tydperk van vier jaar. Om vir 'n aanstelling as leke-regter in aanmerking te kom, moet 'n kandidaat ouer as dertig jaar wees, vir minstens vyf jaar in die handelswêreld betrokke wees

en nie op enige tydstip insolvent verklaar gewees het nie (Cairns & Mc Keon 1995: 30-31).

Die taak van die *Conseil de prud'hommes* is om enige dispute wat uit dienskontrakte voortspruit, aan te hoor. Net soos in die geval van die *Tribunal de commerce* word die hof deur gekose leke-regters beman. 'n Leke-regter word vir 'n tydperk van vyf jaar aangestel. Die regbank staan as 'n *juridiction paritaire* bekend aangesien die helfte van die leke-regters uit die werkgewerskorps gekies word en die ander helfte uit die werknemerskorps. Die voorsitterskap in die hof roteer op 'n jaarlikse basis tussen die werkgewers en die werknemers (Cairns & Mc Keon 1995: 31).

Die *Tribunal paritaire des baux ruraux* is eers teen 1943 ingestel. Hierdie hof hou hom slegs besig met landboukundige aangeleenthede. Die hof sit nie permanent nie maar slegs wanneer geskille opduik. Die *Président* van die hof is 'n regter van die *Tribunal d'instance* wat die regbank met vier *assesseurs* deel. Twee van die *assesseurs* is afgevaardigdes van die *bailleurs* (huiseienaars) en die ander twee is afgevaardigdes van die *preneurs* (huurders) (Cairns & McKeon 1995: 31-32).

Vanaf 1985 is ook die *Tribunaux des affaires de sécurité sociale* in gebruik. Hierdie hof het die *Commision des Affaires de Sécurité Sociale* vervang. Die *Président* is 'n professionele regter wat met twee *assesseurs* sit. Een van die assessore word uit die werkgewerskorps geneem en een uit die werknemerskorps. Die *assesseurs* word nie verkies nie maar deur die *premier Président* van die *Cour d'appel*, uit 'n lys van persone wat as aanneemlike unie-verteenwoordigers beskou word, aangewys (Cairns & Mc Keon 1995: 32).

6.4.3.2. Strafhowe

Anders as die Engelse en Suid-Afrikaanse prosesreg wat akkusatories van aard is, volg die Franse 'n inkwisitoriese benadering in hulle prosesreg. Dit beteken dat die howesisteem op 'n baie vroeë stadium gedurende strafregspleging begin opereer en al in werking is gedurende die ondersoek- en ondervragingsproses. Derhalwe bestaan die Franse strafhofsisteem uit twee aparte stelle howe. Die eerste groep is die howe wat gemoeid is met die misdaadondersoek (*les juridictions d'instruction*) en die tweede groep howe is verantwoordelik vir die verhoor van die saak (*les juridictions de jugement*) (Cairns & Mc Keon 1995: 32-

33). Aangesien daar nie assessore in die *les juridictions d'instruction* gebruik word nie, sal slegs die drie tipes *les juridictions de jugement*, naamlik die *Tribunaux de police*, die *Tribunaux correctionnels* en die *Cour d'assises* bespreek word.

Die *Tribunaux de police* kan as die eweknie van die *Tribunaux d'instance* (6.4.3.1. hierbo) beskou word. Hierdie hof hanteer slegs minder ernstige oortredings en net soos in die geval van siviele sake, is hier slegs een voorsittende regter (Cairns & Mc Keon 1995: 35).

Die struktuur van die *Tribunaux correctionnels* stem ooreen met die struktuur van die *Tribunal de grande instance* (6.4.3.1. hierbo). In hierdie hof word daar ook van 'n saamgestelde regbank wat uit 'n *Président* en twee *assesseurs* bestaan, gebruik gemaak (Cairns & Mc Keon 1995: 35).

Die *Cour d'assises* is 'n unieke hof in die Franse regsplegingstelsel aangesien dit 'n mengsel van Engelse en Franse hofbeginsels toon. Dit slaan op die Engelse reg daar dit 'n jurie het en ook op die Franse reg as gevolg van die saamgestelde regbank. Die regbank bestaan uit drie regters naamlik die

Président en twee *assesseurs*. Die *Président* word uit die *Cour d'appel* onttrek en die *assesseurs* uit óf die *Cour d'appel* óf die *Tribunal de grande instance*. Die jurie wat die regbank met die regters deel, bestaan uit nege leke wat uit die gemeenskap gekies word. Oorspronklik het die hof in ooreenstemming met die Engelse tradisies gefunksioneer deurdat regsvrae deur die regter alleen beantwoord is en feitevrae deur die jurie. Hierdie sisteem het egter in onguns verval en tans besluit die regters sowel as die jurie oor die feite, die toepassing van die reg en vonnisopsies in geval van 'n skuldigbevinding. Enige besluit moet deur minstens agt lede van die hof ondersteun word. Dit beteken dat minstens vyf van die jurielede met die professionele regters moet saamstem. Daar is geen reg tot appèl nadat uitspraak deur die *Cour d'assises* gegee is nie. Die rede hiervoor is dat aangesien daar 'n jurie by die uitspraak betrokke is, die besluit van die hof die wil van die gemeenskap weerspieël. In 'n appèlhof sal die uitspraak van die hof egter slegs 'n besluit van die professionele regslui wees (Cairns & Mc Keon 1995: 35-36).

6.4.3.3. Gevolgtrekking

Assessore word in sowel siviele- as strafhowe in Frankryk gebruik. Die gebruik van assessore in die handelshof (*Tribunal de commerce*) kan vergelyk word met díe van professionele assessore in Suid-Afrika aangesien handelskennis noodsaaklik is om as assessor in hierdie howe te kan optree. In die *Cour d'assises* word daar benewens die professionele assessore ook van 'n jurie, bestaande uit nege leke, gebruik gemaak. Die posisie van die assessor in die Franse regstelsel verskil van die posisie in die Suid-Afrikaanse reg deurdat leke nie slegs oor feitepunte beslis nie maar ook oor regvrae en vonnisopsies.

6.4.4. Swede

Die hiërargie van howe in Swede is drie-ledig en bestaan uit die hooggeregshof, die appèlhowe en die distrikshowe. Die howe is verantwoordelik vir die beregting van sowel siviele- as strafsake. Daar is egter ook drie addisionele regsplegende liggame naamlik die Administratiewe hof, die *Law Council* wat slegs grondwetlike aangeleenthede hanteer, en ander spesiale howe soos byvoorbeeld die arbeidshof (Terrill 1997: 190).

6.4.4.1. Die struktuur van die howe

Die hooggeregshof in Swede bestaan uit minstens twee en twintig regters. Die kabinet wys een van hierdie regters aan om as president van die hof op te tree. Die hooffunksie van die hof is om appèlle vanaf een van die appèlhowe aan te hoor. Die hooggeregshof selekteer egter die sake wat hy wel sal aanhoor en dit is dan ook gewoonlik sake waarin 'n presedent vir latere sake geskep kan word. Indien die hooggeregshof die aansoek om appèl aanvaar, sit daar gewoonlik vyf tot sewe regters voor ten einde die aansoek aan te hoor. Alhoewel die indruk geskep word dat die *stare decisis*-beginsel in die howe toegepas word, is dit nie die geval nie. Regters in Swede pas die reg toe soos wat hulle dit interpreteer en word nie verplig om die presedenteleer na te volg nie. Daar word egter groot waarde aan vorige uitsprake van die hooggeregshof geheg en regters sal nie sommer van hierdie uitsprake afwyk nie (Terrill 1997: 191).

Daar is ses appèlhowe in Swede en elkeen se territoriale jurisdiksie is deur die kabinet voorgeskryf. Hierdie howe hoor appèlle vanaf die distrikshowe aan en kan ook in spesiale gevalle as howe van die eerste instansie funksioneer. Siviele sake word deur vyf regters beslis en strafsake deur drie regters en twee leke-assessore (Terrill 1997: 192).

Die distrikshowe is almal howe van die eerste instansie en hanteer ongeveer vyf en negentig persent van alle litigasie in Swede. Elke hof bestaan uit 'n hoofregter en 'n aantal assistent-regters. Siviele sake word deur drie of vier regters aangehoor en strafsake deur 'n regter en drie leke-assessore. Indien 'n tegniese aspek in 'n saak oorweeg word, word die regbank saamgestel uit regters en deskundiges op die spesifieke terrein (Terrill 1997: 192). Hierdie deskundiges kan vergelyk word met die professionele assessore wat in die Suid-Afrikaanse howe aangestel word.

6.4.4.2. Leke-assessore

Leke-assessore het reeds gedurende die dertiende eeu hulle verskyning in die Sweedse regstelsel gemaak. Albei partye betrokke by 'n geding moes ses persone aanwys wat as leke-regters sou optree. Al die tersaaklike getuienis wat betrekking het op die spesifieke saak moes deur die leke-regters ingesamel word. Die leke-regters het dan saam met wetstoepassers besluit oor die skuld of onskuld van die partye na aanleiding van die feitelike getuienis sowel as die mondelinge getuienis van die betrokke partye. Alhoewel die wetstoepassers gedurende die sewentiende

eeu deur professionele regters vervang is, het die gebruik van leke-regters behoue gebly. Vandag staan hierdie leke-regters as assessore bekend en hulle word as 'n belangrike verskynsel in die demokratiese politieke sisteem van Swede, beskou (Terrill 1997: 194).

Leke-assessore wat in die distrikshof optree word deur die stadsraad verkies terwyl die assessore wat in die appèlhof optree deur die streeksraad verkies word. Om as assessor verkies te kan word moet 'n persoon 'n Sweedse burger wees en onder die ouderdom van sewentig jaar. Alhoewel assessore vir 'n termyn van ses jaar aangestel word, sit hulle slegs ongeveer tien dae per jaar in die hof. Aangesien die ampstermyn van ses jaar verleng kan word, is daar assessore wat al 'n aantal jare in die hof deurgebring het en sodoende heelwat regskennis opgedoen het. Leke-assessore verdien nie 'n salaris nie maar ontvang wel 'n *per diem* toelaag (Terrill 1997: 195).

In distrikshowe word leke-assessore gebruik in strafsake en sake rakende familie-aangeleenthede. Die regbank word saamgestel uit een professionele regter en drie leke-assessore. In strafsake besluit die assessore saam met die regter oor regsvrae, feitevrae

en vonnisopsies. In appèlhowe bestaan die regbank in die geval van strafsake uit drie professionele regters en twee leke-assessore. Terrill (1997: 195) is van mening dat die effektiwiteit van die gebruikmaking van assessore deur die regter bepaal word. Leke-assessore stel gewoonlik vrae aan die regter rakende regspunte. Hulle respekteer egter die menings van die regters met wie hulle saamwerk. Sodoende kan die antwoord wat die regter aan die leke-assessor verskaf, 'n invloed op die uitslag van die saak hê.

6.4.4.3. Gevolgtrekking

In Swede word leke-assessore in sowel die appèlhof as die distrikshof aangestel vir die beregting van strafsake. Hierdie posisie verskil van die Suid-Afrikaanse posisie deurdat leke-assessore saam met die regter oor regsvrae, feitevrae en ook vonnisopsies besluit.

6.5. SAMEVATTING

Alhoewel heelparty lande van assessore gebruik maak, verskil die aanstellings in elkeen van die bespreekte lande van mekaar. Die rede hiervoor is dat elke land

sy eie regstelsel ontwikkel het om in sy unieke behoeftes te voorsien. In sommige regstelsels word slegs van leke-assessore gebruik gemaak en in ander weer slegs van professionel assessore. Dit blyk egter duidelik dat gemeenskapsbetrokkenheid, in watter mate ook al, noodsaaklik is in enige demokratiese regstelsel. Opvallend is egter die feit dat assessore in die meeste lande nie slegs vir 'n spesifieke saak aangestel word nie maar wel vir 'n vasgestelde periode. Die vraag ontstaan egter of hierdie leke aan die einde van byvoorbeeld 'n periode van vyf jaar, steeds as leke op die regsgebied beskou kan word.

HOOFSTUK 7

PENOLOGIESE OORSIG

7.1. INLEIDING

In die vorige hoofstukke is aandag geskenk aan die gebruikmaking van leke-assessore in die laerhowe. Leke word ook in die strafregsplegingstelsels van ander lande betrek (sien Hoofstuk 6 hierbo) en derhalwe is dit vir hierdie studie nodig om die gebruik van assessore in Suid-Afrika in penologiese perspektief te plaas. Dit impliseer 'n waardebepaling van die rol van leke-assessore na aanleiding van die vraag of die aanstelling van sulke persone wel 'n bydrae ten opsigte van dienstigheid in die regspleging kan lewer.

7.2. DIE WAARDE VAN LEKE-DEELNAME IN DIE STRAFREGSPLEGINGSTELSEL

Ten einde die penologiese waarde van die leke-assessor in die Suid-Afrikaanse regstelsel na reg te kon beoordeel, het die navorser dit nodig gevind om 'n beperkte aantal vraelyste (Bylae 1) onder regslui te verprei en ook om persoonlike onderhoude met

professioneel opgeleide regsbeamptes (Bylae 5) te voer. Veldwerkers (sien Bylae 2 tot 4) was behulpsaam met die verspreiding van die honderd-en-vyftien (115) vraelyste.

Deur die verspreiding van vraelyste kon waardevolle inligting rakende leke-deelname in die regstelsel verkry word van persone wat daagliks interaksie met leke-assessore het. Daar is geen vraelyste onder leke-assessore versprei nie. Die rasionaal is daarin geleë dat die navorser reeds geruime tyd voordat die studie 'n aanvang geneem het, kontak met die voorsitter van die leke-assessorekomitee gemaak het, maar hierdie kontakpersoon het ongelukkig geen belangstelling by die ondersoek getoon nie. Die navorser is bewus van hierdie leemte in die ondersoek maar terselfdertyd ook daarvan oortuig dat hierdie onvolledigheid nie 'n beduidende verskil aan die navorsingsresultate sou maak nie. Hierdie bewering word deur die volgende redes gestaaf:

* Eerstens is die vraelyste opgestel om vas te stel watter persone geskik is om as leke-assessore aangestel te word en of die aanstelling van hierdie persone wel bevorderlik is vir gesonde regspleging.

* Indien dit die bevinding is dat leke-assessore tans nie 'n positiewe bydrae tot die regspleging-stelsel lewer nie, moes daar in die tweede plek vasgestel word watter opleidingsmetodes vir assessore aangebied kan word ten einde te verseker dat hulle wel 'n positiewe bydrae tot die strafregspleging sal lewer.

Regslui het oor die algemeen 'n positiewe houding ten opsigte van die vraelyste geopenbaar aangesien hulle hul beywer vir 'n beter howesisteem. Die navorser wil dit beklemtoon dat hierdie studie slegs van beperkte omvang is en vraelyste derhalwe slegs by die volgende landdroskantore versprei is, naamlik Brits, Bronkhorstspruit, Potgietersrus, Pretoria-Noord, Rustenburg en Soshanguve.

7.3. EMPIRIESE NAVORSING

Vervolgens 'n evaluasie van die respondente se antwoorde op die vrae gestel in die vraelyste (Bylae 1) onder regslui versprei.

7.3.1. Respondente

Huidige amp		Diensjare		Kwalifikasies	
Landdros	36	Minder as een	9	LLM	4
Prokureur of		Een tot vyf	22	LLB	30
Staatsaanklaer	75	Vyf tot tien	48	B. Proc	40
Kantoorhoof	4	Tien tot vyftien	22	B. Iuris	41
		Meer as vyftien	14		
	N=115		N=115		N=115

Tabel 1: Huidige amp, diensjare en kwalifikasies van respondente

Die respondente wat in die ondersoek gebruik is, is almal persone wat professionele opleiding in die reg ontvang het. Die deursnee respondent beskik oor 'n B.Iuris of 'n B.Proc graad, dit wil sê 'n drie- of vierjarige regskwalifikasie, en is 'n landdros, prokureur of staatsaanklaer. Benewens hierdie kwalifikasie beskik dertig (26%) van die respondente ook oor 'n LLB-graad, met ander woorde 'n vyfjarige kwalifikasie. Kantoorhoofde is, waar moontlik, ook by die ondersoek betrek. Die rede hiervoor is dat, alhoewel die diskresie om assessore aan te stel by die voorsittende beampte berus, dit funksioneel die kantoorhoof se verantwoordelikheid is om die aanstelling van die leke-assessor waar te neem. Die meerderheid respondente (92%) beskik oor meer as een jaar regsondervinding. Soos gesien in Tabel 1 is daar slegs nege uit die honderd-en-vyftien (8%) respondente wat minder as een jaar ondervinding as beampte van die hof het.

Teenoor hierdie respondente wat geskool is in die reg staan die leke-assessore wat geen regsondervinding het nie. Die navorser wil graag hier terugverwys na Kotze (1995: 147) (4.2.5.hierbo) wat homself afvra hoekom 'n beskuldigde tevrede moet wees met 'n twyfelagtige regbank wat uit 'n meerderheid van leke saamgestel is, indien die beskuldigde volgens die Grondwet, 108 van 1996, die reg op 'n billike verhoor het. Aangesien dit die taak van assessore is om die hof behulpsaam te wees, behoort slegs persone wat opgelei is, hetsy in die reg of as assessor en derhalwe 'n positiewe bydrae tot die strafregspleging-stelsel kan lewer, as assessor aangestel te word.

7.3.2. Die aanstelling van leke-assessore en die dienstigheid vir die regspleging.

Die rasionaal met hierdie opname is om vas te stel of die aanstelling van leke-assessore werklik bevorderlik is vir gesonde regspleging. Respondente voel beslis oor hierdie aangeleentheid en kommentaar is onder andere as volg gelewer:

* *"Assessore is die oorsaak dat sake sloer in howe. Hulle weet niks wat in die howe aangaan nie en die regslui en die gemeenskap word as gevolg daarvan benadeel"*;

* *"Die gebruik van assessore ondermyn die onafhanklikheid van die regsprekende beampte";*
* *"Assessore is tans 'n vermorsing van staatsgeld";*
* *"Assessore veroorsaak 'n rompslomp en beslommernis en bevorder nie regspleging positief nie".*

Die volgende tabel (Tabel 2) wys op die aanstelling van assessore en die dienstigheid daarvan vir die regspleging.

Nr.	Stelling	Stem beslis saam	Stem saam	Onseker	Stem nie saam	Stem beslis nie saam	
1	Die belange van die regspleging kan ten beste deur professionele persone gedien word	107	8	0	0	0	N=115
2	Die gemeenskap b.w.v. assessore kan die belange die beste dien	0	14	16	46	39	N=115
3	Regsondervinding is noodsaaklik vir assessore	83	22	4	2	4	N=115
4	Hoë toelatingsvereistes behoort vir assessore gestel te word	69	34	4	2	6	N=115
5	Enige persoon behoort as assessor te kan optree	4	0	4	20	87	N=115
6	Assessore is voldoende opgelei	2	6	16	14	77	N=115
7	Assessore kan die regslui volkome assisteer	4	8	12	40	51	N=115
8	Opleiding aan assessore behoort gestandardiseerd te wees	45	56	8	2	4	N=115
9	Opleiding behoort 'n voorvereiste vir aanstelling te wees	81	26	2	2	4	N=115
10	Hoë akademiese kwalifikasies is nodig vir 'n assessor	39	40	14	16	6	N=115

Tabel 2: Die aanstelling van assessore en die dienstigheid daarvan vir die regspleging

Vyf-en-tagtig (74%) van die honderd-en-vyftien respondente is van mening dat die belange van die regspleging ten beste deur professionele assessore gedien kan word. Van die respondente het as volg hierop gereageer:

* *"Slegs regsgeleerdes dien as assessore aangewend te word";*
* *"Assessore met vaardigheid op 'n spesifieke gebied, byvoorbeeld die mediese veld, is die enigste assessore wat werklik 'n sinvolle inset by 'n verhoor kan lewer tydens die evaluering van getuienis".*

'n Stawing van díe uitgangspunt is te vind in 'n geregtelike doodsondersoek (no. 186 van 1995) te Rustenburg, waarin professor Laubscher, vroeër die Hoofstaatspatoloog, genader is om as assessor op te tree. In hierdie geregtelike doodsondersoek was die professionele bystand wat professor Laubscher aan die voorsittende beampte gelewer het, van onskatbare waarde.

Die meerderheid respondente is van mening dat regsondervinding noodsaaklik is vir die uitoefening van assessering deur middel van leke. Drie-en-tagtig (72%) van die respondente stem beslis met die

vertrekpunt saam terwyl twee-en-twintig (19%) saamstem. Een van die respondente sê die volgende hieroor, naamlik: *"Assessore kan slegs in 'n mate doeltreffend wees as hulle bestaan uit opgeleide regsgeleerdes".*

Rondom die vraag of hoë toelatingsvereistes vir assessore gestel behoort te word, het nege-en-sestig (60%) van die respondente beslis saamgestem terwyl vier-en-dertig (30%) saamstem. Insiggewend in díe geval het ses (5%) van die respondente beslis nie met die stelling saamgestem nie.

Sewe-en-tagtig (76%) van die respondente stem beslis nie saam en twintig (17%) stem nie saam met die stelling dat enige persoon as assessor kan optree nie, terwyl vier (3.5%) respondente met die stelling saamstem en die ander vier (3.5%) onseker is. Vir die navorser is die volgende opmerking ten opsigte van leke-assessore insiggewend: *"Leke-assessore behoort nie in howe gebruik te word nie. Enige persoon wat as voorsittende beampte of assessor in 'n hof optree moet opgelei wees en die nodige agtergrond hê. Tans kom baie van die assessore uit gemeenskappe waar "people's courts" aktief gebruik en toegepas word en waar beskuldigdes baie keer totaal onbillik*

verhoor en gevonnis word. Dit kan bydra daartoe dat onopgeleide assessore kan dink dat 'n beskuldigde skuldig moet wees want verskeie getuies sê so en die Polisie het hom dan mos gearresteer".

Oor die vraag of assessore tans voldoende opgelei word het sewe-en-sewentig (70%) van die respondente gereageer met 'n stem beslis nie saam nie en veertien (12%) met 'n stem nie saam nie. Insiggewend in hierdie geval is die sestien (14%) respondente wat onseker is, terwyl ses (5%) met hierdie stelling saamstem.

Op die vraag of assessore die regslui volkome kan assisteer het een-en-negentig (79%) van die respondente 'n negatiewe reaksie getoon. Veertig (35%) stem nie saam nie en een-en-vyftig (44%) stem beslis nie saam nie. Twaalf (10,5%) van die respondente is onseker terwyl twaalf (10,5%) se reaksie wissel tussen stem saam (agt ofte wel 7%) en stem beslis saam (vier ofte wel 3,5%). 'n Respondent het die volgende kommentaar hierop gelewer, naamlik: *"Assessore moet minstens 'n basiese kennis van die regspleging hê".*

By die stelling dat opleiding aan assessore gestandardiseerd behoort te wees het honderd-en-een (88%) van die respondente positief gereageer deurdat vyf-en-veertig (39%) beslis saamstem met die stelling en ses-en-vyftig (49%) saamstem. Agt (7%) van die respondente was onseker terwyl ses (5%) nie met die stelling saamgestem het nie. Uit hierdie ses respondente het twee (2%) gereageer met 'n stem nie saam nie en vier (3%) met 'n stem beslis nie saam nie.

Honderd-en-sewe (93%) van die respondente was van mening dat opleiding 'n voorvereiste vir die aanstelling van 'n assessor moet wees. Uit hierdie groep het een-en-tagtig (70,5%) gereageer met 'n stem beslis saam en ses-en-twintig (22,5%) met 'n stem saam. Twee (2%) van die respondente was onseker, terwyl twee (2%) gereageer het met 'n stem nie saam nie en vier (3%) met 'n stem beslis nie saam nie.

By die stelling of hoë akademiese kwalifikasies nodig is vir 'n assessor, het veertien (12%) van die respondente met 'n onseker gereageer. Ses (5%) van die respondente stem beslis nie saam met die stelling nie en sestien (14%) stem nie saam nie. Nege-en-sewentig (69%) van die respondente is egter van

mening dat hoë akademiese kwalifikasies wel nodig is vir die aanstelling van assessore. Uit hierdie persentasie respondente het nege-en-dertig (34%) gereageer met 'n stem beslis saam en veertig (35%) met 'n stem saam.

7.3.3. Oor watter kennis moet 'n assessor beskik?

Die afdeling wat moes bepaal oor watter kennis assessore moet beskik is in drie onderafdelings verdeel. Die eerste afdeling het betrekking op die assessor se kennis rakende hofprosedures. In die tweede afdeling is die belangrikheid van kennis ten opsigte van verskeie onderafdelings van die reg getoets. Laastens is die noodsaaklikheid van kennis oor verskillende aspekte van straf onder die loep geneem.

No	Kategorie	Baie belangrik	Belangrik	Onseker	Onbe-langrik	
1.1	Hofprosedures	75	36	0	4	N=115
1.2	Regsbegrippe	81	30	2	2	N=115
1.3	Eedaflegging	65	40	4	6	N=115
1.4	Hoorsêgetuienis	78	35	2	0	N=115
1.5	Regverdigheidsgronde	86	27	2	0	N=115
1.6	Onpartydigheid	99	16	0	0	N=115
2.1	Bewysreg	81	22	4	8	N=115
2.2	Strafprosesreg	78	23	4	10	N=115
2.3	Strafreg	79	24	6	6	N=115
2.4	Siviele prosesreg	60	24	12	19	N=115
3.1	Diversiteit van oortreders	59	44	4	8	N=115
3.2	Spektrum van moontlike strawwe	69	36	2	8	N=115
3.3	Oogmerke van straf	75	30	4	6	N=115
3.4	Strafoplegging	74	32	2	7	N=115
3.5	Gevolge van straf	75	32	2	6	N=115

Tabel 3: Aspekte waarvan assessore moet kennis dra

Uit die resultate weergegee in Tabel 3 is dit duidelik dat respondente van mening is dat assessore kennis moet dra van heelwat aangeleenthede wat in die howe aandag geniet. Vyf-en-sewentig (65%) van die respondente het aangedui dat kennis van hofprosedures baie belangrik is, terwyl ses-en-dertig (31%) dit as belangrik bestempel het. Insiggewend is die vier (4%) respondente wat van mening was dat kennis van hofprosedures onbelangrik is vir assessore.

Die meeste van die respondente (honderd-en-elf ofte wel 96%) bestempel ook kennis van regsbegrippe as noodsaaklik vir assessore. Uit hierdie groep het een-en-tagtig (70%) met 'n baie belangrik geantwoord

en dertig (26%) met 'n belangrik. Twee (2%) van die respondente was onseker terwyl twee (2%) van mening is dat assessore nie kennis hoef te dra van regsbegrippe nie.

Wat eedaflegging aanbetref het slegs ses (5%) van die respondente hierdie kategorie as onbelangrik beskou. Vier (3%) was onseker terwyl veertig (35%) met 'n belangrik geantwoord het en die ander vyf-en-sestig (57%) met 'n baie belangrik.

Dit is ook belangrik vir assessore om kennis te hê rakende hoorsêgetuienis. Dit word afgelei uit die honderd-en-dertien (98%) respondente wat positief op die stelling gereageer het. Uit hierdie groep het agt-en-sewentig (68%) gereageer met 'n baie belangrik en vyf-en-dertig (30%) met 'n belangrik. Die oorblywende twee (2%) respondente het met 'n onseker gereageer.

Regverdigheidsgronde skyn ook 'n belangrike kategorie te wees. Hier het twee (2%) respondente gereageer met 'n onseker, sewe-en-twintig (23%) met 'n belangrik en ses-en-tagtig (75%) met 'n baie belangrik.

Seker die belangrikste aspek waarvan assessore moet kennis dra is onpartydigheid. Dit word dan ook so deur die respondente aangedui deurdat nege-en-negentig (86%) geantwoord het met 'n baie belangrik en die oorblywende sestien (14%) respondente met 'n belangrik.

Oor die algemeen was respondente ook van mening dat assessore 'n grondige kennis moet hê aangaande die verskillende onderafdelings van die reg. In die kategorie bewysreg het een-en-tagtig (70%) respondente gereageer met 'n baie belangrik en twee-en-twintig (19%) met 'n belangrik. Vier (3%) van die respondente was onseker terwyl slegs die oorblywende agt (7%) respondente kennis oor die bewysreg as onbelangrik vir assessore beskou het.

Slegs tien (9%) van die respondente was van mening dat kennis van die strafprosesreg onbelangrik is vir assessore. Vier (3%) respondente was onseker terwyl die oorblywende honderd-en-een (87%) respondente dit as noodsaaklik beskou het. Hierdie groep is saamgestel uit agt-en-sewentig (68%) wat met 'n baie belangrik geantwoord het en drie-en-twintig (20%) wat met 'n belangrik geantwoord het.

Wat die strafreg aanbetref het ses (5%) respondente die mening gevorm dat dit onbelangrik is vir assessore en 'n verdere ses (5%) respondente was onseker. Vier-en-twintig (21%) respondente beskou kennis van die strafreg egter as belangrik en die oorblywende nege-en-sewentig (69%) ag dit as baie belangrik.

Aangesien leke-assessore meestal in strafsake aangewend word en 'n grondige kennis van die strafprosesreg derhalwe noodsaaklik is, was dit nogtans insiggewend dat respondente van mening is dat assessore ook oor 'n goeie kennis van die siviele prosesreg moet beskik. Sestig (52%) van die respondente het dan ook met 'n baie belangrik gereageer en vier-en-twintig (21%) met 'n belangrik. Twaalf (10%) respondente was onseker terwyl negentien (17%) dit as onbelangrik bestempel het.

Assessore moet ook 'n grondige kennis oor die verskillende strafaspekte hê. Wat die diversiteit van oortreders betref het nege-en-vyftig (51,5%) die mening gevorm dat kennis hieroor baie belangrik is terwyl vier-en-veertig (38,5%) dit as belangrik beskou het. Vier (3%) respondente was onseker terwyl

die oorblywende agt (7%) met 'n onbelangrik gereageer het.

Dit is belangrik dat assessore ook kennis moet dra van die moontlike strawwe wat deur die voorsittende beampte opgelê kan word. Nege-en-sestig (60%) van die respondente het hierdie kategorie dan ook as baie belangrik beskou en ses-en-dertig (31%) as belangrik. Twee (2%) was onseker en die oorblywende agt (7%) het hierdie kategorie as onbelangrik beskou.

Ses (5%) van die respondente is van mening dat assessore nie nodig het om kennis te dra van strafoogmerke nie terwyl vier (3%) onseker was. Die res van die respondente beskou dit egter as noodsaaklik deurdat dertig (26%) geantwoord het met 'n belangrik en vyf-en-sewentig (65%) met 'n baie belangrik.

Alhoewel vonnis die funksie van die voorsittende beampte is (3.5.2. hierbo), het honderd-en-ses (92%) van die respondente die mening gevorm dat dit belangrik vir assessore is om kennis oor strafoplegging te hê. Hierdie groep bestaan uit vier-en-sewentig (64%) respondente wat met 'n baie belangrik gereageer het en twee-en-dertig (28%) wat

met 'n belangrik gereageer het. Twee (2%) van die respondente was onseker terwyl sewe (6%) dit as onbelangrik getipeer het.

Assessore moet weet watter gevolge straf vir die oortreder sowel as sy familie inhou. Respondente het met die navorser saamgestem deurdat vyf-en-sewentig (65%) gereageer het met 'n baie belangrik en twee-en-dertig (28%) met 'n belangrik. Twee (2%) van die respondente was onseker terwyl die oorblywende ses (5%) dit as onbelangrik beskou het.

Van die respondente het die volgende menings oor die nodige kennis waaroor assessore moet beskik, gehuldig, naamlik:

* *"Opleiding vir assessore wat hul vertroud maak met hofprosedure, tipe strawwe en diversiteit van misdadigers is van uiterste belang. Leiding ten opsigte van strafproses, bewysreg en siviele proses kan meerendeels deur die voorsittende beampte gereguleer word, terwyl die mening of uitspraak van die assessore weer aandag kan geniet"*
* *"'n Assessor moet 'n goeie agtergrond hê ten opsigte van bewysregtelike, strafregstelike,*

strafprosesregtelike en vonnisopsies. Slegs so kan hy 'n landdros bystaan".

7.3.4. Beskik assessore tans oor voldoende kennis?

Nr.	Kategorie	Uitstekend	Goed	Gemiddeld	Swak	
1	Hofprosedures	1	7	18	89	N=115
2	Onderafdelings van die reg	0	8	8	99	N=115
3	Aspekte van straf	0	8	12	95	N=115

Tabel 4: Kennis van 'n assessor ten opsigte van die stellings gemaak in Tabel 3

Wat hofprosedures aanbetref was sleg een (1%) respondent van mening dat assessore oor uitstekende kennis beskik. Sewe (6%) was van mening dat 'n assessor se kennis rakende hofprosedures goed is terwyl agtien (15,5%) respondente die kennis van 'n assessor op hierdie gebied as gemiddeld beskou. Insiggewend is die nege-en-tagtig (77,5%) respondente wat assessore se kennis as swak brandmerk.

Alhoewel geen respondent van mening was dat 'n assessor uitstekende kennis rakende die verskillende onderafdelings van die reg openbaar nie, was daar tog diegene (agt ofte wel 7%) wat 'n assessor se kennis in hierdie verband as goed bestempel het. Agt (7%) van die respondente het die vraag met 'n onseker

geantwoord terwyl nege-en-negentig (86%) die assessor se kennis as swak bestempel het.

Vyf-en-negentig (83%) van die respondente is ook van mening dat 'n assessor se kennis oor verskillende aspekte van straf bra skraps is en het dit aangedui deur met 'n swak te antwoord. Twaalf (10%) van die respondente voel egter dat assessore se kennis gemiddeld is en agt (7%) beskou die kennis wat assessore in hierdie verband openbaar, as goed.

Van die respondente sê die volgende in hierdie verband naamlik:

* *"Assessore vervul tans 'n rol waarvoor hulle geen kennis of opleiding het nie. Ek sal nie 'n beskuldigde wil wees waar 'n leek met geen kennis of gevaarliker nog, gebrekkige kennis, beslis of 'n misdryf gepleeg is al dan nie"*
* *"Te veel oorredingskrag word aan 'n assessor gegee om 'n hof se bevinding omver te gooi terwyl hy nie weet waarop berus sekere bevindinge van 'n hof nie".*

Die afleiding wat die navorser hieruit maak is dat assessore oor heelwat kennis rakende regsaan-geleenthede moet beskik, maar dat hulle tans nie oor

die nodige kennis beskik nie en derhalwe nie 'n positiewe bydrae tot gesonde regspleging kan lewer nie.

7.3.5. Watter tipe opleiding, indien enige behoort assessore te ondergaan?

Daar is reeds by 7.3.2. (hierbo) gesien dat die meerderheid respondente dit eens is dat opleiding gestandardiseerd moet wees en ook as 'n voorvereiste moet geld om as assessor aangestel te word. Die doel met die plasing van vraag vyf in die vraelyste (sien Bylae 1) was om vas te stel watter kwalifikasie die mees toepaslike vir 'n assessor sal wees.

Nr.	Stelling	Ja	Onseker	Nee	
1	Deel van praktiese opleiding vir regsgraad	73	24	18	N=115
2	Matriek	75	20	20	N=115
3	Regsgraad	50	28	37	N=115
4	Graad / Diploma	40	44	31	N=115
5	Kursus spesiaal vir assessore ontwerp deur 'n tersiêre instelling	95	12	8	N=115

Tabel 5: Geskikte opleiding aan assessore

Drie-en-sewentig (63%) van die respondente was dit eens dat die opleiding wat assessore moet ondergaan deel moet vorm van die praktiese deel van 'n regsgraad. Vier-en-twintig (21%) van die respondente

was onseker terwyl agtien (16%) van mening was dat opleiding nie deel moet vorm van 'n regsgraad nie.

Op die stelling dat matriek die mees toepaslike kwalifikasie vir 'n assessor is, het twintig (17,5%) van die respondente met 'n nee gereageer, twintig (17,5%) met 'n onseker en vyf-en-sewentig (65%) met 'n ja.

Minder as die helfte van die repondente (vyftig ofte wel 44%) het die mening gehuldig dat assessore in besit van 'n regsgraad moet wees. Agt-en-twintig (24%) was onseker oor hierdie stelling terwyl sewe-en-dertig (32%) negatief op die stelling gereageer het.

Een-en-dertig (27%) van die respondente is ook van mening dat 'n ander graad of diploma nie die mees toepaslike kwalifikasie is waaroor assessore moet beskik nie. Vier-en-veertig (38%) was egter onseker terwyl veertig (35%) positief op die stelling geant-woord het.

By die stelling of 'n kursus spesiaal vir assessore onwerp moet word deur 'n tersiêre instelling het vyf-en-negentig (83%) van die respondente met 'n besliste

ja geantwoord. Twaalf (10%) van die respondente was onseker terwyl slegs agt (7%) respondente dit nie as die mees toepaslike kwalifikasie vir assessore beskou het nie.

Van die respondente sê die volgende hieroor:

* *"Indien leke-assessore behoorlik opgelei word en voldoende bygestaan word deur 'n landdros of regter, kan die stelsel moontlik slaag. Die assessore sal kennis moet hê van hofprosedures, strawwe, ensovoorts. 'n Gepaste kursus of praktiese opleiding sal meehelp met díe voorstel"*
* *"Opleiding in strafreg, bewysreg en prosesreg is noodsaaklik om verskeie begrippe - veral die bewyslas van bo redelike twyfel - by leke-assessore tuis te bring".*

'n Vraag wat onwillekeurig by 'n mens opkom is of 'n persoon wat opleiding ontvang het steeds as 'n leek op regsgebied beskou kan word? Die navorser wil hier graag terugverwys na die vorige hoofstuk (Hoofstuk 6) waarin die gebruik van assessore in die regstelsels van ander lande beskou is. In Engeland ondergaan die leke-magistrate (*justices of the peace*) 'n kort opleidingsperiode alvorens hulle in hul amp bevestig word. Aangesien hulle kennis van die reg baie skraps

is in vergelyking met die van die professioneel opgeleide magistrate, kan hulle wel nog as leke op regsgebied beskou word (6.4.1. hierbo). Die aandag moet egter daarop gevestig word dat hierdie sogenaamde leke-magistrate nie vir hul dienste vergoed word nie. Van die respondente is ook daarvan oortuig dat assessore bloot om finansiële redes optree, en een van die respondente sê die volgende hieroor: *"Dit word ondervind dat by die meeste persone wie as leke-assessore aangestel word, dit nie gaan oor die diens wat hul verrig nie, maar wel oor die geld wat die Staat hulle betaal. Daar is assessore wie geen ander werk doen nie en bloot leef vanaf die fooie wat hul betaal word"*.

Uit die antwoorde van die respondente kon die navorser die mening vorm dat leke-assessore minstens met die hofstruktuur en hofreëls vertroud moet wees en derhalwe daarin opleiding sal moet ontvang. Die navorser is verder van mening dat persone wat werklik as leke-assessore wil optree ten einde 'n positiewe bydrae tot die regspleging te lewer, geen beswaar daarteen sal hê om opleiding te ontvang ten einde hul taak behoorlik te kan uitvoer nie. Oor hierdie persone se *bona fides* en opregtheid bestaan daar geen twyfel nie. Persone vir wie dit egter bloot om

finansiële gewin gaan sal deur 'n vereiste opleidingsprogram afgeskrik word.

7.3.6. Artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, Wet 32 van 1944 (soos gewysig)

Subartikel 2(*a*) van artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944 bepaal dat:

"By die oorweging of die aansegging van assessore kragtens subartikel (1) dienstig vir die regspleging sal wees, neem die regterlike amptenaar-

(i) **die kulturele en maatskaplike omgewing waaruit die beskuldigde afkomstig is;**

(ii) **die opvoedkundige agtergrond van die beskuldigde;**

(iii) **die aard en erns van die misdryf wat die beskuldigde ten laste gelê word of waaraan hy skuldig bevind is;**

(iv) **die omvang of waarskynlike omvang van die straf waaraan die beskuldigde by skuldigbevinding sal blootstaan of, na gelang van die geval, blootstaan;**

(v) **enige ander aangeleentheid of omstandigheid wat na sy oordeel op die wenslikheid van die aansegging van 'n assessor of assessore mag dui,**

in aanmerking en kan hy die beskuldigde met betrekking tot die aangeleenthede in hierdie paragraaf bedoel, ondervra.

Ten einde die ooreenkomste tussen die assessor en die beskuldigde te kan peil, is respondente aan die volgende stellings blootgestel.

No.	Stelling	Ja	Onseker	Nee	
1	Assessor en beskuldigde moet dieselfde huistaal hê	47	12	56	N=115
2	Assessor moet in dieselfe omgewing as die beskuldigde woon	35	24	56	N=115
3	Assessor en beskuldigde moet aan dieselfde kultuurgroep behoort	55	14	46	N=115
4	Assessor en beskuldigde moet in dieselfde ouderdomsgroep val	11	8	96	N=115
5	Assessor moet dieselfde geslag as die beskuldigde wees	17	16	82	N=115

Tabel 6: Ooreenkomste tussen die assessor en die beskuldigde

By die stelling dat 'n assessor dieselfde huistaal as die beskuldigde moet besig, het sewe-en-veertig (41%) van die respondente positief geantwoord terwyl twaalf (10%) onseker was. Insiggewend is die ses-en-vyftig (49%) wat met 'n nee geantwoord het.

Vyf-en-sestig (49%) van die respondente was ook van mening dat assessore nie in dieselfde omgewing as die beskuldigde hoef te woon nie. Vier-en-twintig (21%) was egter nie seker hieroor nie terwyl vyf-en-dertig (30%) dit wel as noodsaaklik beskou het.

Op die stelling dat 'n beskuldigde en 'n assessor aan dieselfde kultuurgroep moet behoort, het vyf-en-vyftig (48%) respondente met 'n ja gereageer, ses-en-veertig (40%) met 'n nee en veertien (12%) met 'n onseker.

Die navorser was aanvanklik van mening dat 'n assessor, buiten die kriteria wat in artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, gestel word, ook van dieselfde geslag en ouderdomsgroep as die beskuldigde moet wees. Die rede hiervoor is dat so 'n assessor hom beter in die posisie van die oortreder sal kan stel. Die belange van die oortreder word dus eerste gestel. Respondente het egter van die navorser verskil op hierdie punte. Die rede hiervoor is dat die belange van die regspleging voorkeur moet geniet en nie die belange van die oortreder of beskuldigde nie.

Wat ouderdomsgroep aanbetref het slegs elf (10%) van die respondente met 'n ja gereageer terwyl ses-en-negentig (83%) met 'n nee gereageer het. Die oorblywende agt (7%) respondente was onseker.

Ook by die stelling dat 'n assessor en 'n beskuldigde van dieselfde geslag moet wees, het twee-en-tagtig (71%) respondente negatief gereageer terwyl slegs sewentien (15%) respondente positief geantwoord het. Die oorblywende sestien (14%) respondente was onseker.

Van die respondente laat hulle as volg oor hierdie punt uit:

* *"Assessors should not imagine where the accused lives and how he lives. He should have the entense knowledge and experience of the socio-political and economic circumstances of the accused or defendant and he shall be able to understand what it means for the accused to have done what he might have done in that matter of dispute"*
* *"Assessore moet slegs aangestel word in sake waarin die omstandighede of getuienis of beskuldigde se optrede geaffekteer deur 'n aspek waarin die voorsittende beampte nie genoegsame*

inligting of ervaring aangaande daardie aspek het nie byvoorbeeld waar kultuurpraktyk die aangeleentheid affekteer of 'n rol speel".

Alhoewel die belange van die oortreder dus wel in ag geneem moet word, sal dit nie noodwendig bevorderlik vir gesonde regspleging wees nie. Daar word derhalwe aanbeveel dat daar eerder van meer ervare persone in die gemeenskap gebruik gemaak moet word om as assesore te dien eerder as om die belange van die oortreder voorop te stel.

7.3.7. Gemeenskapsbetrokkenheid in die regspleging-stelsel

Die doel met die inwerkingstelling van artikel 93*ter* van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, was om gemeenskapsbetrokkenheid in die hand te werk. Alhoewel die navorser met die wetgewer saamstem dat die gemeenskap by regspleging betrek moet word, behoort dit op ander gebiede as in die howe toepassing te vind.

Die gemeenskap word dan ook reeds op ander gebiede as die howe by die strafregsplegingstelsel betrek. So is reserviste byvoorbeeld die polisiemag behulpsaam

met misdaadbekamping. Dit is van belang om daarop te let dat reserviste geen vergoeding vir hul dienste ontvang nie. Die vraag of persone wat as leke-assessore wil optree steeds hul dienste sal aanbied indien hulle geen vergoeding daarvoor ontvang nie kom onwillekeurig by 'n mens op. Daar behoort ook nie 'n onderskeid getref te word tussen die tipe gemeenskapsbetrokkenheid deur sommige persone vir hul dienste te vergoed en ander nie. Die navorser is van mening dat persone wat werklik die regspleging wil dien eerder betrek kan word by die herinskakeling van oortreders na vrylating in die gemeenskap en sodoende hul positiewe bydrae lewer eerder as om op die formele struktuur van die howe inbreuk te maak.

'n Tweede aspek by gemeenskapsbetrokkenheid wat aangespreek moet word is of assessore werklik as verteenwoordigend van die gemeenskap beskou kan word. Sit ons nie hier met dieselfde situasie as wat destyds die geval met jurielede was nie, naamlik dat jurielede nie verteenwoordigend van die breëre gemeenskap was nie (3.3.2. hierbo). Daar is ook van die respondente wat van mening is dat die assessore-stelsel net 'n ander vorm van die juriestelsel is, naamlik:

* *"Ons probeer die wiel herontwerp - as die juriestelsel nie kon slaag nie hoekom sal assessore slaag."*
* *"Ongekwalifiseerde assessore sal basies tot 'n vorm van die juriestelsel aanleiding gee en van ons regstelsel net so 'n sirkus maak soos byvoorbeeld Amerika".*

7.4. AANBEVELINGS

In 'n ondersoek van hierdie aard moet die navorser aan die hand van die beskikbare en geraadpleegde literatuur tot sekere afleidings en gevolgtrekkings kom. Hieruit volg logies dat bepaalde aanbevelings ten opsigte van die onderwerp gemaak kan word ten einde die assessorestelsel meer aanvaarbaar te maak en ruimte te skep vir verdere navorsing en opskerping.

7.4.1. Opleiding

Die navorser wil ten sterkste aanbeveel dat daar gestandardiseerde opleiding aan leke-assessore verskaf moet word, ten einde te verseker dat hierdie persone wel 'n positiewe bydrae tot strafregspleging kan lewer. Alhoewel daar persone sal wees wat teen

hierdie voorstel gekant sal wees, is daar met die empiriese navorsing duidelik bewys dat assessore tans nie hul taak met welslae kan vervul nie omrede hulle nie oor voldoende kennis beskik nie. Dit is derhalwe in die belang van gesonde regspleging dat leke-assessore 'n tipe opleiding moet ontvang.

7.4.2. Kurrikulum

'n Opleidingsprogram moet deur 'n tersiêre instelling opgestel en aangebied word en behoort minstens die volgende in te sluit:

(i) 'n basiese kennis van die aard en omvang van die milieu waarin 'n persoon hom bevind wanneer hy as leke-assessor optree.

(ii) Uit die empiriese navorsing het dit geblyk dat ook sommige regsvakke aangepreek behoort te word. Hierdie vakke is:

* die bewysreg
* die strafreg
* die prosesreg

7.4.3. Bemarking

In die eerste plek moet die gemeenskap daarvan bewus gemaak word dat hulle as leke-assessore in die howe

kan optree na die ondergaan van die voorgeskrewe kursus. Buiten dat groter gemeenskapsbetrokkenheid bevorder word, word ook werkskepping hierdeur teweeg gebring. Seminare behoort ook by landdroskantore gereël te word ten einde die funksionering van die leke-assessorestelsel herbekend te stel en 'n positiewe gevoel aangaande die aanwending van leke by regslui teweeg te bring. Ook regstudente behoort beter ingelig te word oor die gebruik van leke-assessore en hoekom dit in belang van regspleging sal wees om hierdie persone op 'n regsbank toe te laat. Studente behoort gedurende hul kursus in Strafproses-reg oor assessore toegespreek te word, aangesien studente wat ondervra is, nie eers geweet het wat 'n assessor is nie (In privaatgesprekke met huidige regstudente).

7.4.4. Voorgestelde program

Dit is imperatief dat leke-assessore na die deurstaan van 'n opleidingsprogram die volgende vrae moet kan beantwoord en derhalwe moet die program so ontwerp word dat 'n leke-assessor wel antwoorde op hierdie vrae verkry, naamlik:

* watter rol speel ek in die hof?
* hoe kan ek die regsproses positief bevorder?

* wat word van my as leke-assessor verwag?

Die navorser wil graag die volgende riglyne neerlê wat gebruik kan word by die opstelling van 'n opleidingsprogram vir leke-assessore.

7.4.4.1. Algemeen

Onder die algemene of inleidende deel van die kursus moet assessore ingelig word oor hul doel en funksie by die verhoor. Dit is belangrik dat die assessor ook ingelig word oor hofetiket soos byvoorbeeld kleredragvoorskrifte.

7.4.4.2. Bewysreg

In hierdie deel van die kursus moet die leke-assessor ingelig word omtrent die basiese beginsels van die bewysreg. Aan die einde van hierdie onderafdeling moet hy seker wees op wie die bewyslas telkens sal rus.

7.4.4.3. Diversiteit van oortreders

Dit is belangrik dat assessore sal weet dat elke oortreder as 'n individu gesien en behandel moet

word. Slegs in so 'n geval kan werklik gepraat word van die uitoefening van strafindividualisasie.

7.4.4.4. Strafreg

In hierdie afdeling is veral 'n kennis rakende die regverdigheidsgronde van belang vir 'n leke-assessor.

7.4.4.5. Straf en die gevolge daarvan

Omrede straf 'n groot invloed op die wese van die beskuldigde kan uitoefen behoort assessore vertoud te wees met die verskillende tipes straf en ook die moontlike gevolge wat straf vir die oortreder sowel as sy familie inhou. Hierdie deel van die kursus kan ook 'n praktiese gedeelte insluit waar assessore byvoorbeeld besoek kan aflê by gevangenisse.

7.4.4.6. Prosesreg

Sowel die siviele- as die strafprosesreg moet kortliks behandel word. Die belangrikste aspek wat hier behandel moet word is onpartydigheid.

7.4.4.7. Samevatting

Uit die bogenoemde kan daar dus afgelei word dat assessore kennis moet dra van 'n groot hoeveelheid aspekte van die regsplegingstelsel. Die voordeel van opleiding is dat assessore nie net vir een of twee sake gebruik gaan word nie maar meermale aangewend gaan word. Sodoende word die assessor se geheue met betrekking tot wat hy in die kursus geleer het voortdurend verfris. So 'n persoon kan dan met groot sukses in die regsplegingstelsel geïnkorporeer word.

7.5. SLOT

Indien daar opleiding aan leke-assessore verskaf word sal dit nie net tot voordeel van die voorsittende beampte en ander persone betrokke by strafregspleging wees nie maar ook tot voordeel van die assessor. Die rede hiervoor is dat 'n opleidingsprogram groter selfvertroue by die leke-assessor tot gevolg sal hê wanneer hy nie onnodige vrae aan die voorsittende beampte hoef te stel nie. Die navorser voorsien dat 'n beter howesisteem op hierdie manier geskep kan word en slegs dan kan daar aanvaar word dat die aanwending van leke-assessore dienstig vir die regspleging is. Dit bly die begeerte van almal binne die strafregsplegingstelsel dat die stelsel sal

voldoen aan alle aspekte wat die suiwerheid van die reg sal nastreef.

BIBLIOGRAFIE

1. BOEKE

Bekker, P.M. 1988. Assessore in Suid-Afrikaanse Strafsake. Huldigingsbundel vir WA Joubert. Durban: Butterworths

Black, M.A. 1979. Black's Law Dictionary. St. Paul Minn.: West Publishing Co.

Cairns, W. & Mc Keon, R. 1995. Introduction to French Law. London: Cavendish

Dadomo, C. & Farran, S. 1996. The French Legal System. London: Sweet & Maxwell

De Vos, W. 1992. Regsgeskiedenis. Kaapstad: Juta

Doherty, O. 1990. Criminal Procedure in Nigeria: Law and Practice. London: Blackstone

Du Toit, E. 1981. Straf in Suid-Afrika. Kenwyn: Juta

Ebke, W.F. & Finkin, M.W. 1996. Introduction to German Law. The Hague: Kluwer

Hiemstra, V.G. 1967. Suid-Afrikaanse Strafproses. Durban: Butterworths

Hiemstra, V.G. 1987. Suid-Afrikaanse Strafproses. (4e uitg) Durban: Butterworts

Hosten, W.J., Edwards, A.B., Nathan, C., Bosman, F. 1977. Introduction to South African Law and Legal Theory. Durban: Butterworths

Joubert, J.J. 1998. Strafprosesreg-handboek. (3e uitg) Kenwyn: Juta

Kriegler, J. 1993. HIEMSTRA: Suid-Afrikaanse Strafproses. (5e uitg) Durban: Butterworths

Lansdown, A.V. & Campbell, J. 1982. South African Criminal Law and Procedure. (Vol. V) Cape Town: Juta

Lesser, M.A. 1894. The historical development of the Jury System. Rochester, N.Y.: The Lawyers' co-operative publishing co.

Odendal, F.F., Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J., Booysen, C.M. 1944. Verklarende

Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. (3e uitg) Midrand: Perskor

Snyman, J.L. & Morkel, D.W. 1988. Strafprosesreg. (2e uitg) Kaapstad: Juta

Spooner, L. 1852. An essay on the trial by Jury. Boston: John P Jewett and co.

Swift, I.L. 1957. Strafprosesreg van Suid-Afrika. Durban: Butterworths

Terrill, R.J. 1997. World Criminal Justice Systems. (3rd ed) Cincinnati: Anderson publishing co.

Van Zyl, D.H. 1979. Geskiedenis van die Romeins-Hollandse Reg. Durban: Butterworths

Van Zyl, D.H. 1981. Beginsels van Regsvergelyking. Durban: Butterworths

Van Zyl, F.J. & Van Der Vyver, J.D. 1982. Inleiding tot die Regswetenskap. (2e uitg) Durban: Butterworths

Venter, F., Van Der Walt, C.F.C., Van Der Walt, A.J., Pienaar, G.J., Olivier, N.J.J., Du Plessis, L.M.

1990. Regsnavorsing. Metode en Publikasie. Kaapstad: Juta

2. TYDSKRIFARTIKELS

Anoniem. 1906. Trial by Jury-Is it out of date? South African Law Journal. Vol. 23

Chubb, J.A. 1956. Some notes on the Commonwealth and Empire Law Conference, 1955, and an address on the Jury System. South African Law Journal. Vol. 73

Coetzer, J.P.J. 1992. Die juriestelsel in 'n veelrassige samelewing. Consultus. Vol. 15

Coetzer, J.P.J. 1991. Legitimering van die regstelsel / Legitimising the legal system. Consultus. Vol. 14

De Wet, J.C. 1958. Die Romeins-Hollandse reg in Suid-Afrika na 1806. Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg. Jaargang 21

De Wet, J.C. 1958. "Nederlandse" reg in Suid-Afrika. Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg. Jaargang 21

Du Plessis, Renette. 1990. Die werking en die belang van die juriestelsel. Codicillus. Vol. 31 no. 1

Kotzé, L.C. 1995. Aansegging van assessore ingevolge artikel 93*ter* Wet 32 van 1944. Die Landdros / The Magistrate. Vol. 30 no. 4

Kotzé, L.C. 1994. Die rol van assessore in die landdroshof ingevolge artikel 93*ter* van Wet 32 van 1944. Die Landdros / The Magistrate. Vol. 29 no. 4

Kruger, C.J.H. 1995. Die rol van assessore tydens die beregting van 'n strafsaak in 'n landdroshof. Die Landdros / The Magistrate. Vol. 30 no. 2

Lamprecht, A.A. 1995. Die rol van assessore in die laerhof: Feite- of regsvraag? Die Landdros / The Magistrate. Vol. 30 no. 1

Louw, F.J.J. 1995. Assessore - 'n woord met baie esse. Die Landdros / The Magistrate. Vol. 30 no. 3

Maile, S.D. 1994. Sequester the jury permanently. Die Landdros / The Magistrate. Vol. 29 no. 1

Otlhogile, B. 1994. Assessors and the Administration of Justice in Botswana. Botswana Notes and Records. Vol. 26

Richings, F.G. 1976. Assessors in South African Criminal Trials. Criminal Law Review.

Swanepoel, J.P. 1990. 'n Blik op onbekwaamheid, onttrekking en ontslag van 'n assessor. South African Journal of Criminal Justice. Vol. 3

Watney, M.M. 1992. Assessore in die laerhof. Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse reg. Vol. 55

3. VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE

Cilliers, C.H. 1980. Lyfstraf: Geskiedkundige ontwikkeling en penologiese perpektief. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria

Jansen Van Vuuren, J.W. 1992. Beveiliging in die plaaslike owerheidsektor. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika

Smith, P.R. 1971. Die manlike Kleurlingoortreder in die stad - 'n vergelykende kriminologiese ondersoek. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria

Steyn, D.G. 1958. Gevangenisorganisasie en -beleid in Suid-Afrika. Gepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria

Van Der Walt, P.J. 1954. 'n Uiteensetting van die grondslae van die misdaadsosiologie, met besondere aandag aan die Suid-Afrikaanse misdaadstatistiek en die sosiologiese klassifikasie van misdade. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria

4. AMPTELIKE VERSLAE

Debatte van die Parlement (Hansard). Derde sessie - negende Parlement. (1 Februarie tot 21 Junie 1991).

Inhoudsopgawe van Debatte. Tweede sitting - twaalfde Parlement. (Sesde Senaat). 1959. (Vrydag 23 Januarie tot Woensdag 1 Julie).

5. NOTAS

Anoniem 1. Assessore in die laerhowe. (No: 123) Pretoria: Justisie Kollege

Anoniem 2. Handleiding: Leke Assessore in die Landdroshof. Potgietersrus: Landdroste

6. VONNISLYS

Campbell v Hall 1774 1 Cowper 204; 98 ER 1045

Geregtelike doodsondersoek no. 186 van 1995, Rustenburg

R v Blom 1939 AD 188

R v Krasner 1950 (2) SA 475 (A)

R v Mabaso 1952 (3) SA 521 (A)

R v Mati and Others 1960 (1) SA 304 (A)

R v Mthembu 1959 (4) SA 129 (N)

R v Price 1955 (1) SA 219 (A)

S v Baleka (4) 1988 (4) SA 688 (T)

S v Bosman 1988 (2) SA 485 (A)

S v Chaane 1978 (2) SA 891 (A)

S v Gqeba and Others 1989 (3) SA 712 (A)

S v Hendricks 1995 (2) SASV 177 (A)

S v Malinde and Others 1990 (1) SA 57 (A)

S v Malinga 1987 (3) SA 490 (A)

S v Masuku and Others 1985 (3) SA 908 (A)

S v Matsego and Others1956 (3) SA 411 (A)

S v Mayekiso 1996 (1) SASV 510 (K)

S v Mhlongo 1991 (2) SASV 207 (A)

S v Talane 1986 (3) SA 196 (A)

7. WETGEWING

7.1. Wette, Ordonnansies en Proklamasies voor Uniewording

First Charter of Justice: 1827

Second Charter of Justice: 1832

Kaap: Ordonnansie 40 van 1828

Kaap: Ordonnansie 72 van 1830

Kaap: Proklamasie van 24 Julie 1797

Transvaal: Drie-en-dertig Artikels 1844

Transvaal: Grondwet 1858

Transvaal: Proklamasie 14 van 1902

7.2. Suid-Afrikaanse wetgewing na Uniewording

Algemene Regswysigingswet, 1935 (Wet 45 van 1935)

Grondwet, 1996 (Wet 108 van 1996)

Strafproseswet, 1955 (Wet 56 van 1955)

Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977)

Tussentydse Grondwet, 1993 (Wet 200 van 1993)

Verdere Wysigingswet op die Strafreg, 1959 (Wet 75 van 1959)

Vrouejurie-wet, 1931 (Wet 20 van 1931)

Wet op de Kriminele Procedure en Bewijslevering, 1917 (Wet 31 van 1917)

Wet op die Afskaffing van Juries, 1969 (Wet 34 van 1969)

Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944)

Wet op Oproerige Byeenkomste, 1914 (Wet 27 van 1914)

Wysigingswet op Kriminele Prosedure en Juries, 1954 (Wet 21 van 1954)

Wysigingswet op Landdroshowe, 1991 (Wet 118 van 1991)

7.3. Nie-Suid-Afrikaanse wetgewing

7.3.1. Botswana

Amendment 22 of 1935

Botswana High Court Act

S11 Proclamation of 10 June 1891

7.3.2. Duitsland

Gerichtsverfassungsgesetz: 1877

7.3.3. Engeland

Zuid-Afrika Wet 1909 (9 Edw 7 c 9)

BYLAE 1

VERTROULIK

VRAELYSTE AAN BEAMPTES VAN DIE HOF OM DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE AANSEGGING VAN ASSESSORE IN DIE LAERHOF TE PEIL

Hierdie projek word ondersteun deur die Universiteit van Suid-Afrika
Departement Penologie

U BYDRAE IS VAN DEURSLAGGEWENDE BEALNG VIR ELKE PERSOON BETROKKE BY STRAFREGSPLEGING

BEANTWOORD ASSEBLIEF ALLE VRAE DEUR SLEGS EEN KRUISIE (X) TE MAAK IN DIE TOEPASLIKE BLOKKIE BY ELKE VRAAG SOOS DIT NA U MENING OP U PERSOONLIKE VAN TOEPASSING IS.

U naam en adres word nie verlang nie.
Alle inligting sal as streng vertroulik behandel word.
Beantwoord asseblief al die vrae.

1. PERSOONLIKE BESONDERHEDE

1. Huidige amp

Landdros	Prokureur / Aanklaer	Kantoorhoof

2. Hoeveel jare diens het u as beampte van die hof?

Minder as 1	1-5	5-10	10-15	Meer as 15

3. Wat is u hoogste opvoedkundige kwalifikasie?

LLM	LLB	B.Proc	B.Iuris

2. IN WATTER MATE STEM U SAAM?

		stem beslis saam	stem saam	onseker	stem nie saam nie	stem beslis nie saam nie
1	Die belange van die regspleging kan ten beste deur professionele persone gedien word					
2	Die gemeenskap b.w.v. assesore kan die belange die beste dien					
3	Regsondervinding is noodsaaklik vir assessore					
4	Hoë toelatingsvereistes behoort vir assessore gestel te word					
5	Enige persoon behoort as assessor te kan optree					
6	Assessore is voldoende opgelei					
7	Assessore kan die regslui volkome assisteer					
8	Opleiding aan assessore behoort gestandardiseerd te wees					
9	Opleiding behoort 'n voorvereiste vir aanstelling te wees					
10	Hoë akademiese kwalifikasies is nodig vir 'n assessor					

3. HOE BELANGRIK IS KENNIS TEN OPSIGTE VAN DIE VOLGENDE VIR 'N ASSESSOR?

	baie belangrik	belangrik	onseker	onbe-langrik
1 Hofprosedures				
Regsbegrippe				
Eedaflegging				
Hoorsêgetuienis				
Regverdigheidsgronde				
Onpartydigheid				
2 Bewysreg				
Strafprosesreg				
Strafreg				
Siviele prosesreg				
3 Diversiteit van oortreders				
Spektrum van moontlike strawwe				
Oogmerke van straf				
Strafoplegging				
Gevolge van straf				

4. HOE OORDEEL U DIE KENNIS VAN 'N ASSESSOR OOR DIE ALGEMEEN TEN OPSIGTE VAN DIE PUNTE GENOEM BY VRAAG NOMMER 3?

	Uitstekend	Goed	Gemiddeld	Swak
1				
2				
3				

5. WATTER KWALIFIKASIE IS NA U MENING DIE MEES TOEPASLIKE VIR 'N ASSESSOR?

	Ja	Onseker	Nee
1 Deel van praktiese opleiding vir regsgraad			
2 Matriek			
3 Regsgraad			
4 Graad/Diploma			
5 Kursus spesiaal vir assessore onwerp deur tersiêre instelling			

6. DINK U 'N ASSESSOR MOET:

	Ja	Onseker	Nee
1 Dieselfde huistaal as die beskuldigde hê			
2 In dieselfde omgewing as die beskuldigde woon			
3 Aan dieselfde kultuurgroep as die beskuldigde behoort			
4 Min of meer dieselfde ouderdom as die beskuldigde wees			
5 Van dieselfde geslag as die beskuldigde wees			

7. KOMMENTAAR

_____

_____

_____

_____

_____

_____

BYLAE 2

Die Hoofstaatsaanklaer
Pretoria Landdroskantoor
Privaatsak x
Pretoria
0001

17 Maart 1998

Geagte Meneer / Mevrou

NAVORSING: AANSEGGING VAN LEKE-ASSESSORE IN DIE LAERHOF

U word by voorbaat hartlik bedank vir u samewerking aangesien die navorsing nie daarsonder suksesvol afgehandel sal kan word nie.

Respondente moet daarop attent gemaak word dat die ondersoek slegs betrekking het op die aansegging van leke-assessore.

Dit is absoluut noodsaaklik dat alle vraelyste wat uitgedeel is, weer ingeneem moet word. U word versoek om asseblief nie die vraelyste individueel terug te stuur nie, maar om eers al die vraelyste te versamel en dit as 'n eenheid terug te stuur. Ten einde anonimiteit te verseker kan individuele beamptes dit in 'n verseëlde koevert plaas.

'n Vraelys moet ook aan die betrokke Kantoorhoof oorhandig word vir voltooiing.

U word vriendelik versoek om vir kontroledoeleindes die meegaande vorm saam met die vraelys aan my terug te besorg.

Opregte dank vir u samewerking.

A. Pretorius

BYLAE 3

A Pretorius
Posbus 16461
Pretoria-Noord
0116

Verantwoordelike persoon:

Van en voorletters.....
Plek.....
Telefoonnommer.....

Vraelyste:

Aantal versprei.....
Aantal terug ontvang.....
Rede vir verskil.....

(L.W. Alle vraelyste moet asseblief teruggestuur word.)

Handtekening

BYLAE 4

18 April 1998

Geagte respondent

NAVORSING: AANSEGGING VAN LEKE-ASSESSORE IN DIE LAERHOF

Ek is tans besig met 'n MA-verhandeling oor die rol van assessore en meer spesifiek die leke-assessor, in die landdroshof.

Beamptes van die hof spreek heelwat kritiek uit teen die aanwending van leke-assessore in die laerhof. Dit wil egter voorkom asof assessore gekom het om te bly. Dus moet daar na ander metodes gekyk word om die aanstelling van assessore meer aanvaarbaar te maak vir regslui.

Met die aangehegte vraelys beoog die navorser om eerstens vas te stel op watter gebiede daar probleme met assessore ondervind word en tweedens of enige opleiding die probleme kan oorbrug. Enige voorstelle vanaf u kant sal waardeer word en kan onder punt 7 (kommentaar) aangestip word.

Respondente word daarop attent gemaak dat die ondersoek slegs betrekking het op die aanwending van leke-assessore.

Alle inligting sal as vertroulik behandel word.

U word by voorbaat hartlik bedank vir u samewerking aangesien die navorsing nie daarsonder suksesvol afgehandel sal kan word nie.

A. Pretorius

BYLAE 5

ONDERHOUDE IS MET DIE VOLGENDE PERSONE GEVOER:

1. Prof PM Bekker
2. Mnr Delmont
3. Mnr P Hitchcock
4. Mnr P Nel
5. Mnr MJ Rynders
6. Dr HCAW Schulze
7. Mnr R Slabbert
8. Mnr H Taljaard
9. Mnr A Weideman